

Artikel 206(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, bepaal dat die Kabinetsminister wat vir polisiëring verantwoordelik is die nasionale polisiëringsbeleid moet bepaal, na konsultasie met die provinsiale regerings, en met inagneming van die provinsies se behoeftes en prioriteite soos deur die provinsiale uitvoerende gesag geïdentifiseer.

Vrywaring

Die Engelse weergawe van hierdie verslag word as die amptelike teks beskou. Die Departement aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.

Disclaimer

The English version of this report is regarded as the official text. The Department cannot be held liable for any misinterpretations that may have occurred during the translation process.

Inkcazo

Inguqulelo yesiNgesi yale ngxelo ithathwa njengeyona isebenza ngokusesikweni. Isebe alinakubekwa tyala, ngazo naziphi na iziphoso ezengathi zibe khona ngxesha lenguqulelo yezinye iilwimi.

Hierdie verslag van Polisiëringsbehoefte en Prioriteite (PBP) is deur die Sekretariaat: Veiligheid en Sekuriteit, Departement van Gemeenskapsveiligheid saamgestel.

Om bykomstige kopieë van hierdie dokument te verkry, skakel asseblief met:

Die Hoof van die Departement van Gemeenskapsveiligheid
Posbus 5346, Kaapstad, 8000, Suid-Afrika
Tel: +27-21-483 5590, Faks: +27-21-483 3970

ISBN: 978-0-620-49617-9
PRN: 209/2011

INHOUDSOPGAWE

DEEL EEN: ALGEMENE INLIGTING	1
Erkennings	4
Lys van grafieke en tabelle	5-6
Afkortings	7
Voorwoord deur die Minister van Gemeenskapsveiligheid – Wes-Kaap Provinsie	8
Voorwoord deur die Departementshoof van die Departement van Gemeenskapsveiligheid	9
DEEL TWEE: BEKNOpte OORSIG	10
Beknopte oorsig	11-15
DEEL DRIE: INLEIDING EN METODOLOGIE	16
3.1 Inleiding en agtergrond	17
3.2 Wetgewende raamwerk	17
3.3 Doelstellings van die PBP-verslag	18
3.4 Metodologiese benadering	19
3.5 Beperkings van die studie	20
DEEL VIER: VOORLEGGING VAN BEVINDINGE	21
4.1 Voorlegging van data	22
4.2 Oorsig van die Wes-Kaap Provinsie	22
4.3 Oorsig van misdaad in die Wes-Kaap	22-36
4.4 Oorsig van die bevindinge van distriksmunisipaliteite en metropole	37-68
4.5 Ontleding van PBP's van polisieklusters	69-158
4.11 Sleutelbevindinge	158-161
4.12 Slotsom	161
4.13 Aanbevelings	162
DEEL VYF: VERWYSINGS EN BYLAE	163
Literatuur geraadpleeg	164
Bylae	165-173



ERKENNINGS

Die Sekretariaat: Veiligheid en Sekuriteit spreek opregte waardering uit jeens die Suid-Afrikaanse Polisie in die Wes-Kaap, al die gemeenskapspolisieforums in die provinsie, gemeenskapsgebaseerde organisasies en sakeondernemings wat die samestelling van hierdie verslag moontlik gemaak het. Verder word dank betuig aan die seniorbestuurders en beamptes in die Departement van Gemeenskapsveiligheid wat meegewerk en bystand verleen het met die ontwikkeling van hierdie verslag.

Hierdie verslag sou nie moontlik gewees het sonder die spanlede van die Direkorate: Veiligheidsinligting en Navorsing, en Gemeenskapskaking nie. Tydens die ontwikkeling van hierdie verslag het die lede van die Direkorate ruimhartig steun verleen met die insameling en vaslegging van data.

NAVORSINGSPAN – DIREKTORAAT: VEILIGHEID, INLIGTING EN NAVORSING

Navorsingsdirekteur:	Romeo de Lange (Direkteur)
Navorsingstoeshouer:	Don Sauls (Waarnemende Adjunkdirekteur)
Projeknavorsers:	Thumeka Mdayi (Assistentdirekteur)
Veldwerkers:	Owen Munro (Senior Administrasieklerk) Victor Africa (Senior Administrasieklerk) Charmaine Marman (Senior Administrasieklerk) Archie Monakali (Senior Administrasiebeampte) Ettience Swain (Senior Administrasiebeampte)
Datavaslegger:	Getha Voigt (Senior Administrasieklerk)
Projek-navorsingsondersteuners:	Bhekithemba Simelane (Adjunkdirekteur) Khumbulani Mfanta (Assistentdirekteur) Xoliswa Ndingaye (Assistentdirekteur) Louis Brown (Assistentdirekteur)
Ander lede van die projekspan:	Nomahlubi Mjijima (Adjunkdirekteur) Athena Johannes (Senior Administrasieklerk)

LYS VAN GRAFIEKE EN TABELLE

GRAFIEKE

- Grafiek 1: Top vyf prioriteitsmisdade in die Wes-Kaap Provinsie (PBP's deur die gemeenskap geïdentifiseer)
- Grafiek 2: Mees dikwels genoemde prioriteitsmisdadkategorieë in die Wes-Kaap Provinsie (geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskappe)
- Grafiek 3: Diensleweringkwessies in die Wes-Kaap Provinsie
- Grafiek 4: Verhoudings tussen gemeenskap en polisie in die Wes-Kaap Provinsie
- Grafiek 5: Probleme met dwelm- en drankmisbruik in die Wes-Kaap Provinsie
- Grafiek 6: Die Kaapse Wynland se top prioriteitsmisdadkategorieë (PBP's deur die gemeenskap geïdentifiseer)
- Grafiek 7: die Kaapse Wynland se mees dikwels genoemde misdadkategorieë (gemeenskapspersepsies)
- Grafiek 8: Diensleweringkwessies in die Kaapse Wynland se distriksmunisipaliteit
- Grafiek 9: Insette deur GPF's in polisiekantoorplanne in die Kaapse Wynland
- Grafiek 10: Sentraal-Karoo se top prioriteitsmisdade (PBP's deur die gemeenskap geïdentifiseer)
- Grafiek 11: Mees dikwels genoemde prioriteitsmisdadkategorieë in die Sentraal-Karoo (PBP's deur die gemeenskappe geïdentifiseer)
- Grafiek 12: Diensleweringkwessies in Sentraal-Karoo
- Grafiek 13: Insette deur GPF's in polisiekantoorplanne in die Sentraal-Karoo distriksmunisipaliteit
- Grafiek 14: Die Stad Kaapstad se top prioriteitsmisdadkategorieë
- Grafiek 15: Die Stad Kaapstad se mees dikwels genoemde misdadkategorieë (PBP's deur die gemeenskappe geïdentifiseer)
- Grafiek 16: Diensleweringkwessies in die Stad Kaapstad
- Grafiek 17: Insette deur GPF's in polisiekantoorplanne in die metropool-areas van die Stad Kaapstad
- Grafiek 18: Eden se top prioriteitsmisdadkategorieë (PBP's deur die gemeenskap geïdentifiseer)
- Grafiek 19: Mees dikwels genoemde prioriteitsmisdadkategorieë in Eden (PBP's deur die gemeenskappe geïdentifiseer)
- Grafiek 20: Diensleweringkwessies in Eden
- Grafiek 21: Insette deur GPF's in polisiekantoorplanne in die Eden distriksmunisipaliteit
- Grafiek 22: Overberg se top prioriteitsmisdadkategorieë (PBP's deur die gemeenskap geïdentifiseer)
- Grafiek 23: Mees dikwels genoemde prioriteitsmisdadkategorieë in Overberg (PBP's deur die gemeenskappe geïdentifiseer)
- Grafiek 24: Diensleweringkwessies in Overberg
- Grafiek 25: Insette deur GPF's in polisiekantoorplanne in Overberg
- Grafiek 26: Die Weskus se top prioriteitsmisdadkategorieë (PBP's deur die gemeenskap geïdentifiseer)
- Grafiek 27: Mees dikwels genoemde prioriteitsmisdadkategorieë in die Weskus (PBP's deur die gemeenskappe geïdentifiseer)
- Grafiek 28: Diensleweringkwessies in die Weskus se distriksmunisipaliteit (PBP's deur die gemeenskappe geïdentifiseer)
- Grafiek 29: Insette deur GPF's in polisiekantoorplanne in die Weskus distriksmunisipaliteit



TABELLE

Tabel 1:	Opsomming van kategorieë van topprioriteit misdaad vir die Wes-Kaap en ses munisipaliteite (gemeenskapspersepsies)
Tabel 2:	Polisiesigbaarheid in die Wes-Kaap Provinsie
Tabel 3:	Polisieresponse in noodgevalle in die provinsie
Tabel 4:	Polisiesigbaarheid in die Kaapse Wynland distriksmunisipaliteit
Tabel 5:	Tydsverloop van response op misdaadsituasies in die Kaapse Wynland distrik
Tabel 6:	Polisiesigbaarheid in die Sentraal-Karoo
Tabel 7:	Tydsverloop van polisieresponse op misdaadsituasies in die Sentraal-Karoo
Tabel 8:	Polisiesigbaarheid in die Stad Kaapstad
Tabel 9:	Tydsverloop van polisieresponse in die Stad Kaapstad
Tabel 10:	Polisiesigbaarheid in Eden distriksmunisipaliteit
Tabel 11:	Tydsverloop van polisieresponse op misdaadsituasies in Eden distriksmunisipaliteit
Tabel 12:	Polisiesigbaarheid in Overberg
Tabel 13:	Tydsverloop van polisieresponse op misdaadsituasies in Overberg
Tabel 14:	Polisiesigbaarheid in Weskus Distriksmunisipaliteit
Tabel 15:	Tydsverloop van polisieresponse op misdaadsituasies in Weskus Distriksmunisipaliteit
Tabel 16:	Ceres Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 17:	Paarl Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 18:	Stellenbosch Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 19:	Worcester Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 20:	Beaufort-Wes Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 21:	Bellville Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 22:	Bishop Lavis Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 23:	Kaapstad Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 24:	Claremont Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 25:	Delft Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 26:	Khayelitsha Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 27:	Kraaifontein Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 28:	Kuilsrivier Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 29:	Milnerton Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 30:	Mitchells Plain Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 31:	Muizenberg Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 32:	Nyanga Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
Tabel 33:	Wynberg Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)

- Tabel 34: Da Gama Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
- Tabel 35: George Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
- Tabel 36: Oudtshoorn Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
- Tabel 37: Caledon Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
- Tabel 38: Hermanus Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
- Tabel 39: Vredendal Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
- Tabel 40: Vredenburg Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)
- Tabel 41: Top prioriteitsmisdaadkategorieë vir die Wes-Kaap en ses distriksmunisipaliteite
- Tabel 42: Kategorieë van die mees dikwels genoemde misdade in die Wes-Kaap en ses distriksmunisipaliteite

AFKORTINGS

Aanranding ELB: Aanranding met die doel om ernstige liggaamlike besering te veroorsaak

BTMWK: Besigheid Teen Misdaad Wes-Kaap

KWDM: Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit

SKDM: Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit

GPF: Gemeenskapspolisieforum

GDS: Gemeenskapsdienssentrum

SSGV: Sentrum vir die Studie van Geweld en Versoening

DGV: Departement van Gemeenskapsveiligheid

PBP: Polisiëringsbehoefte en Prioriteite

SAPD: Suid-Afrikaanse Polisediens

VIN: Direkoraat van Veiligheid, Inligting en Navorsing

PGPR: Provinsiale Gemeenskapspolisieraad



VOORWOORD DEUR DIE MINISTER VAN GEMEENSKAPSVEILIGHEID



WES-KAAP PROVINSIE

Misdaad skep 'n web van vrees en het 'n impak op die daaglikse lewens van baie mense in die Wes-Kaap en in Suid-Afrika as geheel. Om groter veiligheid te bewerkstellig is noodsaaklik vir die verbetering van die lewensgehalte van alle Suid-Afrikanners.

Die Grondwet van Suid-Afrika bepaal dat die nasionale polisiebeleid voorsiening kan maak vir verskillende beleidsrigtings in verskillende provinsies nadat polisiëringsbehoefte en prioriteite in ag geneem is. Gedurende die 2010/11 finansiële jaar het die Departement van Gemeenskapsveiligheid gemeenskappe van oor die provinsie geraadpleeg, met inbegrip van lede van al 149 Gemeenskapspolisieforums sowel as Besigheid Teen Misdaad, ten einde die polisiëringsbehoefte en -prioriteite in elke bepaalde gemeenskap te assesseer. Die verslag oor Polisiëringsbehoefte en -Prioriteite (PBP's) is die slotsom van hierdie konsultasieproses en bied 'n oorsig van die polisiëringsbehoefte en -prioriteite van die Wes-Kaap. Die verslag bevorder die Provinsie se burgerlike toesighoudende rol en is ook daarop ingestel om veiligheid te verhoog en die impak van misdaad in ons gemeenskappe te verminder, in lyn met die Provinsiale Regering se strategiese doelstellings. Daar word algemeen aanvaar dat om misdaad die hoof te bied 'n veelheid van fasette benodig word, en dat gemeenskapsbetrokkenheid 'n integrale deel van die strategie uitmaak. Die deelname van gemeenskappe as die ontvangers van polisdienste is derhalwe van groot belang. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid sal die implementering van die aanbevelings van hierdie verslag moniteer ten einde te verseker dat polisiëring in die Wes-Kaap inderdaad op die behoeftes van die gemeenskap ingestel is. Die verslag oor PBP's is een van die prosesse wat die Departement van Gemeenskapsveiligheid help om sy grondwetlike mandaat uit te voer om polisieprestasie te moniteer. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid het 'n wetlike mandaat om burgerlike toesig oor die polisie uit te voer, en beskou die PBP-projek as die ruggraat van hierdie proses. Die sleutel tot die vermindering van misdaad is die verbetering van dienslewering deur polisiëringsagentskappe. Die diensleweringkwesties wat in hierdie verslag aangeroei word, dek 'n wye reeks polisdienste soos: toebedeling van polisiehelpbronne, dienslewering deur die beamptes wat by die gemeenskapsdienssentrums ontplooi is, speurdienste, polisie-sigbaarheid, polisie-toerekenbaarheid, die tevredenheidsvlakke met betrekking tot die manier waarop wetstoepassingsagentskappe met alkohol- en dwelmverwante misdade werk, en die getuiebeskermingsprogram.

Ek wil graag my opregte dank betuig jeens die verteenwoordigers van die Gemeenskapspolisieforums wat aan die proses deelgeneem het, en ruimhartig hul idees gedeel en hul tyd opgeoffer het. Ek bedank die navorsers in my departement en gee erkenning aan hul harde werk en toewyding. Ek wil graag vir Generaal Lamoer vir sy volgehoue samewerking bedank, sowel as die SAPD-lede wat deel gevorm het van die PDP-loodskomitee vir die ondersteuning wat hulle gebied het. Die verskillende bydraes wat al die medewerkers aan hierdie verslag gebied het, word hoog op prys gestel. Ek vertrou dat die bevindinge van hierdie verslag tot toenemende veiligheid in die Wes-Kaap Provinsie sal bydra.



Mnr. Albert Fritz
Minister van Gemeenskapsveiligheid - Wes-Kaap Provinsie



VOORWOORD DEUR DIE DEPARTEMENTSHOOF:

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSVEILIGHEID

Hierdie is die tweede jaar dat die Departement van Gemeenskapsveiligheid die verslag oor die Polisiëringsbehoefte en -Prioriteite (PBP's) saamgestel het, soos deur die Gemeenskapspolisieforums en verwante studies geïdentifiseer¹.

Hierdie verslag vorm 'n geïntegreerde deel van die uitvoering van die departement se wetgewende mandaat om burgerlike toesig oor wetstoepassingsagentskappe uit te oefen en verhoudings tussen gemeenskap en polisie te verbeter. Hierdie verslag help wetstoepassingsagentskappe om meer meelewend t.o.v. die polisiëringsbehoefte en prioriteite van gemeenskappe te wees, om die vertroue van gemeenskappe in polisiëringdienste te kweek, en om meer mense en instansies aan te spoor om by die beveiliging van hul gemeenskappe betrokke te raak.

Die misdaadvlakke (veral kontak- en dwelmverwante misdade) bly onaanvaarbaar hoog in die provinsie. Die aard van hierdie misdade dui daarop dat nóg die SAPD nóg enige ander staatsdepartement of burgerlike samelewingsorganisasie in staat sal wees om die probleem van misdaad die hoof te bied. Regering (nasionale, provinsiale en plaaslike sferes) en die burgerlike samelewing moet hul strategieë en hulpbronne as 'n sinergie aanwend.

Die verslag is derhalwe op so 'n wyse ontwikkel dat die SAPD (nasionale, provinsiale, kluster en plaaslike polisie kantore) en distriksmunisipaliteite by die bevindinge van die verslag kan baat, en meer relevante en toepaslike response kan ontwikkel. Die verslag sal aan die grootste moontlike gehoor beskikbaar gemaak word ten einde die kollektiewe eienaarskap en verantwoordelikheid vir die daarstel van veiliger omgewings te bevorder. Dit is my wens dat hierdie verslag staatsdepartemente, organisasies in die burgerlike samelewing, en gewone burgers tot groter bewustheid van ons onderskeie rolle by die skep van 'n veiliger samelewing sal aanspoor.

Dr. Gilbert Lawrence

Departementshoof: Departement van Gemeenskapsveiligheid

¹ Barometerprojek vir Gemeenskapsveiligheid 2009/10, Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Polisie 2009/10, SAPD Prestasieplan 2010/11, SAPD gerapporteerde misdaadstatistiek 2009/10 en Besigheid Teen Misdaad Wes-Kaap, Geleenthedsreferaat oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die uitdagings van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied.



BEKNOPTE OORSIG

2.1 INLEIDING

Artikel 206(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, bepaal dat die Kabinetsminister wat vir polisiëring verantwoordelik is die nasionale polisiëringsbeleid moet bepaal, na konsultasie met die provinsiale regerings, en met inagneming van die provinsies se behoeftes en prioriteite soos deur die provinsiale uitvoerende gesag geïdentifiseer.

Ter ondersteuning van die provinsiale uitvoerende gesag van die Wes-Kaap het die Departement van Gemeenskapsveiligheid 'n proses van stapel gestuur om die Polisiëringsbehoefte en -Prioriteite (PBP's) van die gemeenskappe in die Wes-Kaap Provinsie te identifiseer. Die LUR sal die uitslae aan die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) voorlê om dit te oorweeg om die bevindinge in die provinsiale jaarlikse prestasieplan, en plan vir plaaslike kantore van die polisie vir die 2011/12 finansiële jaar te inkorporeer. Die doel is om die operasionele prioriteite van die SAPD daartoe te bring om meer meelewend t.o.v. die gemeenskapsbehoefte te wees. Die hoofokus van hierdie verslag is dus die Polisiëringsbehoefte en -prioriteite soos deur die gemeenskappe geïdentifiseer in terme van misdaad, aspekte van dienslewering en middelemisbruik. Laastens fokus die verslag op die vraag of die Gemeenskappolisieforums (GPF's) insette lewer vir die SAPD se planne vir stasie- en hulpbronbenutting.

Die verslag kan op drie maniere benut word:

Eerstens is dit bedoel om die LUR vir Gemeenskapsveiligheid in die Wes-Kaap in te lig oor die PBP's soos deur die gemeenskappe van die Wes-Kaap geïdentifiseer. Tweedens sal die geïdentifiseerde PBP's rigting verleen aan die formulering van polisiëringsbeleid op die nasionale vlak m.b.t. provinsiale polisiëringsbehoefte en prioriteite. Derdens sal die aanbevelings wat in die PBP-verslag ingesluit is, die GPF's help om hul burgerlike toesigrol te vervul. Die GPF's sal in 'n posisie wees om die implementering van identiese PBP's op die plaaslike poliestasievlak te monitor.

Die uitvoerende GPF-lede van die 149 volwaardige poliestasies in die Wes-Kaap dien as ontledingseenhede. Daar was 'n responsyfer van 'n honderd persent. 'n Totaal van 340 vraelyste is voltooi. Data is deur fokusgroepe ingesamel wat deur 'n selfvoltooiingsvraelyste gerig is. Kwalitatiewe data wat op hierdie manier ingesamel is, is toe getrianguleer met sekondêre data wat die Barometerprojek vir Gemeenskapsveiligheid 2009/10 insluit, die Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Polisie 2009/10, SAPD Prestasieplan 2010/11, SAPD gerapporteerde misdaadstatistiek 2009/10 en Besigheid Teen Misdaad Wes-Kaap, Geleentheidsreferaat oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die uitdagings van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied.

2.2 SLEUTELBEVINDINGE VAN DIE STUDIE

Die sleutelbevindinge van die studie bestaan uit geïdentifiseerde prioriteitsmisdade; die vlakke van voldoening m.b.t. verskillende aspekte van dienslewering; en die insette van die GPF's in die SAPD se benuttingsplanne m.b.t. poliestasies en middelemisbruik. Meer besonderhede oor distriksmunisipaliteite en klustervlakke word in die verslag voorsien.



2.2.1 PRIORITEITSMISDADE

Die gemeenskappe in die Wes-Kaap Provinsie het vyf prioriteitsmisdade geïdentifiseer waarvoor hulle in hul onderskeie gebiede veral begaan is. Hierdie is **Aanranding ELB, seksuele misdrywe, gewone aanranding, gewone roof** en **gesinsgeweld**. Benewens die prioriteitsmisdade wat geïdentifiseer is, het die betrokke gemeenskappe **roof by wonings** meer dikwels as enige misdaadkategorie genoem, alhoewel dit nie onder die top prioriteitsmisdade tel nie.

TABEL 1: OPSOMMING VAN KATEGORIEË VAN TOP-PRIORITEITMISDAAD VIR DIE WES-KAAP EN SES DISTRIKTMUNISIPALITEITE (GEMEENSKAPSPERSEPSIES)

Wes-Kaap Provinsie	Kaapse Wynland	Sentraal Karoo	Stad Kaapstad	Eden	Overberg	Weskus
Aanranding ELB	Aanranding ELB	Aanranding ELB	Aanranding ELB	Gesins-geweld	Aanranding ELB	Aanranding ELB
Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe
Gewone aanranding	Gewone aanranding	Gewone aanranding	Gewone aanranding	Inbraak by residensiële perseel	Gewone aanranding	Gewone aanranding
Gewone roof	Huishoudelike geweld	Gesins-geweld	Gewone roof	Gewone aanranding	Gesins-geweld	Gesins-geweld
Gesins-geweld	Moord Gewone roof	Gewone roof	Gesins-geweld	Gewone roof	Gewone roof	Gewone roof

Gedurende die 2009/10 PBP-studie² het gemeenskappe aanranding ELB, inbraak by wonings, dwelmverwante misdaad, moord en gewone roof geïdentifiseer. Die toevoeging van seksuele misdrywe en gesinsgeweld kan 'n toename in bewustheid van hierdie twee misdaadkategorieë wees. Daar moet op gelet word dat beide seksuele misdrywe en gesinsgeweld deel gevorm het van die dikwels genoemde misdaadkategorieë. Beide seksuele misdrywe en gesinsgeweld vorm deel van die dikwels genoemde misdaadkategorieë gedurende die PBP-studie van 2009/10.

Die distriksmunisipaliteite volg dieselfde patroon in terme van misdaadkategorieë, behalwe dat die Kaapse Wynland distriksmunisipaliteit ook moord as 'n topprioriteitsmisdade geïdentifiseer het. Dwelms en bendes word nie as topprioriteitsmisdade geïdentifiseer nie, maar is tydens die LUR se uitreikprogramme en die Veiligheidsbarometerstudie (2009/2010) as topprioriteitsmisdade geïdentifiseer. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid se Joernaal (1/2003) doen aan die hand dat daar 'n noue verband tussen dwelms en bendes is.

2.2.2 DIENSLEWERINGSKWESSIES

Die diensleweringkwessies sluit die volgende in: die toepaslikheid van hulpbronne by die bekamping van misdaad, hulpbronbenutting, diens gelewer deur die Gemeenskapsdienssentrum (GDS), diens gelewer deur die speurders, getuiebeskermingsprogram, polisie sigbaarheid en responstyd, sowel as die insette wat die GPF's m.b.t. hulpbronbenutting en die stasieplanne van die polisie lewer.

Die meerderheid van die deelnemers in die Wes-Kaap is van mening dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in hul onderskeie gemeenskappe die hoof te bied nie. Die algemene persepsie is dat die meeste polisie stasies personeel- en voertuigtekorte ervaar wat 'n stadige responstyd op misdaadsituasies tot gevolg het. Die GDS'e by sommige stasies is blykbaar baie klein en bied geen privaatheid aan traumaslagoffers nie. In die landelike areas is die lang afstande tussen gemeenskappe en polisie stasies as 'n groot probleem geïdentifiseer.

Wat die benutting van die hulpbronne betref, het meer as die helfte van die deelnemers aangedui dat die polisiebeamptes die hulpbronne doeltreffend benut. Die sleutelprobleem is die beperkte hulpbronne, wat nie in staat is om aan die behoeftes van die gemeenskappe te voldoen nie. Daar moet egter op gelet word dat die deelnemers die misbruik van die beperkte hulpbronne deur polisiebeamptes vir hul persoonlike voordeel uitgelik het.

Die meerderheid van deelnemers is van mening dat die polisiebeamptes wat by die Gemeenskapdienssentrums ontplooi is voldoende is, en terselfdertyd hofflik en hulpvaardig teenoor lede van die gemeenskap is. 'n Ernstige probleem wat by die GDS'e geïdentifiseer is, is die taalkwessie waar die ontplooiende beamptes by die GDS'e nie in die klaers se verkose taal kan kommunikeer nie.

Meer as die helfte van die deelnemers het hul tevredenheid met die diens van die speurders aangedui. Oor die algemeen is die deelnemers van mening dat met die beperkte hulpbronne tot hul beskikking die speurders hul uiterste bes doen. Party van die probleme wat die deelnemers geïdentifiseer het, is die tekort aan vaardige speurders wat swak ondersoek tot gevolg het, gebrek aan terugvoer aan die klaers, en die tyd wat dit neem om ondersoek af te handel.

² Departement van Gemeenskapsveiligheid, Verslag oor die identifisering van Polisieeringsbehoefte en -Prioriteite in die Wes-Kaap Provinsie, 2010/11 ongepubliseer.



Met betrekking tot die getuiebeskermingsprogram het die meerderheid van die gemeenskappe aangedui dat hulle nie weet of misdaadgetuies beskerm word nie. Die deelnemers weet blykbaar nie van die program nie, of dink dat die program nie doeltreffend is nie.

Om polisie sigbaarheid in die areas te verbeter, het die meerderheid van die deelnemers voorgestel dat daar bedags en snags meer polisiepatrollies moet wees. Daar moet egter op gelet word dat die meeste deelnemers meen dat voetpatrollies en 'n prosedure van 'stop en deursoek' meer doeltreffend sal wees. Die volle implementering van sektorpolisiëring in die gemeenskappe is as 'n strategie vir meer doeltreffende polisiëring geïdentifiseer.

Die meerderheid van deelnemers stem saam dat die polisie binne 5 tot 10 minute op 'n misdadafsituasie moet reageer, aangesien dit die kans sal verbeter om getuie te bekom. Dit is minder as die SAPD se standaard-reageertyd van tussen 15 en 20 minute. Wat die insette van GPF's m.b.t. die stasieplanne van die SAPD en die toesegging van hulpbronne betref, het deelnemers nie geweet of die GPF's insette vir die stasieplanne lewer, of vir die wyse waarop hulle seggenskap het oor hoedat hulpbronne benut, of aan die onderskeie polisie-stasies toegesê word nie.

2.2.3 MIDDELEMISBRUIK

'n Tema oor middelemisbruik is by die vraelys gevoeg aangesien sowel die nasionale as die provinsiale regerings middelemisbruik as 'n prioriteit geïdentifiseer het. Verder was die Wes-Kaap gedurende die 2009/10 finansiële jaar vir byna 50% van die gerapporteerde gevalle van dwelmverwante misdaad verantwoordelik. Ten slotte word middelemisbruik as een van die grootste bydraers tot misdaad beskou.

Die meerderheid gemeenskappe het erken dat middelemisbruik 'n probleem in hul areas is. Die meeste van die deelnemers is nie tevrede met die wyse waarop die polisie die probleem van middelemisbruik die hoof bied nie. Daar is 'n persepsie dat sjebien-eienaars en dwelmbase die polisiebeamptes omkoop.

2.3 SLOTSOM

Die SAPD se operasionele prioriteite is in lyn met die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskappe. Die SAPD se operasionele kategorieë is te breed en spesifiseer nie watter spesifieke tipes misdaad geprioritiseer sal word nie. Om die spesifieke misdade die hoof te bied, word as die verantwoordelikheid van die plaaslike polisie-stasies beskou.

Die vlak van tevredenheid met polisie-stasies verskil tussen polisie-stasies, en hierdie probleem moet dus op die vlak van plaaslike stasies die hoof gebied word. Die dienste wat in die GDS'e gelewer word, word oor die algemeen as bevredigend beskou. 'n Groot bron van kommer in die provinsie is die gebrek aan vertroue in die getuiebeskermingsprogram, en die onvermoë van die SAPD om onwettige drank- en dwelmhandelaars vas te vat.

Die feit dat misdadeprioriteite en die vlak van tevredenheid met dienste tussen stasies verskil, plaas 'n verdere verantwoordelikheid op GPF's om hul burgerlike toesigrol op die plaaslike stasievlak na behore te speel. Hierdie studie dui egter daarop dat die meerderheid van die GPF's nie insette vir die stasies, en die planne van die polisie vir die ontplooiing van hulpbronne lewer nie.

2.4 AANBEVELINGS

- I) Dat die bevindinge van hierdie verslag in die provinsiale en plaaslike SAPD-jaarplanne vir die 2011/12 finansiële jaar geïnkorporeer word.
- II) Dat Gemeenskapspolisiëringsforums gehelp word om aanwysers te ontwikkel om polisieprestasie op die plaaslike vlak te monitor.
- III) Dat die SAPD 'n strategie ontwikkel om die probleem van wapens en skerp voorwerpe die hoof te bied aangesien dit gebruik word om prioriteitsmisdade soos aanranding ELB te pleeg.
- IV) Om bewustheid binne gemeenskappe aangaande die Getuiebeskermingsplan te bevorder en op te skerp ten einde lede van die gemeenskap aan te spoor om in die vervolging van misdadigers te getuig.
- V) Dit is nodig om die ontwikkeling van die vaardighede van speurders voort te sit, veral met betrekking tot die ondersoek van misdade soos gesinsgeweld en seksuele misdrywe.
- VI) Verhoog die vaardighede van speurders om bewyse te versamel en aan te teken, en om bewyse te proses ten einde sterk en vervolgbare sake te bou. Dit sal die aantal gevalle wat voor die hof gebring word vermeerder, sowel as die aantal skuldigbevindings wat bereik word.
- VII) Dat sektorpolisiëring voldoende toegerus en bevorder word en die nodige ondersteuning ontvang ten einde responstye te verbeter en polisie sigbaarheid te bevorder.
- VIII) Dat Stasiebevelvoerders bewus gemaak word van die noodsaaklikheid dat GPF's gebruik word vir insette in die stasie en planne vir die benutting van hulpbronne met betrekking tot onderskeie polisie-stasies.
- IX) 'n Strategie vir die vermindering van onwettige dwelmvoorsiening moet met die hulp van ander vennote deur die SAPD ontwikkel en geïmplementeer word.
- X) Die rol van georganiseerde misdaadsindikate en bendes as die dryfvere agter misdaad, meer spesifiek misdaad waarby dwelmmisbruik en geweld binne die Wes-Kaap Provinsie gemoeid is, kan nie onderskat word nie. Gevolglik is dit nodig vir alle polisie-agentskappe om op die beste maniere te fokus waarop die impak van georganiseerde misdaad en bendes geneutraliseer of verminder kan word.



INLEIDING EN METODOLOGIE

Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) het 'n grondwetlike mandaat met betrekking tot die veiligheid van gemeenskappe. Dit sluit die bestryding, voorkoming en ondersoek van misdaad in. Op grond van hierdie mandaat het die publiek bepaalde verwagtinge van die SAPD en ander wettoepassingsagentskappe. Hierdie verwagtinge van die gemeenskappe in terme van polisiëring word as Polisiëringsbehoefte en -Prioriteite gedefinieer. Hierdie verslag weerspieël die bevindinge van fokusgroepbesprekings wat hoofsaaklik met die Gemeenskappolisieforum (GPF) -strukture binne die jurisdiksie van die 149 volwaardige polisiestasies in die Wes-Kaap Provinsie plaasgevind het, ten einde die Polisiëringsbehoefte en -Prioriteite (PBP's) van die gemeenskappe te identifiseer. Om daarbenewens inligting te verskaf oor die wetgewende mandaat wat die PBP's rig, sal die verslag die agtergrond skets tot die assessering, die omvang daarvan verduidelik met inbegrip van die metodologiese benadering, en die bevindinge daarvan voorlê. Na 'n aantal slotopmerkings, sal die verslag bepaalde aanbevelings bied.

Die departement is onder meer daarvoor verantwoordelik om misdaadtendense en patrone te ontleed wat deur gemeenskappe geïdentifiseer is, en om die verhouding tussen polisie en gemeenskap te verbeter. As deel van hierdie proses sal die Departement van Gemeenskapsveiligheid 'n studie van die verskillende gemeenskappe se Polisiëringsbehoefte en -Prioriteite doen en 'n gekonsolideerde verslag saamstel.

Sodra die gekonsolideerde verslag gefinaliseer en deur die Minister van Gemeenskapsveiligheid geëndosseer is, sal dit aan die Provinsiale Kommissaris van die SAPD voorgelê word om in die SAPD se Jaarlikse Prestasieplan vir die 2011/12 finansiële jaar geïnkorporeer te word. Die implementering van die bevindinge van die PDP-verslag sal deur die departement gemoniteer word om te verseker dat SAPD-optredes meelewend is jeens die polisiëringsbehoefte van die gemeenskap. In geheel sal die PBP's die SAPD help om polisiëring in die Wes-Kaap opnuut te rig, en om die burgerlike toesigrol van die departement en die gemeenskappe oor die polisie te verbeter.

3.2 WETGEWENDE RAAMWERK

Artikel 206(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, bepaal dat die Kabinetsminister wat vir polisiëring verantwoordelik is die nasionale polisiëringsbeleid moet bepaal, na konsultasie met die provinsiale regering, en met inagneming van die provinsies se behoeftes en prioriteite soos deur die provinsiale uitvoerende gesag geïdentifiseer. Hierdie verslag sal die provinsiale uitvoerende gesag oor die polisiëringsbehoefte en prioriteite in die Wes-Kaap inlig.

Verder dui die Witskrif oor die Transformasie van Dienslewering (Batho Pele Witskrif³) daarop dat burgers geraadpleeg moet word oor die vlak en gehalte van die openbare dienste wat hulle ontvang, en dat hulle waar moontlik 'n keuse gegee moet word oor die dienste wat beskikbaar is. Ooreenkomstig hierdie Batho Pele-beginsel is gemeenskappe gekonsulteer om hul PBP's te bepaal.

Daar word dus verwag dat hierdie verslag oor die PBP's die SAPD sal help om meer meelewend m.b.t. die polisiëringsbehoefte van die gemeenskappe te wees.

3 Witskrif oor Transformasie van Dienslewering: Departement van Openbare Dienste en Administrasie, 1997

Eweneens stel Artikel 10.1.4 van die Uniforme Grondwet van die Polisieforum: Wes-Kaap, dat by 'n algemene jaarvergadering "... die forum die Gemeenskapsveiligheidsplan sal ontvang, bespreek en aanvaar. Die Gemeenskapsveiligheidsplan sal deur die PBP's ingelig word, soos dit deur die mense begryp word." Om dit te verwesenlik, word hierdie verslag op so 'n wyse aangebied dat dit die PBP's per polisiestasies weerspieël, om sodoende die inkorporering van die bevindinge in die Gemeenskapsveiligheidsplanne te vergemaklik.

Daarbenewens het die Departement van Gemeenskapsveiligheid se Sekretariaat vir Veiligheid en Sekuriteit – Burgerlike Toesig: Toerekenbaarheidsraamwerk die PBP's as een area geïdentifiseer wat navorsing benodig ten einde die departemente se burgerlike toesigrol van die polisie te versterk. Die geïdentifiseerde PBP's sal gebruik word as 'n instrument om die doeltreffendheid en doelmatigheid van polisiëring in die Wes-Kaap te meet⁴.

Ten slotte geskied die identifisering van die PBP's ingevolge artikel 18.1(c) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, nr. 68 van 1995, wat spesifiseer dat een van die doelstellings van 'n Gemeenskapspolisieforum (GPF) is om "samesamewerking tussen die diens en die gemeenskap te bevorder ter vervulling van die behoeftes van die gemeenskap met betrekking tot polisiëring. Die polisie moet dus verseker dat die dienste wat gelewer word deursigtig en in lyn met die geïdentifiseerde PBP's is.

3.3 DOELSTELLINGS VAN DIE PBP-VERSLAG

Die sleutel doelstellings van die verslag is:

- i) Om die Minister van Gemeenskapsveiligheid in te lig met betrekking tot die PBP's in die Wes-Kaap Provinsie;
- ii) om leiding te gee met die formulering van polisiëringbeleid op die nasionale en provinsiale vlak; en
- iii) om die GPF's te help met die toepassing van hul burgerlike toesigrol met die identifisering van PBP's in hul onderskeie areas.

Die polisiëringbehoefte word egter op die sosio-politieke konteks van die gemeenskap gebaseer. Die hoof fokus van hierdie verslag sal misdaad, dienslewering, en die insette van GPF's in die polisiëringplanne wees. Die polisie is daarvoor verantwoordelik om dienste aan diverse sosio-ekonomiese groepe en gemeenskappe te lewer.

Die meer welgestelde groepe is in staat om private sekuriteit te voorsien, terwyl die arm gemeenskappe aan die genade van misdadigers uitgelewer word. Party areas is dig bevolk met beperkte hulpbronne en infrastruktuur, terwyl ander areas yl bevolk is.

Die oorkoepelende bedoeling met die identifisering van PBP's is om demokratiese toerekenbaarheid, dienslewering, en burgerlike toesig van die polisie in die provinsie te bevorder.

4 Modernisering van die Sekretariaat vir Veiligheid en Sekuriteit, Departement van Gemeenskapsveiligheid, 2010

3.4 METODOLOGIESE BENADERING

Die aard van die studie oor Polisiëringsbehoefte en -Prioriteite het 'n gemengde metodologiese benadering nodig gemaak, waar kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerpe gebruik word om mekaar aan te vul. Die kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerpe bied 'n insig wat nie verkry sou geword het indien slegs een van hierdie ontwerpe gebruik was nie. Die doelgerigte steekproeftrekking is in die studie gebruik om die GPF-lede vir elk van die 149 volwaardige polisie-stasies in die provinsie te teiken.

Die GPF is om drie redes as die ontledingseenheid in die studie gebruik. Eerstens verteenwoordig hulle verskillende gemeenskapstrukture benewens die polisiëringfunksie. Tweedens maak die omvang van die projek en die tydskaal dit nodig om die GPF as 'n beheerbare groep deelnemers te gebruik om data oor polisiëringbehoefte en prioriteite in die verskillende gemeenskappe te verkry. Derdens word die GPF's as die verkose lede van die gemeenskap beskou om met die SAPD oor die polisiëringbehoefte en -prioriteite van 'n gemeenskap te skakel.

'n Selfvoltooiingsvraelys⁶ is gebruik om die data in te samel. 'n Totaal van 1340 vraelyste is voltooi. Die GPF-lede is meestal saans by die plek van hul keuse in die gemeenskap georganiseer en besoek. Die doel van die studie is deeglik deur beamptes aan hulle verduidelik. Die interaksie was in die vorm van fokusgroepbesprekings.

Die vraelysdata is vasgelê en ontleed met gebruikmaking van analitiese programmatuur bekend as die Statistiese Pakket vir die Sosiale Wetenskappe weergawe 18 (SPSS). Beskrywende statistiese ontleding (frekwensies, kruistabulering) is met gebruikmaking van die SPSS-programmatuur gedoen.

Die oop vrae is met gebruikmaking van die SPSS-tekstontleder gedoen. Die ontledingsproses maak 'n vergelyking tussen die frekwensies van verskillende response en veranderlikes. Die frekwensie van verskillende veranderlikes in die studie is op die vlak van die provinsie, distriksmunisipaliteit en polisiekluster gedoen ten einde die responstendense en -patrone te bepaal. Die resultate is met die amptelike gerapporteerde provinsiale misdaadstatistieke vir die periode 2009/2010 vergelyk. Die resultate is in die vorm van grafieke en tabelle voorgelê.

Aangesien dit die tweede keer is dat die PBP-projek in die provinsie uitgevoer word, is pogings aangewend om 'n vergelykende ontleding van sommige veranderlikes te doen. Verder is die resultate van die studie gesintetiseer en getrianguleer met beskikbare literatuur oor studies soos die Slagofferoversig (2007), die Gemeenskapsveiligheidsbarometerstudie wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid uitgevoer is (2009/10), die SAPD se Wes-Kaap Prestasieplan (2010/2011), en belangrikste van almal is die verslae oor die LUR se uitreikprogram (izimbizo) gebruik.

⁵ Artikel 18 van die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisie, SAPD, 1995

⁶ Sien PBP-vraelyste in Bylae A



4.1 VOORLEGGING VAN DATA

Die data is deur middel van die verskillende veranderlikes in die vraelys voorgelê. Hierdie veranderlikes het die volgende ingesluit: geïdentifiseerde prioriteitsmisdade, diensleweringskwessies, GPF-insette in die polisiestatieplanne, middelemisbruik, en ander kommentaar met betrekking tot polisiëring. Die data is met behulp van grafieke en tabelle aangebied ten einde die leser in staat te stel om die algemene tendense van die PBP's in die provinsie, die onderskeie distriksmunisipaliteite, die polisieklusters en polisiestaties te begryp. Die volgende afdeling bied 'n oorsig van die provinsie in die algemeen, en sluit 'n oorsig van die distriksmunisipaliteite, polisieklusters, polisiestaties, sleutelbevindinge en aanbevelings in.

4.2 OORSIG VAN DIE WES-KAAP PROVINSIE

Volgens die StatsSA 2007 se gemeenskap-gebaseerde oorsig het die Wes-Kaap Provinsie 'n geraamde bevolking van 5.30 miljoen mense⁷ van wie ongeveer 64% in die metropolitaanse munisipaliteit van Kaapstad woon. Die Wes-Kaap het een metropolitaanse munisipaliteit (die Stad Kaapstad) en vyf distriksmunisipaliteite (Kaapse Wynland, Sentraal Karoo, Eden, Overberg en Weskus). Die een metropolitaanse munisipaliteit en die vyf distriksmunisipaliteite omvat 24 munisipaliteite (sien Bylae B). Volgens Statistiek SA se Sensus van 2001 is die Wes-Kaap die tweede mees "welgestelde" provinsie in Suid-Afrika, waar 'n geraamde 1.8 miljoen mense as "kwesbaar" beskou word.

Die Wes-Kaap Provinsie het 149 polisiegebiede (sien Bylae B), wat as hetsy stedelik⁸ (59) of landelik⁹ (90) geklassifiseer kan word. Die polisiestaties is verder in 25 polisieklusters gegroepeer, wat as 'n voortsetting van die Provinsiale Kantoor beskou word.

4.3 OORSIG VAN MISDAAD IN DIE WES-KAAP PROVINSIE

In geheel het kontakmisdad in die provinsie met 6% afgeneem, wat net onder die nasionale teiken van 'n afname in kontakmisdad van 7 tot 10% is, moord (3.1%), poging tot moord (3.3%) en roof met verswarende omstandighede (1.3%). Die hoogste voorkoms van alle gerapporteerde seksuele misdade (180.7%) is in die Wes-Kaap aangeteken¹¹. Die Wes-Kaap het die tweede hoogste voorkoms in die land, ná die Vrystaat Provinsie, van gewone aanranding aangeteken.

Die Wes-Kaap Provinsie is steeds die provinsie wat die meeste deur dwelms geaffekteer word. Provinsiale misdadstatistiek toon dat tussen April 2009 en Maart 2010 die Wes-Kaap 60 409 dwelmverwante misdade aangeteken het. Vergeleke met die vorige periode van April 2008 tot Maart 2009 het die provinsie 'n toename van 14% ervaar.

7 StatsSA 2007 Gemeenskapoorlog, www.statssa.gov.za

8 Polisiegebiede wat binne die grense van die Kaapse metropolitaanse munisipaliteit val, word as stedelike gebiede beskou. 9 Polisiegebiede wat buite die grense van die Kaapse metropolitaanse munisipaliteit val, word as landelike polisiegebiede beskou.

10 SAPD Prestasieplan, 2009/10 aksiejaar, Wes-Kaap

11 SAPD Jaarplan 2009/10

Dit het die syfers wat vir die periode April 2003 tot Maart 2004 aangeteken is, meer as verdriedubbel. Wanneer die Wes-Kaap se huidige syfers met dié van die res van die land vergelyk word, sien ons dat byna die helfte van die land se dwelmverwante misdade in die provinsie aangeteken is.

Armoede, werkloosheid, toename in shebientgetalle, hoërskooluitsakking, die toestroming van mense na die provinsie, gebrek aan gemeenskapsamehorigheid, omgewingsomstandighede en dig bewoonde nedersettings dra almal tot misdaad in die provinsie by. Hierdie faktore is in hoofsaak in die benadeelde gemeenskappe gekonsentreer, en saam maak hulle inwoners meer aan misdaad onderworpe¹².

'n Studie¹³ deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid oor xenofobiese geweld gedurende die FIFA Sokker Wêreldbeker 2010 het xenofobiese geweld in minstens 12 areas geïdentifiseer. Hierdie areas is Ceres, De Doorns, Genadendal, Houtbaai, Milnerton/Du Noon, Khayelitsha, Knysna, Kraaifontein, Nyanga (Samora Machel, Brown's Farm), Ocean View (Masiphumelele), Mbekweni en Wellington¹⁴. Daarbenewens word die instroming van buitelanders vir die ellende in die townships en die provinsie geblameer. Die persepsie onder Suid-Afrikaanse burgers in die armoede-geteisterde areas is dat hulle met die buitelanders om skaars hulpbronne meeding.

4.3.1 SAPD PROVINSIALE OPERASIONELE PRIORITEITE

Die Suid-Afrikaanse Polisie se strategiese prioriteite in die Wes-Kaap vir 2010/11 sluit onder meer misdaadvoorkoming van alle misdaad, misdaadpersepsiebestuur, bestryding van korrupsie, misdaadondersoek, implementering van sektorpolisiëring, georganiseerde misdaad en hulp met die ondersoekwerk van die speurdiens.

Die Wes-Kaap provinsiale operasionele prioriteite het nie bepaal watter spesifieke tipes misdaad in die kontakmisdaadkategorieë geprioritiseer sal word nie. Daar moet op gelet word dat die Suid-Afrikaanse Polisie se misdaadprioriteite wyd is, wat vergelykings moeilik maak.

4.3.2 GEÏDENTIFISEERDE POLISIËRINGSBEHOEFTE EN -PRIORITEITE VAN DIE GEMEENSAPPE

4.3.2.1 GEÏDENTIFISEERDE KATEGORIEË VAN TOPPRIORITEITMISDAAD IN DIE PROVINSIE

Grafiek 1 weerspieël die frekwensie van die topprioriteitmisdade wat deur die gemeenskappe onder prioriteitsmisdade een geïdentifiseer was. Volgens die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskappe word die provinsie hoofsaaklik deur kontakmisdaad geteister. 'n Kontak- of gewelddadigheid hou 'n meer skadelike bedreiging vir Suid-Afrika in as misdaad in die algemeen. Hierdie tipe misdaad sal altyd 'n ernstiger psigologiese impak as ander tipes misdaad hê.

¹² Departement van Gemeenskapsveiligheid, Provinsiale Misdaadoorsig, 2010/11, ongepubliseer


¹³ Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 6 Julie 2010

¹⁴ Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 6 Julie 2010

¹⁵ Suid-Afrikaanse Polisie Jaarlikse prestasieverlag, SAPD, 2009/10



Grafiek 1: Top vyf prioriteitsmisdade in die Wes-Kaap Provinsie (PBP's deur die gemeenskap geïdentifiseer)



Die top vyf misdade in die provinsie soos deur die gemeenskappe van die Wes-Kaap geïdentifiseer, sluit **aanranding ELB, geslagsmisdade, gewone aanranding, gewone berowing** en **gesinsgeweld** in.

Vergeleke met die vorige finansiële jaar 2009/10 blyk dit dat aanranding ELB en gewone berowing steeds in die lys van topprioriteitsmisdade in die provinsie voorkom. Seksuele misdade, gewone aanranding en gesinsgeweld het inbraak by wonings, dwelmverwante misdade en moord vervang wat in die vorige finansiële jaar (2009/10) as topprioriteitsmisdade geïdentifiseer was.

1) AANRANDING ELB

Volgens die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskappe word die provinsie hoofsaaklik deur kontakmisdad in die gesig gestaar¹⁶, met aanranding ELB as die topprioriteitsmisdad in hierdie geval. Die hoofkategorie wat tot aanranding ELB bydra, is alkohol, dwelmmisbruik en gesinsgeweld. Die meeste skuldiges aan aanranding ELB is mans, en die geselle van die slagoffers. Volgens die SAPD se Jaarverslag vir 2009/19 behels die meeste aanranding ELB slagoffers en skuldiges wat mekaar ken (hetsy as gesinslede, vriende, kennisse of kollegas).

Aanranding ELB vind meestal tuis, by klubs, kroë, werkplekke of ander sosiale vergaderplekke plaas. Aanranding ELB veroorsaak gewoonlik ernstige fisiese, psigologiese en materiële skade aan slagoffers, en laat blywende letsels op die psige van die Suid-Afrikaanse samelewing en op die land se ekonomiese welstand. Dit maak dit noodsaaklik vir lede van die gemeenskap om die manier waarop hulle lewe te verander.

'n Onlangse studie van geweld¹⁷ het getoon dat die meeste van die aanrandings en moorde met messe of skerp voorwerpe gepleeg word. Dit is nodig dat die Regering met 'n strategie vorendag kom om teen wapens en skerp voorwerpe op te tree wat in sulke misdade gebruik word.

¹⁶ Kontakmisdad is 'n misdad teen 'n persoon, en dit behels fisiese kontak tussen die skuldiges en die slagoffers.

¹⁷ Die Sentrum vir die Studie van Geweld en Versoening (SSGV), *Tackling Armed Violence*, Maart 2010.

II) SEKSUELE MISDADE

Volgens die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskappe is seksuele misdade ook 'n bron van kommer. Weens die aard van hierdie misdrywe verteenwoordig seksuele misdaadstatistiek dikwels 'n omstrede terrein. Mense is huiwerig om hierdie misdade aan te meld, met die gevolg dat daar min gevalle van seksuele misdaad aangemeld word¹⁸. Alkohol en drankmisbruik gaan met seksuele misdaad gepaard.

Mense wat onder die invloed van alkohol en dwelms is, word as losbandig beskou en is kwesbaar om seksueel aangerand te word. Die skuldiges aan seksuele misdade is dikwels hoofsaaklik die gesel, minnaar of gade van die slagoffer of, in sommige gevalle, 'n nabye familielid. Mense wat aan seksuele misdaad onderwerp word, is meestal vrouens en kinders. Dit is belangrik om die gemeenskap oor die verantwoordelike gebruik van alkohol op te voed, en om die stryd teen dwelmmisbruik te intensifiseer. Dit is nodig om 'n omgewing te skep waarbinne slagoffers van seksuele misdade veilig voel.

III) GEWONE AANRANDING

Volgens die SAPD se misdaadstatistiek in die provinsie het gewone aanranding met 8.6% toegeneem. Gewone aanranding is 'n sosiale ervaring wat tussen mense wat mekaar ken in die privaatheid van hul eie huise plaasvind. Hierdie tipe misdaad kan nie deur konvensionele polisiëring voorkom word nie, en plaas die verantwoordelikheid op die lede van die gemeenskap om hul leefwyse te verander ten einde te voorkom dat hulle misdaadslagoffers word¹⁹.

IV) GEWONE BEROWING

Volgens die aangemelde misdaadstatistiek 2009/10 het gewone berowing in die provinsie met 12.3% toegeneem. Volgens die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskappe bly gewone roof ook 'n probleem in die provinsie. Middelemisbruik, hoofsaaklik alkoholmisbruik, word voortdurend geïdentifiseer as op die voorpunt van die oorsake van misdaad in die provinsie, veral geweldmisdade. Die misdaadstatistiek vir 2009/10 het bevestig dat byna die helfte (45%) van die dwelmverwante misdade in die land in die Wes-Kaap aangeteken is. Vergeleke met die syfers vir 2008/09 het dwelmverwante misdaad met 14.5% toegeneem. Dit is skokkend dat vir dwelmverwante misdaad die syfers vir 2009/10 200% hoër is as dié vir 2003/04. Daarbenewens word die provinsie gekenmerk deur vroeë donker in die winter, wat pendelaars op pad na en van die werk kwesbaar vir misdaad maak.

V) GESINSGEWELD

Die gemeenskappe het gesinsgeweld as 'n bron van kommer in die provinsie geïdentifiseer. Dit gebeur gereeld dat individue wat in huishoudelike verhoudings saam woon, daaglik op die een of ander vlak misbruik moet verduur. Daar moet op gelet word dat die SAPD nie gesinsgeweld as een van hul misdaadkategorieë lys nie. Voorvalle van gesinsgeweld word in 'n aparte gesinsgeweldregister aangeteken. Die aanmelding van gesinsgeweld in die provinsie het toegeneem.²⁰

Die polisie het nie 'n aparte misdaadkategorie vir gesinsgeweld nie, en dit is belangrik dat hierdie kategorie daargestel word ten einde die aanmelding van gesinsgeweld vir die publiek te verbeter. Ten einde die probleem van gesinsgeweld die hoof te bied, moet **Kaap Wynland** maatskaplike intervensies kragdadiglik ingestel word.

¹⁸ SA Crime Quarterly, nr. 22, Instituut vir Sekerheidstudies, Desember 2007

¹⁹ SAPD Jaarplan 2010/11

²⁰ In Loco inspection report, Departement van Gemeenskapsveiligheid, ongepubliseer



VI) TOPPRIORITEITMISDADE WAT DEUR DIE SAKESSEKTOR GEÏDENTIFISEER IS (BTMWK)

Volgens die BTMWK is die vyf prioriteitsmisdade **gewapende roof (roof by nie-residensiële persele), inbraak by sakepersele, bedrog (handelsmisdade), kaping (vragmotorkaping)** en **diefstal van motorvoertuie**. Daar bestaan geen ooreenkomste tussen die top prioriteitsmisdade wat deur die sakesektor en die gemeenskapgebaseerde strukture geïdentifiseer is nie. Die sakesektor is oorwegend begaan oor eiendomverwante misdade en erge roof.


In 2007/08 het roof by nie-residensiële (gewapende roof) met 166% toegeneem, vanaf 635 tot 1 058 gevalle wat in 2008/09 gerapporteer is. In 2009/10 het die aangemelde gevalle by nie-residensiële persele gestabiliseer met 1 058 gevalle, wat dieselfde aantal is as wat in die vorige jaar (2008.09) aangemeld is. Inbraak by sakepersele in die provinsie het volgens die misdaadstatistiek 2009/10 met 10.5% toegeneem. Vergeleke met 2008/09 het handelsmisdade in 2009/10 met 2.9% toegeneem. Volgens die aangemelde misdaadstatistiek 2009/10 het motorvoertuigdiefstal en vragmotorkapings in die provinsie met onderskeidelik 7.2% en 52% afgeneem.

Alhoewel hierdie misdade afgeneem het, is die persepsie van die BTMWK steeds dat hierdie misdaadkategorieë geprioritiseer moet word.

4.3.2.2 DIKWELS GENOEMDE PRIORITEITMISDADE

Volgens die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskap is die vyf mees dikwels genoemde kategorieë van prioriteitsmisdade **inbraak by wonings, gesinsgeweld, aanranding ELB, seksuele misdade²¹ en gewone aanranding**.

Byna al die geïdentifiseerde prioriteitsmisdade is dikwels in die vorige finansiële jaar 2009/10 deur die gemeenskappe genoem, met die uitsondering van **gewone aanranding** wat dwelmvverwante misdade vervang. Middelemisbruik sal in 'n aparte afdeling bespreek word.



²¹ Gesinsgeweld sluit seksuele misbruik, fisiese misbruik of geweld, beskadiging van eiendom, emosionele misbruik, en enige ander beheer- of misbruikende gedrag in wat 'n persoon se veiligheid, gesondheid of welsyn bedreig.

I) INBRAAK BY WONINGS

Inbraak by wonings is as een van die dikwels genoemde misdade in die provinsie geïdentifiseer. Volgens die 2009/10 misdaadstatistiek vir die provinsie het inbraak by wonings met 0.9% toegeneem. Alhoewel die toename in aangemelde gevalle van inbraak gering is, is die psigologiese uitwerking op die slagoffers meer ernstig. In die vorige finansiële jaar 2009/10 het gemeenskappe werkloosheid en armoede, dwelmmisbruik, en 'n tekort aan polisie sigbaarheid as die groot bydraers tot misdaad in die provinsie geïdentifiseer. Daar is verskillende denkrigtings met betrekking tot die uitwerking van sosio-ekonomiese status op misdaad. Party meen dat daar geen skakel tussen werkloosheid en misdaad bestaan nie aangesien die meeste werklose mense wat in armoede leef nie misdaad pleeg nie. Daar word aangetoon dat die oorsake van misdaad in die gemoed van 'n persoon geleë is²². Wanneer hierdie faktore by 'n misdadige gemoed gevoeg word, skep dit 'n geleentheid om 'n misdaad te pleeg.

II) RAMPOKKERY

"Die meeste bendes op die Kaapse Vlakte is tot 'n mate by die dwelmhandel betrokke. Dwelms handel deur bendes strek vanaf straatvlakverkope tot groothandelverspreiding." (Monitor bladsy 29) Die algemene persepsie is dat daar 'n noue verband tussen bendes en dwelms bestaan.

Die meeste van die deelnemers het dwelms as 'n probleem geïdentifiseer, maar oor die algemeen het deelnemers bendes nie as 'n misdaadprobleem beskou nie. Die tema van rampokkery kan duidelik geïdentifiseer word uit die vrae wat lede van die gemeenskap tydens die LUR vir Gemeenskapsveiligheid se uitreikprogramme gestel het. Wanneer iemand in 'n bepaalde area doodgemaak word, trek rampokkery gewoonlik die aandag. Bendegegeweld word met dwelms verbind. Wanneer daar geen geweld gepleeg word nie, gaan bendeaktiwiteite soos dwelmhandel relatief ongehinderd voort. Die afwesigheid van bendeverwante geweld beteken nie dat daar geen bendeaktiwiteite in hierdie gemeenskappe is nie. Die gebruik van onwettige dwelms in die gemeenskap kan op die voorkoms van bendeaktiwiteite dui.


Tydens die PBP's (2009/10) is rampokkery ook nie as 'n misdaad geïdentifiseer nie, maar as een van die oorsake van misdaad. Die onvermoë van gemeenskappe om "rampokkery" as 'n misdadige handeling te identifiseer is 'n duidelike aanduiding van 'n gebrek aan begrip of kennis van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, wat mense kriminaliseer wat bendeaktiwiteite organiseer of bevorder. Die wet word algemeen beskou as 'n poging om bende-aktiwiteit te bekamp.

22 Economic adversity on crime trends and issues in crime and criminal justice no 40, Australian Institute of Criminology, D Weatherburn.



4.3.2.3 DIENSLEWERINGSKWESSIES

Wanneer gemeenskappe die dienste van die SAPD nodig het of wanneer hulle beskerming benodig, geskied kontak van die gemeenskappe met die SAPD gewoonlik deur die GDS. Vir daardie lede van die gemeenskap wat 'n misdaad aanmeld of wat getuies is wanneer misdaad gepleeg word, is die getuiesbeskermingsprogram van lewensbelang. Die vlak waarop die gemeenskap met hierdie dienste tevrede is, is deurslaggewend vir doeltreffende polisiëring. Hierdie dienste word egter deur die toewysing en benutting van hulpbronne deur die SAPD beïnvloed. Die grafiek hieronder illustreer die vlakke van al die bogenoemde diensleweringverwante kategorieë.



1) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Sewentig persent (70%) van deelnemers meen dat die polisie onvoldoende toegerus is om misdaad in hul area te beheer, en 30% het die hulpbronne as ontoereikend geïdentifiseer om misdaad in hul onderskeie gemeenskappe die hoof te bied. Die hulprontekortkominge wat geïdentifiseer was, sluit in 'n tekort aan polisievoertuie en polisiebeamptes, 'n gebrek aan polisesigbaarheid, die grootte van die poliestasies en sektore, en stadige responstye om op klagtes te reageer. Dertig persent (30%) van deelnemers meen dat, gegewe die beperkte hulpbronne, die polisie hul bes doen. Die gemeenskappe het aanbeveel dat meer polisiebeamptes en voertuie aan hul onderskeie poliestasies toegesê moet word ten einde dienslewering te verbeter.

II) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Vyf en vyftig persent (55%) van die deelnemers meen dat die polisiebeamptes hulpbronne doeltreffend gebruik, terwyl 45% van mening is dat die polisie dit nie doen nie. Meeste gemeenskapslede meen dat die polisiebeamptes die polisievoertuie vir persoonlike doeleindes misbruik en dat die voertuie derhalwe die meeste van die tyd nie operasioneel is nie. Wanneer die gemeenskap vir hulp vra, word hulle ingelig dat die voertuie nie beskikbaar is nie.

Wanneer die vraag gestel word, "Wat kan gedoen word om die toebedeling en benutting van hulpbronne in die onderskeie areas te verbeter, het 68% van die gemeenskap aangedui dat meer toegewyde polisiebeamptes in diens geneem moet word, was 57% van mening dat die aantal polisievoertuie vermeerder moet word, en was 50% van mening dat meer polisiebeamptes by die GDS'e ontplooi moet word. Van die ander voorstelle was dat patrollies deur honde-eenhede ingestel moet word, dat die taalvaardigheid van die beamptes in die taal van die plaaslike gemeenskap waar hulle werk ontwikkel moet word, en dat die beamptes opgelei moet word om op 'n hoflike wyse met die gemeenskapslede in hul huistaal om te gaan.

Wat dienslewering betref, het die BTMWK aangedui dat die hulpbronne waarmee die SAPD toegerus is, nie geskik is vir die bestryding van misdade wat besighede affekteer nie. Die mensehulpbronne as geheel is nie doeltreffend vir die uitvoer van behoorlike sektorpolisiëring nie. Daar word gerapporteer dat die hulpbronne by die polisiestasies nie toeganklik vir die besigheidsgemeenskap is nie, behalwe deur middel van Misdadforums of Gemeenskapspolisiëforums. Wat die benutting van hulpbronne betref, is die sakesektor van mening dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie. Te veel polisievoertuie word gesien op pad na en van hul wonings met gesinslede of vriende as passasiers. In sekere gevalle is die responstye op klagtes onaanvaarbaar.

III) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUM (GDS)

Op die vraag, "Is daar genoeg polisiebeamptes wat mense by die Gemeenskapsdienssentrum bystaan", het 58% van die deelnemers geantwoord dat daar wel genoeg is, terwyl 42% meen dat daar nie genoeg is nie.

(A) POLISIEOPTREDE BY DIE GDS

Vier en sewentig persent (74%) van deelnemers stem saam dat ondanks tekorte van hulpbronne en personeel, daardie polisiebeamptes wat by GDS'e diens doen hoflik en hulpvaardig is, terwyl 26% nie saamstem nie.

Hierdie is 'n belangrike statistiek as ons die institusionele belangrikheid van sagte vaardighede by die strewe na doeltreffende dienslewering²³ in ag neem. Wanneer gemeenskapslede met waardigheid behandel word, is daar 'n beter kans dat hulle 'n vertrouensvenootskap met die plaaslike polisie diens sal vorm.

23 Dutton, Eli; Nickson, Dennis; Warhurst, Chris. (2005) "The importance of attitude and appearance in the service encounter in retail and hospitality". *Managing Service Quality*, 15: 2 (195 – 208).



The gemeenskappe het voorgestel dat groter en meer gebruikersvriendelike polisiestases gebou word om privaatheid aan traumaslagoffers te bied. Ook om meer opgeleide en toegewyde polisiebeamptes by die GDS'e te ontplooi wat die klaers in hul huistaal kan aanspreek, en dus word die opleiding in kommunikasievaardighede van polisiebeamptes by die GDS aanbeveel.

IV) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Dit is moeilik om die bevrediging met die diens wat gelewer word akkuraat te weerspieël in situasies waar die uitkoms van ondersoeke 'n uitwerking kan hê op die lede van die gemeenskap se persepsie van doeltreffendheid. Nogtans toon die grafiek dat 56% van die lede van die gemeenskap tevrede is met die dienste wat deur die speurders in hul area gelewer word, terwyl 44% negatief resondeer.

Party van die probleme wat deur die gemeenskappe geïdentifiseer is, sluit in die tekort aan ondersoekers, tekort aan terugvoer wat deur die speurders aan klaers gegee word, geen behoorlike ondersoek van gevalle nie, tekort aan deskundigheid, en lang tydperke wat aan die ondersoek en afhandeling van gevalle bestee word.

Wanneer gevra word "Wat kan gedoen word om die dienste wat deur die speurders in jou area gelewer word te verbeter", het 61% van gemeenskapslede saamgestem dat daar 'n behoefte is om meer vaardige speurders opgelei moet word, 47% gemeen dat speurders opgelei moet word, en 39% gemeen dat die werkklas van speurders verlig moet word. Die speurders het meer toegang tot vervoer en kommunikasietoerusting nodig, en 'n sentrale plek om gemeenskapsbehoefte die hoof te bied.

Die sakegemeenskap BTMWK het aangedui dat die dienste wat deur speurders gelewer word nie bevredigend is nie omdat hul ervaringsvlak laag is. Om die dienste te verbeter, moet vaardiger speurders gewerf word, meer opleiding verskaf word om hul werkklas te verminder, en die speurders met meer hulpbronne toegerus word en die uniforme navorsingstak herstel word om minder ernstige sale te hanteer.

V) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Grafiek 3 weerspieël die ontsparing van kommunikasie in die polisiegesteunde getuiesbeskerming. Nege en veertig persent (49% van die deelnemers weet nie of die getuies van misdaad beskerm word nie, terwyl 29% meen dat hulle beskerm word, en 22% dink dat die getuies nie beskerm word nie.

Die getuiesbeskermingsprogram bied ruimte vir polisiebeamptes om 'n meer holistiese metode na te streef om met misdaad en misdadigheid in gemeenskappe te werk. Met die tekort aan getuiesbeskermingsprogramme is suksesvolle vervolging nie moontlik nie.

Met 'n oop-vraag responsformaat het deelnemers opvoeding, teenkorrupsiemaatreëls, en verhoogde getuiesbeskerming as die drie hoofemas vir die verbetering van getuiesbeskermingsprogramme geïdentifiseer. Die meerderheid van mense wat hierdie opsionele vraag beantwoord het, het gefokus op wat in die vorige vrae onthul was, in dié sin dat daar eenvoudig 'n tekort aan inligting oor die program was. Die ander temas handel oor die onbetroubaarheid van die polisie m.b.t. die beskerming van getuies in die oë van die gemeenskap.

VI) POLISIESIGBAARHEID

Polisiesigbaarheid in die Wes-Kaap Provinsie			
Nr.	Streke	Frekwensie	Persentasie ²⁴
1.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag doen	444	33
2.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die nag doen	494	37
3.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag en nag doen	914	68
4.	Meer stop-en-deursoek-aksies in die area	751	56
5.	Volle implementering van sektorpolisiëring in die area	677	50
6.	Ander	86	6
7.	Geen antwoorde nie	37	3

Wanneer hulle gevra word wat sou help om Polisiesigbaarheid in die gemeenskap te verbeter, was die meeste deelnemers ten gunste van opsies wat 'n toename behels van die fisiese teenwoordigheid van polisiebeamptes wat optredes soos stop-en-deursoek-aksies uitvoer. Agt en sestig persent (68%) van deelnemers het gemeen dat die polisie hul spesifieke areas bedags en snags moet patrolleer, 56% dink dat meer stop-en-deursoek-aksies in die provinsie uitgevoer moet word.

Vyftig persent (50%) van die deelnemers was ook van mening dat die volle implementering van sektorpolisiëring toegepas moet word. Polisiepatrollies behoort etlike kere per dag in die sakesektor uitgevoer te word. Meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag, en meer stop-en-deursoek-aksies moet ook uitgevoer word.

Geïntegreerde responsaksies met Metropolisie/ Verkeersdepartement/ Wetstoepassing van munisipaliteite en die private sekuriteitsmaatskappye moet uitgevoer word. Herinstelling van die blitspatrollies om ernstige klagtes te ondersoek, moet versnel word.

²⁴ Party van die deelnemers het meer as een diensleweringskategorie geselekteer, wat beteken dat die totale van die persentasies 100% oorskry.



VII) POLISIERESPONSTYD IN NOODSITUASIES

	Responstyd	Frekwensie	Geldige Persentasie
Geldig	5-10 minute	955	74
	10-15 minute	218	17
	15-20 minute	74	6
	20-30 minute	28	2
	30-60 minute	21	1
	TOTAAL	1296	100

Soos in die meeste van die ander response weerspieël word, is daar 'n begeerte by die gemeenskapslede dat die polisie met die gemeenskap op 'n professionele wyse omgaan, wat deur snelle kommunikasie gekenmerk word. Die verwagte tyd vir die polisie om op noodsituasies te repondeer, is 5 tot 10 minute. Vier en sewentig persent (74%) van deelnemers dring daarop aan dat die polisie binne 5-10 minute op 'n noodoproep moet repondeer om die kans te verhoog dat bewyse gekry sal word, en ook om die misdaadtoneel te beveilig. Daar moet egter op gelet word dat die SAPD se standaardreaksietyd op misdadaasituasies 15 minute is²⁵.


Op 'n vraag oor wat gedoen kan word om die tydsverloop van polisieponse op versoeke om hulp te verbeter, het 57% van Gemeenskappolisieforums vir 'n toename in die aantal polisievoertuie gevra, en 76% vir 'n toename in polisie sigbaarheid en patrollies. Die deelnemers (Gemeenskappolisieforums) meen ook dat daar 'n toename in SAPD-personeel en meer doeltreffende Gemeenskapsdienssentrums moet wees, en dat buurtwagprogramme aangemoedig moet word.

VIII) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die daarstel van GPF's was om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en die polisie meer bewus van die behoeftes van die gemeenskap te maak. Om hierdie doel te bereik moet GPF's insette tot die polisieplan en hulpbrontoewysing van die SAPD lewer. Om die verhouding tussen die polisie en die gemeenskap te assesser, is die deelnemers gevra om aan te toon of die GPF's insette tot die stasieplanne, en hoedat die hulpbronne deur die polisie toegesê word, te lewer.

²⁵ SAPD Prestasieplan, Jaar van Gemeenskapsentrusms, SAPD, 2010/11.

Grafiek 4: Verhoudings tussen gemeenskap en polisie in die Wes-Kaap Provinsie



Daar is 'n aanduiding dat kommunikasie, opvoeding en deursigtigheid areas is wat onmiddellike aandag verg. Twee en veertig persent (42%) van deelnemers was nie bewus van die feit dat die GPF's insette tot die stasieplan van die area kan lewer nie. Alhoewel dit bemoedigend is dat 42% van die deelnemers positief gereageer het op die vraag, "Lewer die GPF insette tot die manier waarop hulpbronne deur die polisie in hul area toebedeel word", is dit verontrustend dat byna dieselfde persentasie geen idee het dat hierdie dialoog plaasvind, of wat, indien enige, die impak daarvan op die uitkoms van besluite is nie. Byna dieselfde persentasie van deelnemers het beweer dat hulle insette tot die stasieplan en toebedeling van hulpbronne lewer. Dit wil voorkom dat die lewering van insette van die totale voorkeur van die plaaslike stasie afhang. Lede van GPF's en Stasiebevelvoerders moet oor hierdie kwessie gesensitiseer word.


Volgens die BTMVK voorsien die polisie nie verslae oor hoedat hulpbronne benut word nie, en laat hulle nie toe dat insette in die polisie stasieplan of die manier waarop hulpbronne toegesê word gelewer word nie, aangesien dit nie hul mandaat is om dit te doen nie. Die polisie voorsien egter wel inligting oor misdaad en polisiëringskwessies by die sakesektorvergaderings. Om polisie verantwoordbaarheid te verbeter stel die organisasie voor dat die GPF meer van 'n burgerlike toesigrol moet speel wat die begroting en misdaad op die poliestasievlak betref. Die organisasie is nie deel van die Provinsiale Gemeenskapspolisieraad nie, en woon nie hul vergaderings by nie. Daar is aanbeveel dat dit nodig is om die strategiese alliansie tussen die BTMVK en die SAPD te verbeter.

4.3.2.4 MIDDELEMISBRUIK

Volgens die aangemelde misdaadstatistiek vir die 2009/10 finansiële jaar is byna die helfte van die statistieke vir "Dwelmv verwante misdade" in die Wes-Kaap aangemeld. By nadere betragting het dit geblyk dat die aantal mense wat bystand by rehabilitasiesentrums gevra het, verdubbel het. Tesame met die feit dat die Nasionale en Wes-Kaapse regering die stryd teen middelemisbruik geprioritiseer het, en dat dwelm- en alkoholmisbruik as twee van die vernaamste fasiliteerders van misdaad beskou word, poog die verslag om 'n bydrae tot die beskikbare inligting te lewer ten einde die fenomene in terme van polisiëringsbehoefte en prioriteite beter te verstaan .



Agt en tagtig persent (88%) van die gemeenskapslede is bewus dat hul eie gemeenskappe deur die ontlukende nasionale probleem van middelemisbruik deurtrek is. Om te erken dat middelemisbruik 'n probleem is, kan tot 'n beter begrip van die impak daarvan op misdadigheid in die gemeenskap lei, en kan 'n meer waaksame gemeenskap tot gevolg hê wat meer bereid is om areas te identifiseer wat middelemisbruik aanspoor, en om dit te rapporteer.



Volgens misdaadstatistieke het misdaad wat deur polisie-optrede opgespoor word, met 15.3% toegeneem, van 67 836 in 2008/09 tot 78 234 in 2009/10, waar die grootste gros daarvan dwelmverwante misdaad is. Insgelyks het kontakmisdaad in die provinsie met 6% van 88 818 in 2008/09 tot 94 146 in 2009/10 toegeneem.

In die Wes-Kaap bied die toename in dwelmverwante misdaad 'n spieëlbeeld van die dwelmmisbruikprobleem. Die Wes-Kaap is vir ongeveer 45% van die nasionale dwelmverwante misdaad verantwoordelik, wat rede tot kommer bied. 'n Aantal navorsingstudies het die verband tussen misdaad en dwelmmisbruik bevestig; vandaar dat die toename in aanranding ELB, rowery en seksmisdade waarskynlik die gevolg van middelemisbruik is²⁶. Gevolglik is dit vir die SAPD nodig om 'n omvattende strategie vir die vermindering van dwelmvoorsiening te ontwikkel, wat op 'n kwartaallikse basis gemoniteer kan word.

Diegene wat die vraag hierbo beantwoord het, is toe gevra of hulle tevrede is met die polisie se hantering van onwettige sjebiens en dwelmafsetpunte. Van die 88% van die bevolking wat middelemisbruik as 'n gemeenskapsprobleem beskou het, was minder as die helfte (44%) tevrede met die polisie se pogings om die probleem te bekamp. Dit toon dat 'n meerderheid meen dat alhoewel middelemisbruik algemeen as 'n probleem en 'n faktor in misdadigheid deur sowel die gemeenskap as die polisie beskou word, die brandpunte van sulke nadelige gedrag dikwels ongesteurd gelaat word.

²⁶ Departement van Gemeenskapsveiligheid, Provinsiale Misdadaorsig, 2010/11, ongepubliseer

Die gemeenskappe het voorgestel:

- Dat onwettige klopjagte op 'n gereelde grondslag op sjebiens uitgevoer word, en nie slegs oor naweke nie, en dat sjebieneienaars gearresteer en stewige boetes en strenger strawwe gegee word.
- Die munisipale wonings wat deur dwelmbase vir hul aktiwiteite gebruik word, moet deur die munisipaliteit gekonfiskeer word.
- Gespesialiseerde eenhede moet gevestig word om teen drank- en dwelmafsetpunte op te tree.
- Die sluitingstye van wettige sjebiens moet gemoniteer word.
- Die polisie moet in vennootskappe met gemeenskapsleiers, gemeenskapstrukture en munisipaliteite werk om die probleem van middelemisbruik, met behoud van deursigtigheid, die hoof te bied.
- Om die jonger geslagte tot samewerking oor die gevare van middelemisbruik aan te spoor, moet indiensneming en bemagtigingsprogramme as voorkomende maatreëls in gemeenskappe uitgerol word.
- Korrupsie moet beveg word aangesien dit pogings van die gemeenskap en die polisie om misdaad te bestry, benadeel.

Die belangrikste van alle tekortkominge m.b.t. die Wes-Kaap se pogings teen dwelms is die hardnekkige bewerings van polisiekorruptie waar omkoopgeld van dwelmbase en sjebieneienaars ontvang om inligting te deel oor wanneer strooptogte uitgevoer gaan word. Korrupsie vernietig die vertroue tussen die polisie en lede van die gemeenskap, en stomp die inisiatiewe af om dwelmhandel te bestry. Ondanks die duidelike erns waarmee Kaapstad se polisie in die onlangse verlede die dwelmhandel benader, bly geïdentifiseerde persepsies van polisiekorruptie en medepligtigheid in die dwelmhandel hoog.

4.3.2.5 VERDERE KWESSIES AANGAANDE POLISIËRING

Die gemeenskappe is gevra om kommentaar te lewer oor kwessies wat hulle geïdentifiseer het as synde nie in die studie gemeld nie. Die sleutelkwessies wat geïdentifiseer is, het die volgende breë temas ingesluit:

I) TRANSFORMASIE VAN DIE BEELD VAN DIE POLISIEDIENS

Die polisiebeamptes moet toegewyd en vriendelik wees, en die lede van die gemeenskap met respek en waardigheid behandel. Die beeld van die polisie moet verbeter word aangesien sekere korrupte polisiebeamptes die beeld van die diens skaad. Die SAPD-bestuur moet meer kragdadig wees in hul optrede teen korrupte beamptes, en moet meer reserviste werf.

II) GEÏNTEGREERDE BENADERING

Die polisie moet nie in isolasie werk nie – meer rolspelers soos die geloofgebaseerde organisasies, nie-regeringsorganisasies, sakesektore, en staatsdepartemente behoort betrokke te wees en 'n rol in die stryd teen misdaad te speel. Vennootskappe tussen die polisie en die GPF moet verbeter word, en die GPF's moet erken word as sleutelrolspelers in misdaadvoorkoming.



Deelname deur die breër gemeenskap moet aangespoor word deur misdaadvoorkomingsinisiatiewe in gemeenskappe uit te rol.

III) SAPD-BESTUUR SE BETROKKENHEID BY, EN KOMMUNIKASIE MET GEMEENSAPPE

Die gemeenskappe meen dat wanneer nuwe Stasiebevelvoerders aangestel word, hulle aan die gemeenskapsleiers en die GPF voorgestel moet word. Dit kan aanleiding tot verbeterde vennootskap en gemeenskap-polisie-verhoudings gee. Polisiebeamptes op die bestuursvlak moet nie te dikwels verplaas word nie aangesien dit ook dienslewering beïnvloed. Die lede van die breër publiek behoort deur 'n wye verskeidenheid media ingelig te word oor wat daar in hul individuele polisiestasies gebeur. Die gemeenskappe meen dat die polisie aan hulle toerekenbaar moet wees ten einde deursigtigheid te verseker.

IV) AANSPORING VIR PRESTERENDE POLISIEBEAMPTES

Aan die toegewyde polisiebeamptes wat goed presteer moet aansporings toegeken word as 'n manier om hulle in hul prestasie te motiveer. Vir die swak-presterende polisiebeamptes moet berading- en ondervragingsessies gehou word om hul selfvertroue 'n hupstoot te gee.

4.4 OORSIG VAN DIE BEVINDINGE VAN DISTRIKSMUNISIPALITEITE EN METROPOLE

Die volgende afdeling bied 'n ontleding van data met betrekking tot die sosio-ekonomiese profiele, prioriteitsmisdade, diensleweringkweessies en aanbevelings per distriksmunisipaliteit.

4.4.1 KAAPSE WYNLAND DISTRIKSMUNISIPALITEIT

Die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit (KWDM) is in die middel van die Wes-Kaap Provinsie geleë, en beslaan 'n area van 22 289 km². Na die stad Kaapstad het hierdie distrik die grootste bevolking in die Wes-Kaap.


Tussen 2001 en 2006 was die WKDM se gemiddelde jaarlikse bevolkingsgroeikoers 0.6%²⁷. Die totale bevolking vir die Kaapse Wynland is 712 418. Werkloosheid is hoër in die groter landelike areas, soos die Stellenbosch area.

Verder word geskat dat die jaarlikse gemiddelde bevolkingsgroeikoers tussen 2006 en 2010²⁸ tot 0.3% sal daal, om teen 2010 'n geraamde bevolking van 656 902 te bereik. Middelemisbruik en geweld teen vrouens en kinders is probleme in hierdie area. Die Distriksmunisipaliteit bestaan uit 4 polisieklusters, naamlik Ceres, Stellenbosch, Paarl en Worcester.

4.4.1.1. OORSIG VAN DIE GEÏDENTIFISEERDE PBP'S VAN DIE KAAPSE WYNLAND-MUNISIPALITEIT

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

GRAFIEK 6: KAAPSE WYNLAND TOP PRIORITEITSMISDAADKATEGORIEË (PBP'S DEUR DIE GEMEENSAP GEÏDENTIFISEER)




GEMEENSAPVEILIGHEID

Die grafiek hierbo weerspieël die topprioriteitsmisdade wat deur deelnemers van die gemeenskappe geïdentifiseer is wat deur die polisiestasies gedien word wat binne die Kaapse Wynland distrikmunisipaliteit val.

Die topprioriteitsmisdade in hierdie distrik is: aanranding ELB, seksuele misdrywe, gewone aanranding, gewone roof, gesinsgeweld en moord.

II) MEES DIKWELS GENOEMDE PRIORITEITSMISDADE




Die vyf mees dikwels waargenome misdade in die Kaapse Wynland is **gesinsgeweld, aanranding ELB, inbraak by wonings, seksuele misdade** en **gewone aanranding**. Met die uitsondering van dwelmverwante misdade is al die dikwels genoemde misdade in die studie van die vorige finansiële jaar geïdentifiseer.

III) DIENSLEWERINGSKWESSIES

Diensleweringkwessies hou verband met daardie kwessies wat die tekort aan dienslewering deur die SAPD beïnvloed. Die kwessies behels vrae wat verband hou met die geskiktheid van polisie hulpbronne om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied, benutting van hulpbronne, aantal polisiebeamptes in die GDS, die SAPD se interaksie met die publiek, speurdienste en die getuiesbeskermingsplan, sowel as polisie sigbaarheid en die polisie responstyd in noodgevalle.

Die grafiek hieronder illustreer die waargenome vlakke van die eerste ses van die bogenoemde diensleweringkategorieë, en 'n bespreking hiervan volg op die grafiek.

Grafiek 8: Diensleweringskwessies in die Kaapse Wynland se distriksmunisipaliteit



1V) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die grafiek toon dat die meerderheid van deelnemers (64%) geïdentifiseer het dat die polisie-hulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 36% van deelnemers geïdentifiseer het dat hierdie hulpbronne geskik is.

V) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Gemeenskapslede is gevra of polisie-hulpbronne doeltreffend benut word. Die meerderheid van deelnemers (58%) het saamgestem dat die hulpbronne doeltreffende benut word. Slegs 42% van deelnemers het aangedui dat hierdie hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie.

VI) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Met betrekking tot die vraag of daar genoeg polisiebeamptes is wat mense in die Gemeenskapsdienssentrum (GDS) help, het die meeste van die deelnemers (64%) aangedui dat hulle nie waargeneem het dat dit die geval is nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

In die grafiek hierbo kan gesien word dat die meerderheid van deelnemers ('n konsensus van 75%) aangedui het dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk, hofflik en hulpvaardig teenoor die lede van die GDS was.

Dit is ondanks 'n waargenome tekort aan hulpbronne. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek.



VII) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (58%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word. Dit is in 'n mate moeilik om akkuraat te ontleed hoe tevrede deelnemers met die dienste is, want hulle kan deur die uitkomst van sake beïnvloed word. So byvoorbeeld was van die voorstelle oor wat gedoen moet word om hierdie dienste te verbeter dat meer vaardige speurders gehuur moet word, en dat meer hulpbronne vir die speurders voorsien moet word om hul ondersoek te verbeter.

VIII) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Dit is beduidend dat 31% van deelnemers dink dat getuies van misdade beskerm word. Daar is egter 44% wat geen benul het of getuies beskerming van die polisie ontvang het nie, terwyl 25% van deelnemers gedink het dat die polisie glad nie getuies beskerm nie. Hierdie breuk in die begrip van die beskermingsdiens wat die polisie vir getuies verskaf, beteken dat daar in die eerste plek 'n tekort aan vertroue in die werklike rapportering van misdade is, en ook dat daar 'n gebrek aan verwagtinge vir ondersteuning, opvolgwerk en uitkomst van misdade is wat in die gemeenskap gepleeg word.

Onkunde oor die beskerming wat die polisie bied, is een rede waarom deelnemers geantwoord het dat hulle nie weet nie, maar ander meer onheilspellende aspekte suggereer dat hierdie deelnemers die polisie as onbetroubaar beskou, of meen dat hulle nie oor getuies omgee nie.

IX) POLISIESIGBAARHEID

1.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag doen	444	33
2.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die nag doen	494	37
3.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag en nag doen	914	68
4.	Meer stop-en-deursoek-aksies in die area	751	56
5.	Volle implementering van sektorpolisiëring in die area	677	50
6.	Ander	86	6
7.	Geen antwoorde nie	37	3

Tabel 4 hierbo toon die response van gemeenskapslede toe hulle gevra is wat gedoen kan word om Polisie sigbaarheid in hul onderskeie areas te verbeter. Die meerderheid (70%) het gemeen dat 'n toename in dag- en nagpatrollies polisie sigbaarheid sou verbeter. Drie en veertig persent (43%) het gemeen dat 'n verhoging van polisiepatrollies gedurende die dag tot 'n toename in Polisie sigbaarheid sou lei, en 44% het gemeen dat om slegs nagpatrollies te vermeerder tot dieselfde resultaat sou lei. Nege en vyftig persent (59%) van deelnemers het meer 'stop en deursoek prosedures' voorgestel, en 51% het gemeen dat volle implementering van sektorpolisiëring oorweeg moet word om polisie sigbaarheid te verbeter.

30 Party van die deelnemers het meer as een dienslewingskategorie geselekteer, wat beteken dat die totale van die persentasies 100% oorskry.


X) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Polisie-respons in noodgevare in die provinsie			
	Responstyd	Frekwensie	Geldige Persentasie
Geldig	5-10 minute	955	74
	10-15 minute	218	17
	15-20 minute	74	6
	20-30 minute	28	2
	30-60 minute	21	1
	TOTAAL		1296

'n Duidelike meerderheid (68%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisieresponstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl slegs 19% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Voorstelle vir 'n beter responstyd het die volgende ingesluit: vermeerdering van die aantal polisievoertuie, verhoging van polisesigbaarheid, beter inbelsentrums en -operateurs, en die implementering van buurtwagprogramme in die onderskeie areas.

XI) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die daarstel van GPF's was om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en die polisie meer bewus van die behoeftes van die gemeenskap te maak. Om dit te bereik, moet die GPF van daardie gemeenskap inligting oor die planne van die poliestasie, en oor die toewysing van sy hulpbronne deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens hê.



Toe hulle gevra is of die GPF van hul area inligting oor die plan van die polisiestatie voorsien het, het 32% dit bevestig, terwyl 55% geantwoord het dat hulle nie geweet het nie. Op die vraag of die GPF inligting gegee het oor die manier waarop hulpbronne deur die polisie toegewys word, het die meerderheid van die lede (54%) aangedui dat hulle nie die inligting ontvang het nie, terwyl 31% aangedui het dat hulle wel die inligting ontvang het.

4.4.3 SENTRAAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT (SKDM)

Die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit (SKDM) is een van die vyf distrikte wat binne die Wes-Kaap Provinsie geleë is. Die distrik bestaan uit drie plaaslike munisipaliteite naamlik Beaufort Wes, Prince Albert, Laingsburg, sowel as die DMA, Murraysburg. Met 'n bevolking van 62 331 is Sentraal Karoo die kleinste distrik in die provinsie en moontlik in die land. Wat oppervlakte betref, is die distrik betreklik groot, naamlik 38 853 vierkante kilometer, wat die distrik 'n bevolkingsdigtheid van ongeveer 1.6 gee, dus die laagste in die land.

Sentraal Karoo is die grootste distrik in die Wes-Kaap Provinsie, wat natuurlik beteken dat die afstande tussen nedersettings binne die distrik enorm is.

Laingsburg is ongeveer 200km van Beaufort Wes af, terwyl Prince Albert 170km³¹ ver is. Die oorwegende taal in Sentraal Karoo is Afrikaans.

Sentraal Karoo het 'n werkloosheidsyfer van 20.5% Vyf en dertig persent (35%) van huishoudings verdien minder as R9 600 per jaar, en hulle leef onder die broodlyn.

4.4.2.1 MISDAADKWESSIONES

Die SKDM het een polisiekluster naamlik Beaufort Wes. In 2005 is die WNNR se Misdadvoorkomingsentrum (MVS) die taak gegee om 'n strategie te ontwikkel en om die implementering van die strategie te lei. Die doel was om huidige en toekomstige beleggings te beskerm wat deur vennote in die Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingsprogram gemaak is, sowel as om die oorsake van misdaad die hoof te bied. Die hoofbevindings van die studie suggereer alkoholmisbruik, onwettige sjebiens, kinders wat verwaarloos word, en 'n lae vlak van vertroue tussen die polisie en die gemeenskap. Die misbruik van alkohol weens die aantal onwettige sjebiens in die distrik is 'n ernstige bron van kommer in die Sentraal Karoo³².

Die groot getalle verwaarloosde kinders wat sonder toesig gelaat word, bedel naderhand in die strate, gebruik dwelms, en lê weens 'n tekort aan ontspanningsgeriewe by sjebiens en dobbelplekke rond. Daar is 'n noue verband tussen prostitusie wat in die area gerapporteer word, en die N1 nasionale pad³³.


J) Sentraal Karoo IDP, 2007 - 2011

K) Sentraal Karoo IDP, 2007 - 2011

L) Sentraal Karoo IDP, 2007 - 2011


4.4.2.2 OORSIG VAN DIE SKDM SE GEÏDENTIFISEERDE PDP'S

I) TOPPRIORITEITSMISDADE



Die grafiek hierbo weerspieël die topprioriteitsmisdaade wat deur die gemeenskappe onder prioriteitsmisdaad een geïdentifiseer was. Die topprioriteitsmisdaade van die SKDM is **aanranding ELB, seksuele misdrywe, gewone aanranding, gesinsgeweld** en **gewone roof**.

II) DIE SENTRAAL KAROO SE MEES DIKWELS GENOEMDE PRIORITEITSMISDADE




Volgens die geïdentifiseerde PDP's van die gemeenskap is die mees dikwels genoemde prioriteitsmisdaadkategorieë gesinsgeweld, aanranding ELB, veediefstal, huisbraak en gewone aanranding.



III) DIENSLEWERINGSKWESSIES

Dienslewering kwessies hou verband met daardie kwessies wat die tekort aan dienslewering deur die SAPD beïnvloed. Die dienslewering kwessies behels vrae wat verband hou met die geskiktheid van polisie hulpbronne om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied, benutting van hulpbronne, aantal polisiebeamptes in die GDS, die SAPD se interaksie met die publiek, speurdienste en die getuiesbeskermingsplan, sowel as polisie sigbaarheid en die polisie responstyd in noodgevallen. Die grafiek hieronder illustreer die waargenome vlakke van die eerste ses van die bogenoemde dienslewering kategorieë, en 'n bespreking hiervan volg op die grafiek.



IV) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die grafiek toon dat die meerderheid van deelnemers (62%) geïdentifiseer het dat die polisie hulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 38% van deelnemers geïdentifiseer het dat hierdie hulpbronne geskik is. Die polisie stasie wat hul hulpbronne as die minste geskik geïdentifiseer het, was Beaufort Wes, terwyl Prince Albert polisie stasie hul hulpbronne as geskik geïdentifiseer het.

V) BENUTTING VAN HULPBRONNE

In antwoord op die vraag of polisie hulpbronne doeltreffend benut word, het die meerderheid (57%) negatief gerespondeer terwyl slegs 43% van die deelnemers aangedui het dat hierdie hulpbronne doeltreffend benut word. Dit dui op 'n matige verskil tussen diegene wat meen dat die hulpbronne doeltreffend benut word.

VI) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (74%) het aangedui dat hulle nie waargeneem het dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, en 26% meen dat daar genoeg polisiebeamptes in die GDS is.

(A) POLISIE-OP TREDE BY DIE GDS

In die grafiek hierbo kan gesien word dat 80% van die deelnemers aangedui het dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk, hoflik en hulpvaardig teenoor die gemeenskapslede by die GDS was, en dat 20% nie saamgestem het nie. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek.

VII) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (67%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, terwyl 33% nie tevrede is nie. Dit is in 'n mate moeilik om akkuraat te ontleed hoe tevrede deelnemers met die dienste is, want hulle kan deur die uitkomst van sake beïnvloed word. So byvoorbeeld was van die voorstelle oor wat gedoen moet word om hierdie dienste te verbeter dat meer vaardige speurders en meer hulpbronne vir die speurders voorsien moet word om hul ondersoekte te verbeter.

VIII) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Agt en vyftig persent (58%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, 27% het gedink dat hulle wel beskerm was, terwyl 19% van die deelnemers gedink het dat die polisie nie getuies beskerm nie. Hierdie breuk in die begrip van die beskermingsdiens wat die polisie vir getuies verskaf, beteken dat daar in die eerste plek 'n tekort aan vertroue in die werklike rapportering van misdade is, en ook dat daar 'n gebrek aan verwagtinge vir ondersteuning, opvolgwerk en uitkomst van misdade is wat in die gemeenskap gepleeg word. Gebrek aan bewustheid van die beskerming wat die polisie vir getuies van misdade bied, is een rede waarom deelnemers geantwoord het dat hulle nie weet of getuies van misdade beskerm word nie.

IX) POLISIESIGBAARHEID

Polisiesigbaarheid in die Sentraal Karoo			
Nee	Response	Frekwensie	Persentasie ³⁴
1.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die dag patrollies doen	12	29
2.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die nag patrollies doen	18	43
3.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag en nag doen	24	57
4.	Meer stop-en-deursoek-aksies in die area	18	43
5.	Volle implementering van sektorpolisiëring in die area	17	40
6.	Ander	2	5
7.	Geen antwoorde nie	1	2

Die tabel hierbo toon die response van gemeenskapslede toe hulle gevra is wat gedoen kan word om Polisiesigbaarheid in hul area te verbeter.

³⁴ Party van die deelnemers het meer as een diensleweringskategorie geselekteer, wat beteken dat die totale van die persentasies 100% oorskry.




Die meerderheid van gemeenskapslede (57%) het getoon dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag nie Polisie sigbaarheid in hul onderskeie areas sal verbeter nie. Drie en veertig persent (43%) meen dat om die polisiepatrollies gedurende die nag te vermeerder Polisie sigbaarheidsou verhoog. Drie en veertig persent (43%) van deelnemers meen dat meer stop-en-deursoek-aksies in die area nodig is. Veertig persent (40%) van deelnemers meen dat doe volledige implementering van sektorpolisiëring Polisie sigbaarheid in hul areas sal verbeter.

X) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Tydsverloop van polieresponse op misdadaasituasies in die Sentraal-Karoo			
Nee	Streke	Frekwensie	Persentasie
1.	5-10 minute	29	68
2.	10-15 minute	7	17
3.	15-20 minute	2	5
4.	20-30 minute	2	5
5.	30-60 minute	2	5

'n Duidelike meerderheid (68%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polieresponstyd aangedui, terwyl slegs 5% aangedui het dat langer as 15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Voorstelle vir 'n beter responstyd het die volgende ingesluit: vermeerdering van die aantal polisievoertuie, verhoging van polisie sigbaarheid, beter inbelsentrums en -operateurs, 'n vermeerdering van polisiepersoneel en die implementering van buurtwagprogramme in hul onderskeie areas.

XI) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE



Die daarstel van GPF's was om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en die polisie meer bewus van die behoeftes van die gemeenskap te maak. Om dit te bereik, moet die GPF van daardie gemeenskap insette voorsien oor die planne van die polisiestasie, en oor die toewysing van sy hulpbronne deur die SAPD. Toe hulle gevra is of die GPF van hul area inligting oor die plan van die polisiestasie voorsien het, het 31% dit bevestig, terwyl 40% geantwoord het dat die GPF nie insette in die stasieplan lewer nie, en 29% het nie geantwoord nie.

Op die vraag of die GPF inligting gegee het oor die manier waarop hulpbronne deur die polisie toegewys word, het die meerderheid van die lede (41%) aangedui dat hulle nie die inligting ontvang het nie, terwyl 31% weet en 26% nie weet of die GPF insette lewer oor hoedat hulpbronne in hul areas toegewys word nie.

4.4.3 STAD KAAPSTAD

Oor die afgelope 20 jaar het Kaapstad 'n snelle verstedelikingstendens ervaar, met die gevolg dat die bevolking wat tans 3.5 miljoen tel, byna verdubbel het. Eerstens is daar die 1% jaarlikse groei deur natuurlike gesinsaanwas, en tweedens is daar die voortgesette in-migrasie van ongeveer 50 000 mense (18 000 huishouding)s per jaar, hoofsaaklik uit die landelike areas van die Oos-Kaap, en meestal op soek na werk.

Die bevolkingstoename het 'n bykomstige las vir die provinsie se hulpbronne soos behuising, sanitasie en polisiëring beteken. In digbevolkte areas was daar oorvloedige misdaad. Dit was bemoedigend dat die aantal mense sonder opvoeding afgeneem het, en dat dié met grade tussen 1996 en 2007 byna verdubbel het³⁵. In 2007 is werkloosheid op 24.5% geraam, en baie van die wat wel in diens was, was ongeskoolde werkers. In Kaapstad het die aantal huishoudings wat onder die broodlyn leef van 24.7% in 1996 tot 38.9% in 2005³⁶ toegeneem.

Die Stad Kaapstad se Metropolitaanse Munisipaliteit bestaan uit 13 polisieklusters, naamlik Bellville, Bishop Lavis, Kaapstad, Claremont, Delft, Khayelitsha, Kuilsrivier, Kraaifontein, Milnerton, Mitchells Plain, Muizenberg, Nyanga en Wynberg.

Volgens die Gemeenskapsoorsig 2007 tel die bevolking van die Wes-Kaap 5 278 588, en dié van die Stad Kaapstad 3 497 097. In die Stad Kaapstad is die moordsyfer per 100 000 46. Dit is hoër as die provinsiale moordsyfer van 44. Nyanga het die grootste aantal moorde in die Stad Kaapstad en in die provinsie aangemeld³⁷. Volgens onlangse nuusberigte is Kaapstad Suid-Afrika se messteekhoofstad, met meer mense wat elke jaar doodgesteek word as in enige ander metropolitaanse stad (Cape Argus, 10 November 2010)³⁸. Dit beteken dat vir die moorde in Kaapstad skerp voorwerpe gebruik word.

4.4.3.1 MISDAADKWESSIONS

Misdaad is een van die sleutelbronne van kommer vir burgers van, en besoekers aan Kaapstad. Die stad is in noue samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie diens om 'n veiliger Kaapstad vir almal te verseker, en om vir veilige omgewings vir gemeenskappe en toeriste te sorg.

JJ) Die Status van Kaapstad: Ontwikkelingsoorsig, 2005

KK) Die Status van Kaapstad: Ontwikkelingsoorsig, 2005


LL) Provinsiale Misdaadstatistiek, www.saps.gov.za

MM) City is a stab capital, Cape Argus, 10 November 2010, Bronwynne Jooste




4.4.3.2 OORSIG VAN DIE STAD KAAPSTAD SE GEÏDENTIFISEERDE PBP'S

I) TOPPRIORITEITSMISDADE



Die grafiek hierbo weerspieël die topprioriteitmisdaade wat deur die gemeenskappe onder prioriteitsmisdaad een geïdentifiseer is. Die topprioriteitmisdaade in die Stad Kaapstad is **aanranding ELB, seksuele misdrywe, gewone aanranding, gewone roof** en **huishoudelike geweld**. Die geïdentifiseerde prioriteitsmisdaade van die Stad Kaapstad verskil van die geïdentifiseerde prioriteitsmisdaade van die vorige finansiële jaar (2009/10), wat benewens gewone roof inbraak by wonings, dwelmverwante misdaad en moord ingesluit het.

II) STAD KAAPSTAD SE MEES DIKWELS GENOEMDE PRIORITEITSMISDADE




Volgens die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskap is die vyf mees dikwels genoemde kategorieë van prioriteitsmisdade **inbraak by wonings, gesinsgeweld, aanranding ELB, seksuele misdade en gewone aanranding**. Die geïdentifiseerde dikwels genoemde prioriteitsmisdade het sekere ooreenkomste en verskille vergeleke met die geïdentifiseerde dikwels genoemde misdade in die vorige finansiële jaar 2009/10.

Ooreenkomste sluit huisbraak en aanranding ELB in. Verskille sluit gesinsgeweld, seksuele misdrywe en gewone aanranding in, vergeleke met diefstal van motorvoertuie, diefstal uit motorvoertuie en gewone roof wat dikwels genoem was.

III) DIENSLEWERINGSKWESSIES

Diensleweringkwesties hou verband met daardie kwessies wat die tekort aan dienslewering deur die SAPD beïnvloed. Die kwessies behels vrae wat verband hou met die geskiktheid van polisiehelpbronne om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied, benutting van hulpbronne, aantal polisiebeamptes in die GDS, die SAPD se interaksie met die publiek, speurdienste en die getuiesbeskermingsplan, sowel as polisie sigbaarheid en die polisie responstyd in noodgevallen.

Die grafiek hieronder illustreer die waargenome vlakke van die eerste ses van die bogenoemde diensleweringkategorieë, en 'n bespreking hiervan volg op die grafiek.



1V) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die grafiek toon dat die meerderheid van deelnemers (73%) geïdentifiseer het dat die polisiehelpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 27% van deelnemers geïdentifiseer het dat hierdie hulpbronne geskik is.



Die deelnemers meen dat die polisiebeamptes en polisievoertuie nie voldoende is om hul polisiëringsbehoefte in hul onderskeie polisiestasies te dek nie. Party voertuie is nie in 'n behoorlike werkende toestand nie. Die gevolg is dat die polisie nie betyds of hoegenaamd reëlmatig reageer wanneer hulle in misdadaansituasies om hulp gevra word nie. In sommige areas kan die aantal toegewysde voertuie nie gemeenskapsbehoefte die hoof bied nie vanweë die grootte van die area en sektore wat die moeilik maak om sektorpolisiëring ten volle te implementeer.

In party areas met informele nedersettings en ruwe terrein is sekere tipes polisievoertuie nie geskik vir gebruik in misdadbestryding nie. Dubbelkajuitvoertuie en vinniger voertuie sou help om dienslewering in sulke areas te verbeter. Die grootte en posisie van sommige polisiestasies ver van die middelpunt van 'n gemeenskap belemmer ook dienslewering in party areas.

'n Tekort aan personeel aan diens word ook as 'n probleem in dié areas geïdentifiseer, aangesien polisiebeamptes dikwels weens siekte wegbly. By sommige stasies is daar wel voertuie beskikbaar, maar daar is 'n tekort aan personeel om die voertuie te bestuur. Die gebrek aan polisie sigbaarheid weens 'n tekort aan hulpbronne is 'n probleem, aangesien misdade gepleeg word weens 'n tekort aan polisiepatrollies in die area.

Die deelnemers in die Stad Kaapstad het die taalkwessie by die meeste van die polisiestasies in die metropolitaanse area as 'n groot probleem geïdentifiseer. Die polisiebeamptes wat by die GDS'e aan diens is, verstaan nie die taal van die klaers nie. Oor die algemeen meen die deelnemers dat die polisiëringsbehoefte van die bevolking in die areas die hulpbronne wat aan die polisiestasies toegesê word, oorskry.

V) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Gemeenskapslede is gevra of polisie hulpbronne doeltreffend benut word. Een en vyftig persent (51%) van die deelnemers meen dat die polisiebeamptes hulpbronne nie doeltreffend gebruik nie, terwyl 49% van mening is dat die polisie dit wel doen. Die deelnemers wat meen dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, glo dat die polisiebeamptes die voertuie misbruik deur dit vir hul persoonlike doeleindes te gebruik. Sommige polisiebeamptes word in plekke gesien wat nie met die werk verband hou nie, en met familie en vriende as passasiers. Weens roekelose bestuur van hierdie voertuie moet die meeste van hulle herstel word, en gevolglik word hulle maar net by die polisiestasies geparkeer.

In sommige gevalle is die hulpbronne na bewering nie by die korrekte misdadbrandpunte ontplooi nie. In sommige gevalle word beweer dat die polisiebeamptes onkundig is en dat hulle by gemeenskapslede verbygaan sonder om hulle met die nodige hulp by te staan.

Op 'n positiewe noot meen 49% van deelnemers dat die polisie hul bes doen, ondanks die gebrek aan hulpbronne by hul polisiestasies. Die hulpbronne word doeltreffend benut, maar sou meer doeltreffend gewees het indien daar groter hoeveelhede was.

VI) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUM

Op die vraag of daar genoeg polisiebeamptes is wat mense by die Gemeenskapsdienssentrum (GDS) bystaan, het die meerderheid (64%) van die deelnemers aangedui dat daar nie genoeg is nie, terwyl 36% meen dat daar wel genoeg is.

Die volgende suggesties is deur deelnemers aan die hand gedoen om dienslewering by die GDS te verbeter:

JJJ) Meer voertuie moet beskikbaar gemaak word om die wagtyd te verminder, ten einde by die plek te kom waar vir misdaad gepleeg is.

KKK) Meer toegewyde mense moet in diens geneem word wat tot hul werk verbonde is en dienslewering sal verbeter.

LLL) 'n Bevorderlike omgewing moet geskep word soos om die klein polisiestatie met toereikende GDS-dienste, rekenaars (datastelsel), en veiligheidshekke (moniteringskameras) op te gradeer.

MMM) Die polisiebeamptes wat by die ontvanglessenaar van die GDS ontplooi is, moet opgelei word oor hoe om met die publiek om te gaan en hoe om die publiek tydens en na misdaadsituasies by te staan.

NNN) Laastens het die deelnemers aanbeveel dat die SAPD-lede die gemeenskap met respek behandel. Daar is voorgestel dat daar twee lede per skof aanwesig is. Een wat drie tale, Afrikaans, Engels en IsiXhosa praat, moet by die GDS ontplooi wees om die huistaal van klaers te akkommodeer.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid van die deelnemers (73%) het aangedui dat die polisiebeamptes wat by die GDS werk hoflik en hulpvaardig teenoor gemeenskapslede is, en 27% was van 'n teenoorgestelde mening. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek.

VII) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (56%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, terwyl 45% nie tevrede is nie. Die deelnemers dui aan dat die speurders hard werk, maar dat hulle meer personeel nodig het. Party speurders is na bewering op die hoogte van sake, baie doeltreffend, en toegewy om die sake op te los. In sommige areas ontvang die speurders toekennings vir hul ywerige werk.

Aan die ander kant was 45% van die deelnemers nie tevrede nie omdat die speurders nie terugvoer aan die klaers gee nie, geen deeglike ondersoeke gedoen word wat skuldigbevindings sou vermeerder nie, en omdat hulle weens agterstande te lank neem om sake op te los.

Die speurafdelings in die meeste areas blyk onderbeman te wees, wat 'n agterstand van onopgeloste sake tot gevolg het. Die meeste speurders is na bewering nie goed opgelei om behoorlike ondersoeke uit te voer nie, en die gevolg hiervan is dat sake weens 'n gebrek aan getuies uit die hof gegooi word.

Deelnemers meen oor die algemeen dat daar hovaardigheid en disrespek by sommige speurders is omdat hulle blykbaar weens die werklas en beperkte hulpbronne gefrustreerd is.

Daar is aanduidings dat te veel speurders 'n gebrek aan toewyding en passie vir hul beroep het, en hul pos as 'n werk beskou eerder as 'n roeping om lede van die gemeenskap te help. Oor wat gedoen kan word om hierdie dienste te verbeter – speurders moet in alle aspekte van misdaad behoorlik opgelei word, en leer hoe om verklarings korrek te bekom. Daar behoort toereikende opvolgwerk te wees, en klaers moet op die hoogte van ontwikkelings gehou word. Slegs toegewyde en vaardige speurders behoort aangestel te word.



GEMEENSKAPSVEILIGHEID

VOORLEGGING VAN BEVINDINGE 51

VIII) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (50%) van deelnemers weet nie of getuies van misdade beskerm word nie, 30% meen dat dit wel gebeur, terwyl 20% meen dat getuies van misdade nie beskerm word nie. Hierdie breuk in die begrip van die beskermingsdiens wat die polisie vir getuies verskaf, beteken dat daar in die eerste plek 'n tekort aan vertroue in die werklike rapportering van misdade is, en ook dat daar 'n gebrek aan verwagtinge vir ondersteuning, opvolgwerk en uitkomst van misdade is wat in die gemeenskap gepleeg word. Onkunde oor die beskerming wat die polisie aan getuies van misdaad bied, is een rede waarom deelnemers geantwoord het dat hulle nie weet nie, maar ander meer onheilspellende aspekte suggereer dat hierdie deelnemers die polisie as onbetroubaar beskou, of meen dat hulle nie oor getuies omgee nie.

IX) POLISIESIGBAARHEID

e	Streke	Frekwensie	Persentasie ³⁹
1.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die dag patrollies doen	128	29
2.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die nag patrollies doen	147	33
3.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag en nag doen	310	69
4.	Meer stop-en-deursoek-aksies in die area	281	63
5.	Volle implementering van sektorpolisiëring in die area	248	55
6.	Ander	59	13
7.	Geen antwoorde nie	15	3

Die tabel hierbo toon die response van gemeenskapslede toe hulle gevra is wat gedoen kan word om Polisie sigbaarheid in hul area te verbeter. Die meerderheid van gemeenskapslede (69%) het getoon dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag Polisie sigbaarheid in hul onderskeie areas sal verbeter. Drie en dertig persent (33%) meen dat meer polisiepatrollies gedurende die nag nie sal help nie, terwyl 28% meen dat polisiepatrollies gedurende die nag polisie sigbaarheid sal verhoog.

Drie en sestig persent (63%) van deelnemers meen dat meer stop-en-deursoek-aksies in die area nodig is. Ses en vyftig persent (56%) van die deelnemers was ook van mening dat die volle implementering van sektorpolisiëring toegepas moet word om misdaad in hul areas te bekamp.

X) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

'n Duidelike meerderheid (81%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie responstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, en 12% het gemeen dat die responstyd in 'n noodgeval nie langer as 15 minute moet wees nie. Die oorblywende 7% meen dat die polisie van 20 minute tot 'n uur kan neem om op misdaadnoodgevallen te repondeer.


³⁹ Party van die deelnemers het meer as een dienslewingskategorie geselekteer, wat beteken dat die totale van die persentasies 100% oorskry.

Die meerderheid van deelnemers (73%) meen dat groter polisesigbaarheid of meer patrollies in hul areas en 'n vermeerdering van polisievoertuie (58%) poliseresponstye om hulp te verleen sou verbeter. Daar was 'n aanbeveling deur deelnemers dat voet-, fiets- en perdepatrollies meer doeltreffend as voertuigpatrollies sou kon wees. Verder moet meer polisiebeamptes en voertuie ontplooi word om misdaadbrandpunte soos die roetes vanaf sjebiens, roetes na openbare vervoer ens. te patrolleer.

Tydsvloer van poliseresponse in die Stad Kaapstad			
Nee	Response	Frekwensie	Persentasie
1.	5-10 minute	366	81
2.	10-15 minute	54	12
3.	15-20 minute	17	4
4.	20-30 minute	12	3
5.	30-60 minute	4	1
TOTAAL		453	100

XI) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die daarstel van GPF's was om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en die polisie meer bewus van die behoeftes van die gemeenskap te maak. Om dit te bereik, moet die GPF van daardie gemeenskap inligting oor die planne van die polisiestasie, en oor die toewysing van sy hulpbronne deur die Suid-Afrikaanse Polisediens hê.



Toe hulle gevra is of die GPF van hul area insette oor die polisiestasieplan voorsien het, het 24% dit bevestig, 24% geantwoord dat die GPF nie insette in die stasieplan gelewer het nie, en 37% het nie geweet of die GPF insette in die stasieplan gelewer het nie.



Op die vraag of die GPF insette gelewer het oor die manier waarop hulpbronne deur die polisie toegewys word, het die meerderheid van die lede (40%) aangedui dat hulle nie insette gelewer het nie, terwyl 28% weet, en 32% nie weet of die GPF insette lewer oor hoedat hulpbronne in hul areas toegewys word nie.

4.4.4 EDEN DISTRIKSMUNISIPALITEIT


Met sewe plaaslike munisipaliteite en die Suid-Kaapse Distriksbestuurarea (DBA) is die Eden Distriksmunisipaliteit die tweede grootste distriksmunisipaliteit in die Wes-Kaap Provinsie. Die distrik deel sy grense met vier ander distriksmunisipaliteite, naamlik Cacadu DM in die Oos-Kaap Provinsie, Overberg DM, Wynland DM en Sentraal Karoo DM.

In 1996 het 9.6% van die Wes-Kaap se bevolking in die Eden Distriksmunisipaliteit gewoon, wat in die 2001 tot 10.1% gegroei het, maar verwag word om tot 2010 onveranderd te bly. Werkloosheid is 'n probleem wat veral onder vrouens, swartes en die jeug voorkom, veral in George en Oudtshoorn.

Die werkloosheidsyfer en die aantal inwoners wat in 2001 geen inkomste gehad het nie, is sleutelaanduiders van die vlak van armoede in die Eden Distrik⁴⁰. Die Eden Distriksmunisipaliteit het drie polisieklusters, naamlik George, Da Gamkaskop en Oudtshoorn.

4.4.4.1 OORSIG VAN EDEN DISTRIKSMUNISIPALITEIT SE GEÏDENTIFISEERDE PBP'S


1) TOPPRIORITEITSMISDADE



Die grafiek hierbo weerspieël die topprioriteitsmisdaade wat deur die gemeenskappe onder prioriteitsmisdaad een geïdentifiseer was. Die topprioriteitsmisdaade van die Eden Distriksmunisipaliteit is **aanranding ELB**, **gewone aanranding**, **gewone roof** en **diefstal van 'n motorvoertuig**.

40 www.capegateway.gov.za, Socio-economic profiles, Eden, Western Cape Treasury Department

II) EDEN SE MEES DIKWELS GENOEMDE PRIORITEITSMISDADE



Volgens die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskap is die vyf mees dikwels genoemde prioriteitsmisdaadkategorieë **gesinsgeweld, seksuele misdrywe, inbraak by wonings, gewone aanranding** en **gewone roof**.

Alhoewel moord nie algemeen in die distrik is nie, is dit as een van die topprioriteitsmisdaade in areas soos Calitzdorp, De Rust, Ladismith, Kwa-Nonqaba, Knysna and Pacaltsdorp geïdentifiseer.


III) DIENSLEWERINGSKWESSIES

Dienslewering kwessies hou verband met daardie kwessies wat die tekort aan dienslewering deur die SAPD beïnvloed. Die kwessies behels vrae wat verband hou met die geskiktheid van polisie hulpbronne om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied, benutting van hulpbronne, aantal polisiebeamptes in die GDS, die SAPD se interaksie met die publiek, speurdienste en die getuies beskermingsplan, sowel as polisie sigbaarheid en die polisie responstyd in noodgevalle.

Die grafiek hieronder illustreer die waargenome vlakke van die eerste ses van die bogenoemde dienslewering kategorieë, en 'n bespreking hiervan volg op die grafiek.



Grafiek 20: Dienslewingskwessies in Eden



1V) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die grafiek toon dat die meerderheid van deelnemers (77%) meen dat die polisie-hulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 23% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die deelnemers meen dat die polisievoertuie nie vir hulp beskikbaar is in die areas waar hulle benodig word nie. Weens die afstand tussen sektore is die responstyd na misdaadsituasies ook geïdentifiseer as 'n hindernis vir dienslewering. Party van die areas en sektore is na bewering te groot vir die beskikbare hulpbronne. Weens die tekort aan voertuie en personeel is dit baie moeilik om polisie betyds by misdaadsituasies te kry in areas met satelliet polisiestasies wat van hoofstasies afhanklik is.

V) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Gemeenskapslede is gevra of polisie-hulpbronne doeltreffend benut word. 'n Gelyke aantal deelnemers (50%/50%) het positief en negatief gerespondeer.

Die deelnemers wat meen dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, glo dat die polisiebeamptes die voertuie misbruik. Sommige polisiebeamptes word na bewering in plekke aangetref wat nie met die werk te doen het nie en ignoreer klagtes van die gemeenskap. In sommige areas misbruik polisiebeamptes hul mag, en is hulle onbeskof wanneer hulle lede van die gemeenskap aanspreek.

Op 'n positiewe noot meen 50% van deelnemers dat die polisie hul bes doen, ondanks die gebrek aan hulpbronne by hul polisiestasies. In sekere areas gee polisiebeamptes betyds aandag aan misdaadsituasies.

VI) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUM

Lede van die gemeenskap moes respondeer of hulle meen dat daar genoeg polisiebeamptes is wat mense in die Gemeenskapsdienssentrum (GDS) help. Die meerderheid van deelnemers (64%) het negatief gerespondeer, en 36% meen dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS is.

Die deelnemers doen onder meer aan die hand dat die polisiebeamptes die telefoon onmiddellik moet beantwoord, dat hulle hofliker en vriendeliker moet wees, en dat meer polisiebeamptes aan diens ontplooi moet wees om dienslewering by die GDS te verbeter.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid van die deelnemers (73%) het aangedui dat die polisiebeamptes wat by die GDS werk hoflik en hulpvaardig teenoor gemeenskapslede is, en 27% was van 'n teenoorgestelde mening. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek.

VII) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (56%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, terwyl 44% nie tevrede is nie. Die deelnemers het aangedui dat alhoewel hulle onderbeman is, speurders misdade op 'n bevredigende wyse ondersoek, en dat hulle hul bes doen om te verseker dat misdadigers agter tralies beland. Aan die ander kant het die deelnemers (44%) wat nie tevrede is nie beweer dat die speurders nie terugvoer aan die klaers gee nie, geen deeglike ondersoeke gedoen word wat skuldigbevindings sou vermeerder nie, en dat hulle weens agterstande te lank neem om sake op te los.

Dit is in 'n mate moeilik om akkuraat te ontleed hoe tevrede deelnemers met die dienste is, want hulle kan deur die uitkomst van sake beïnvloed word. So was party van die voorstelle oor wat gedoen kan word om hierdie dienste te verbeter, om die werkklas van die speurders te verminder, die speurders van meer hulpbronne te voorsien, en dat meer opleiding hul ondersoekvaardighede sou verbeter.

VIII) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (49%) van deelnemers weet nie of getuies van misdade beskerm word nie, 31% meen dat dit wel gebeur, terwyl 20% meen dat getuies van misdade glad nie beskerm word nie. Hierdie breuk in die begrip van die beskermingsdiens wat die polisie vir getuies verskaf, beteken dat daar in die eerste plek 'n tekort aan vertroue in die werklike rapportering van misdade is, en ook dat daar 'n gebrek aan verwagtinge vir ondersteuning, opvolgwerk en uitkomst van misdade is wat in die gemeenskap gepleeg word.



IX) POLISIESIGBAARHEID

Polisiesigbaarheid in Eden distriksmunisipaliteit			
Nr.	Response	Frekwensie	Persentasie ⁴¹
1.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die dag patrollies doen	169	37
2.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die nag patrollies doen	153	33
3.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag en nag doen	326	71
4.	Meer stop-en-deursoek-aksies in die area	237	51
5.	Volle implementering van sektorpolisiëring in die area	244	53
6.	Ander	34	7
7.	Geen antwoorde nie	4	.9

Die tabel hierbo toon die response van gemeenskapslede toe hulle gevra is wat gedoen kan word om Polisiesigbaarheid in hul area te verbeter. Die meerderheid van gemeenskapslede (71%) het getoon dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag Polisiesigbaarheid in hul onderskeie areas sal verbeter. Drie en dertig persent (33%) meen dat meer polisiepatrollies gedurende die dag nie sal help nie, terwyl 33% meen dat polisiepatrollies gedurende die nag polisiesigbaarheid sou verhoog.

Een en vyftig persent (51%) van deelnemers meen dat meer stop-en-soek-aksies in die area sou help, en 53% het aan die hand gedoen dat die volle implementering van sektorpolisiëring gedoen moet word.

X) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL


Tydsverloop van polisie response op misdadaasituasies in Eden distriksmunisipaliteit			
Nr.	Streke	Frekwensie	Persentasie
1.	5-10 minute	29	69
2.	10-15 minute	7	16
3.	15-20 minute	2	5
4.	20-30 minute	2	5
5.	30-60 minute	2	5
TOTAAL		42	100

'n Duidelike meerderheid (69%) van gemeenskapslede het aangedui dat 5-10 minute 'n geskikte polisie responstyd is, en 16.7% meen dat die polisie nie langer as 15 minute moet neem om op noodgevallen te reageer nie. Voorstelle vir 'n beter responstyd het die volgende ingesluit: vermeerdering van die aantal polisievoertuie, verhoging van polisiesigbaarheid, beter inbelsentrums en -operateurs, en die implementering van buurtwagprogramme in die onderskeie areas.

⁴¹ Party van die deelnemers het meer as een dienslewingskategorie geselekteer, wat beteken dat die totale van die persentasies 100% oorskry.

XI) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die daarstel van GPF's was om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en die polisie meer bewus van die behoeftes van die gemeenskap te maak. Om dit te bereik, moet die GPF van daardie gemeenskap inligting oor die planne van die polisiestasie, en oor die toewysing van sy hulpbronne deur die Suid-Afrikaanse Polisie dienste hê.



Toe hulle gevra is of die GPF van hul area inligting oor die plan van die polisiestasie voorsien het, het 38% dit bevestig, terwyl 21% geantwoord het dat die GPF nie insette in die stasieplan lewer nie, en die meerderheid (41%) het nie geweet of die GPF's insette in die stasieplan lewer nie.


Op die vraag of die GPF aanbevelings gemaak het oor die manier waarop hulpbronne deur die polisie toegewys word, het die meerderheid van die lede (44%) aangedui dat hulle dit wel gedoen het, terwyl 29% aangedui het dat hulle dit nie gedoen het nie, en 27% dat hulle nie weet nie.



4.4.5 OVERBERG DISTRIKSMUNISIPALITEIT


4.4.5.1 OORSIG VAN EDEN DISTRIKSMUNISIPALITEIT SE GEÏDENTIFISEERDE PBP's

I) TOPPRIORITEITSMISDADE



Die grafiek hierbo weerspieël die topprioriteitsmisdade wat deur die gemeenskappe onder prioriteitsmisdaad een geïdentifiseer was. Die topprioriteitsmisdade van die Overberg Distriksmunisipaliteit is **aanranding ELB, seksuele misdrywe, gewone aanranding, gewone roof** en **gesinsgeweld**.

II) OVERBERG SE MEES DIKWELS GENOEMDE PRIORITEITSMISDADE




Volgens die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskap is die vyf mees dikwels genoemde kategorieë van prioriteitsmisdade **inbraak by wonings, gesinsgeweld, aanranding ELB, seksuele misdade** en **gewone aanranding**.

III) DIENSLEWERINGSKWESSIES

Dienslewering kwessies hou verband met daardie kwessies wat die tekort aan dienslewering deur die SAPD beïnvloed. Die kwessies behels vrae wat verband hou met die geskiktheid van polisiehulpbronne om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied, benutting van hulpbronne, aantal polisiebeamptes in die GDS, die SAPD se interaksie met die publiek, speurdienste en die getuiesbeskermingsplan, sowel as polisiesigbaarheid en die polisie-responstyd in noodgevalle.

Die grafiek hieronder illustreer die waargenome vlakke van die eerste ses van die bogenoemde dienslewering kategorieë, en 'n bespreking hiervan volg op die grafiek.



1V) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die grafiek toon dat die meerderheid van deelnemers (62%) meen dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 38% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is.

V) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Gemeenskapslede is gevra of polisiehulpbronne doeltreffend benut word. Die meerderheid van deelnemers (60%) het saamgestem dat die hulpbronne doeltreffende benut word.

Slegs 40% van deelnemers het die teenoorgestelde aangedui.

VI) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Lede van die gemeenskap moes respondeer of hulle meen dat daar genoeg polisiebeamptes is wat mense in die Gemeenskapsdienssentrum (GDS) help. Die meerderheid van deelnemers (52) het aangedui dat hulle nie dink daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie.



(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

In die grafiek hierbo kan gesien word dat die meerderheid van deelnemers (76%) aangedui het dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk, hoflik en hulpvaardig teenoor die lede van die GDS was. Dit is ondanks 'n waargenome tekort aan hulpbronne. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek.

VII) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (61%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word.

Dit is in 'n mate moeilik om akkuraat te ontleed hoe tevrede deelnemers met die dienste is, want hulle kan deur die uitkomst van sake beïnvloed word. So byvoorbeeld was van die voorstelle oor wat gedoen moet word om hierdie dienste te verbeter dat meer vaardige speurders gehuur moet word, en dat meer hulpbronne vir die speurders voorsien moet word om hul ondersoek te verbeter. St Helenabaai het die beste presteer deur as die stasie beskou te word waar speurders hul dienste bevredigend lewer.

VIII) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Vier en twintig persent (24%) van die deelnemers dink dat getuies van misdade beskerm word.

Daar is egter 23% wat geen benul het of die polisie getuies beskerm nie, terwyl 53% gedink het dat die polisie glad nie getuies beskerm nie. Hierdie breuk in die begrip van die beskermingsdiens wat die polisie vir getuies verskaf, beteken dat daar in die eerste plek 'n tekort aan vertroue in die werklike rapportering van misdade is, en ook dat daar 'n gebrek aan verwagtinge vir ondersteuning, opvolgwerk en uitkomst van misdade is wat in die gemeenskap gepleeg word. Onkunde oor die beskerming wat die polisie aan getuies van misdaad bied, is een rede waarom deelnemers geantwoord het dat hulle nie weet nie, maar ander meer onheilspellende aspekte suggereer dat hierdie deelnemers die polisie as onbetroubaar beskou, of meen dat hulle nie oor getuies omgee nie.

IX) POLISIESIGBAARHEID

TABEL 12: POLICE VISIBILITY IN OVERBERG			
Nr.	Streke	Frekwensie	Persentasie ⁴²
1.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die dag patrollies doen	42	32
2.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die nag patrollies doen	48	36
3.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag en nag doen	95	72
4.	Meer stop-en-deursoek-aksies in die area	77	58
5.	Volle implementering van sektorpolisiëring in die area	77	58
6.	Ander	1	.8
7.	Geen antwoorde nie	7	5

⁴² Party van die deelnemers het meer as een diensleweringskategorie geselekteer, wat beteken dat die totale van die persentasies 100% oorskry.


Die tabel hierbo toon die response van gemeenskapslede toe hulle gevra is wat gedoen kan word om Polisie sigbaarheid in hul onderskeie areas te verbeter. Die meerderheid (72%) het gemeen dat 'n toename in dag- en nagpatrollies polisie sigbaarheid sou verbeter. Meer stop-en-deursoek-aksies is deur 58% van deelnemers as 'n manier beskou om polisie sigbaarheid te verbeter. Agt en vyftig persent (58%) het die volle implementering van sektorpolisiëring as nog 'n manier geïdentifiseer om polisie sigbaarheid te verbeter.

X) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Tydsverloop van polisie response op misdadsituasies in Overberg			
Nee	Streke	Frekwensie	Persentasie
1.	5-10 minute	95	74
2.	10-15 minute	19	15
3.	15-20 minute	12	9
4.	20-30 minute	1	1
5.	30-60 minute	2	1
TOTAAL		129	100

'n Duidelike meerderheid (73.6%) van gemeenskapslede het aangedui dat 5-10 minute 'n geskikte polisie responstyd is, en 14.7% meen dat die polisie nie langer as 15 minute moet neem om op noodgevallen te reageer nie. Voorstelle vir 'n beter responstyd was onder meer om die aantal polisievoertuie te vermeerder, en 'n toename in polisie sigbaarheid.

XI) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE



Die daarstel van GPF's was om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en die polisie meer bewus van die behoeftes van die gemeenskap te maak. Om dit te bereik, moet die GPF van daardie gemeenskap inligting oor die planne van die polisiestase, en oor die toewysing van sy hulpbronne deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens hê.

Toe hulle gevra is of die GPF van hul area inligting oor die plan van die polisiestase voorsien het, het 62% dit bevestig, terwyl 5% geantwoord het dat die GPF nie insette in die stasieplan lewer nie, en die meerderheid (33%) het nie geweet nie.


Op die vraag of die GPF inligting gegee het oor die manier waarop hulpbronne deur die polisie toegewys word, het die meerderheid van die lede (55%) aangedui dat hulle wel die inligting gegee het, en 9% dat hulle nie het nie, terwyl 36% nie weet of die GPF insette lewer oor hoedat hulpbronne in hul areas toegewys word nie.

4.4.6 WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

Die Weskus Distrik bestaan uit twee klusters, naamlik Vredendal en Vredenburg. Van die 25 polisiestasies in hierdie distrik, val Malmesbury en Riebeeck Wes in die Paarl kluster en Porterville in die Ceres kluster. Albei hierdie klusters word in detail in die distriksontleding van die Kaapse Wynland Munisipale Distrik behandel, wat aan die Weskus Distrik grens.


4.4.6.1 OORSDIG VAN EDEN DISTRIKSMUNISIPALITEIT SE GEÏDENTIFISEERDE PBP's

1) TOPPRIORITEITSMISDADE




Die grafiek hierbo weerspieël die topprioriteitsmisdade wat deur deelnemers van die gemeenskappe geïdentifiseer is wat deur die polisiestasies gedien word wat binne die Weskus Distriksmunisipaliteit val. Die topprioriteitsmisdade van hierdie distrik is **aanranding ELB, seksuele misdrywe, gewone aanranding, gesinsgeweld en moord**.

II) MEES DIKWELS GENOEMDE PRIORITEITSMISDADE



Die vyf mees dikwels waargenome misdade in die Kaapse Wynland is **gesinsgeweld**, **aanranding ELB**, **inbraak by wonings**, **seksuele misdade** en **gewone roof**.

III) DIENSLEWERINGSKWESSIES



Diensleweringkweessies hou verband met daardie kweessies wat die tekort aan dienslewering deur die SAPD beïnvloed. Die kweessies behels vrae wat verband hou met die geskiktheid van polisiehulpbronne om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied, benutting van hulpbronne, aantal polisiebeamptes in die GDS, die SAPD se interaksie met die publiek, speurdienste en die getuiesbeskermingsplan, sowel as polisiesigbaarheid en die polisieresponstyd in noodgevalle.

Die grafiek illustreer die waargenome vlakke van die eerste ses van die bogenoemde diensleweringkategorieë, en 'n bespreking hiervan volg op die grafiek.

1V) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die grafiek toon dat die meerderheid van deelnemers (62%) meen dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 38% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is.

V) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Gemeenskapslede is gevra of polisiehulpbronne doeltreffend benut word. Die meerderheid van deelnemers (69%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffende benut word. Slegs 31% van deelnemers het aangedui dat hierdie hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie.

VI) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Lede van die gemeenskap moes respondeer of hulle meen dat daar genoeg polisiebeamptes is wat mense in die Gemeenskapsdienssentrum (GDS) help. Die helfte van die deelnemers (50%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is nie, en die ander helfte (50%) meen dat daar wel genoeg is.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

In die grafiek hierbo kan gesien word dat die meerderheid van deelnemers (86%) aangedui het dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk, hoflik en hulpvaardig teenoor die gemeenskapslede van die GDS was. Dit is ondanks 'n waargenome tekort aan hulpbronne. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek.

VII) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (78%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word. Dit is in 'n mate moeilik om akkuraat te ontleed hoe tevrede deelnemers met die dienste is, want hulle kan deur die uitkomst van sake beïnvloed word. So byvoorbeeld was van die voorstelle oor wat gedoen kan word om hierdie dienste te verbeter dat meer vaardige speurders gehuur moet word, en dat meer hulpbronne vir die speurders voorsien moet word om hul ondersoekte te verbeter.

VIII) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Dit is beduidend dat 59% van deelnemers dink dat getuies van misdade beskerm word. Daar is egter 44% wat nie geweet het dat die polisie getuies beskerm nie, terwyl 16% gedink het dat die polisie nie getuies beskerm nie.

Hierdie breuk in die begrip van die beskermingsdiens wat die polisie vir getuies verskaf, beteken dat daar in die eerste plek 'n tekort aan vertroue in die werklike rapportering van misdade is, en ook dat daar 'n gebrek aan verwagtinge vir ondersteuning, opvolgwerk en uitkomst van misdade is wat in die gemeenskap gepleeg word. Onkunde oor die beskerming wat die polisie aan getuies van misdaad bied, is een rede waarom deelnemers geantwoord het dat hulle nie weet nie, maar ander meer onheilspellende aspekte suggereer dat hierdie deelnemers die polisie as onbetroubaar beskou, of meen dat hulle nie oor getuies omgee nie.

IX) POLISIESIGBAARHEID

TABEL 14: POLICE VISIBILITY IN WEST COAST			
Nr.	Streke	Frekwensie	Persentasie ⁴³
1.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die dag patrollies doen	54	29
2.	Meer polisiebeamptes wat gedurende die nag patrollies doen	76	41
3.	Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag en nag doen	112	61
4.	Meer stop-en-deursoek-aksies in die area	96	52
5.	Volle implementering van sektorpolisiëring in die area	86	47

Die tabel hierbo toon die response van gemeenskapslede toe hulle gevra is wat gedoen kan word om Polisie sigbaarheid in hul area te verbeter. Die meerderheid van gemeenskapslede (61%) het getoon dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag Polisie sigbaarheid in hul onderskeie areas sou verbeter. Een en veertig persent (44%) meen dat meer polisiepatrollies gedurende die dag, en 33% gedurende die nag polisie sigbaarheid sou verhoog. 'n Duidelike persentasie (52%) van deelnemers meen dat meer stop-en-deursoek-aksies in die area uitgevoer moet word. Sewe en veertig persent (47%) van die deelnemers het gemeen dat die volle implementering van sektorpolisiëring toegepas moet word om misdaad in hul areas te bekamp.

X) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

'n Duidelike meerderheid (65%) van gemeenskapslede het aangedui dat 5-10 minute 'n geskikte polisie responstyd is, en 21% meen dat die polisie nie langer as 15 minute moet neem om op noodgevallen te reageer. Die oorblywende 14% meen dat die polisie van 20 minute tot 'n uur kan neem om op misdadnoodgevallen te reageer.

Die meerderheid van deelnemers (82%) meen dat groter polisie sigbaarheid of meer patrollies in hul areas en 'n vermeerdering van polisievoertuie (47%) polisie responstye om hulp te verleen sou verbeter. Daar was 'n aanbeveling deur deelnemers dat voet-, fiets- en perdepatrollies meer doeltreffend as voertuigpatrollies sou kon wees. Verder moet meer polisiebeamptes en voertuie ontplooi word om misdadbrandpunte soos die roetes vanaf sjebiens, roetes na openbare vervoer ens. te patrolleer.


43 Party van die deelnemers het meer as een dienslewingskategorie geselekteer, wat beteken dat die totale van die persentasies 100% oorskry.



Tydsverloop van polisie-response op misdadaasituasies in Weskus Distriksmunisipaliteit			
Nr.	Streke	Frekwensie	Persentasie
1.	5-10 minute	117	65
2.	10-15 minute	37	21
3.	15-20 minute	17	10
4.	20-30 minute	2	1
5.	30-60 minute	6	3
TOTAAL		179	100

XI) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die daarstel van GPF's was om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en die polisie meer bewus van die behoeftes van die gemeenskap te maak. Om dit te bereik, moet die GPF van daardie gemeenskap insette voorsien oor die planne van die polisie-stasie, en oor die toewysing van sy hulpbronne deur die SAPD.



Toe hulle gevra is of die GPF van hul area inligting oor die plan van die polisie-stasie voorsien het, het 50% dit bevestig, terwyl 6% geantwoord het dat die GPF nie insette in die stasieplan lewer nie, en 29% het nie geweet nie. Op die vraag of die GPF inligting gegee het oor die manier waarop hulpbronne deur die polisie toegewys word, het 46% van die deelnemers aangedui dat hulle die inligting ontvang het, terwyl 12% aangedui het dat hulle nie die inligting ontvang het nie, en 41% dat hulle nie weet nie.

4.5 ONTLEDING VAN PBP'S VAN POLISIEKLUSTERS

4.5.1 KAAPSE WYNLAND POLISIEKLUSTERS

4.5.1.1 CERES POLISIEKLUSTER

Die Ceres Polisiekuster bestaan uit ses polisiestasies, naamlik dié van Ceres, Porterville, Prince Alfred's Hamlet, Saron, Tulbach en Wolseley. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Delft Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestasie:	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Ceres	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Huishoudelike geweld	Moord	Inbraak by wonings-
Hamlet	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Moord	Huishoudelike geweld	Inbraak by sakepersele
Saron	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Huishoudelike Geweld, Diefstal by wonings	Gewone diefstal
Tulbagh	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Huishoudelike geweld	Inbraak by wonings	Gewone diefstal
Wolseley	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Huishoudelike geweld	Moord	Roof by wonings

Die bevindinge van die oorsig vir die Ceres kluster dui aanranding ELB as die nommer een misdaadprioriteit in al die areas van die kluster aan. Moord was as een van die prioriteitsmisdade in Ceres en Wolseley geïdentifiseer. Ceres was as een van die twaalf xenofobiese brandpunte in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n prioriteitsmisdad geïdentifiseer het nie.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (68%) van deelnemers van die Ceres polisiekuster het aangedui dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 32% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Al die deelnemers in Prince Alfred Hamlet (100%) en Tulbach (100%) het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie. Die area waar die meerderheid (63%) van deelnemers aangedui het dat hulpbronne geskik is, is Wolseley.

2 Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 6 Julie 2010 ongepubliseer



III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Baie van die deelnemers (64%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffend benut word, en 36% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Al die deelnemers in Tulbach (100%) het aangedui dat hulpbronne doeltreffend gebruik word, terwyl die deelnemers in Wolseley (67%) die teenoorgestelde aangedui het.

IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUMS

Die meerderheid van deelnemers (80%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, en 20% meen dat daar genoeg polisiebeamptes in die GDS is. Die meerderheid van die deelnemers in Tulbach (100%) en Wolseley (89%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is nie, terwyl die meerderheid (84%) in Saron aangedui het dat daar genoeg polisiebeamptes is.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (91%) van deelnemers in die Ceres polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, en 9% het aangedui dat hulle nie hoflik en hulpvaardig is nie. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemark het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van die deelnemers by al die polisiestasies stem saam dat die polisiebeamptes in die GDS'e hulpvaardig teenoor die lede van die publiek is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (56%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 44% was nie tevrede met die speurders se dienste nie. Die meerderheid van die deelnemers in Wolseley (88%) en Saron (88%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word. In Prince Alfred Hamlet het die meerderheid van die deelnemers (84%) aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (41%) van deelnemers het aangedui dat hulle dink dat die getuies van misdaad beskerm word, terwyl 40% aangedui het dat hulle nie weet nie, en 19% het gedink dat hulle nie beskerm word nie. Die meerderheid van deelnemers in Tulbach (100%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdaad beskerm word. Die meerderheid van die deelnemers in Wolseley het aangedui dat hulle nie weet of getuies beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Wat polisesigbaarheid betref het die meerderheid van die deelnemers (76%) aangedui dat meer patrollies bedags uitgevoer moet word, en 56% het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. Die meerderheid van deelnemers in Tulbach (100%) en Wolseley (89%) het meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag aangevra. Drie en sestig persent (63%) het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisesigbaarheid te verhoog. In Tulbach het (100%) en in Prince Alfred Hamlet (86%) van die deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer behoort te word.

Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 59% as 'n manier beskou om polisie sigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Tulbach (88%) en Prince Alfred Hamlet (72%) het aangedui dat volledige implementering van sektorpolisiëring polisie sigbaarheid verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (60%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 29% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, en 12% gemeen het dat 15-20 minute aanvaarbaar is. Die meerderheid van deelnemers in Tulbach (100%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdaad op te tree.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIE STASIE PLANNE

Die meerderheid van deelnemers (62%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasie planne lewer nie, terwyl 25% aangedui het dat dit wel gebeur, en 13% dat daar geen insette in die stasie planne is nie. Die meerderheid van deelnemers in Saron (73%) het aangedui dat hulle wel insette in die stasie planne lewer.

Die meerderheid van deelnemers (58%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 31% aangedui het dat hulle wel insette lewer, en 13% dat hulle nie insette lewer nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE CERES POLISIE KLUSTER

In Ceres het deelnemers die behoefte geïdentifiseer vir die GPF en die polisie om saam te werk om misdaad in die area te beveg, sowel as die behoefte om 'n senior polisie beampte vir die Ceres polisie stasie in diens te neem.

Deelnemers van **Saron** het die behoefte geïdentifiseer om die optredes van die GPF en die polisie saam te snoer. Daar word gevra dat die polisie hul 'sigbaarheid' en betrokkenheid by hul gemeenskap moet verhoog. Verder word die voorsiening van meer personeel vir die GPF gesien as 'n manier om met misdaadvoorkoming in die area te help. Hulpbronne word as verouderd beskou, en daar is ook 'n behoefte aan meer polisie beamptes by die Saron polisie stasie.

In **Wolseley** het deelnemers spesifiek 'n tekort aan polisie voertuie geïdentifiseer, en aangedui dat polisie voertuie dikwels nie beskikbaar is om aan oproepe gehoor te gee en misdade te ondersoek nie. Verder is gevra dat polisie sigbaarheid moet toeneem.

Deelnemers van **Tulbach** het die tekort aan polisie voertuie, en die uitwerking daarvan op misdaadvoorkoming uitgelig. Deelnemers het genoem dat dit nodig is vir die polisie om meer hulp aan die gemeenskap te verleen.

In **Prince Alfred Hamlet** het deelnemers die tekort aan polisie personeel geïdentifiseer weens die groot geografiese area wat die stasie moet bedien. Die gevolg is dat polisie beamptes dikwels nie beskikbaar is om aandag aan oproepe te gee nie, en dat polisie sigbaarheid dus beperk is.



4.5.1.2 PAARL POLISIEKLUSTER

Die Paarl Polisiekuster bestaan uit sewe polisiestasies, naamlik dié van Malmesbury, Mbekweni, Paarl, Paarl Oos, Philadelphia, Riebeeck Wes en Wellington. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Delft Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestasie:	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Mbekweni	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe GEWONE ROOF	Gewone aanranding	Inbraak by wonings	Roof by wonings
Paarl	GEWONE ROOF	Gesinsgeweld Moord Gewapende roof Diefstal van 'n Voertuie	Diefstal uit motor-Voertuie	Inbraak by woning	Roof by woning ∴ Gewone diefstal VEEDIEFSTAL
Paarl Oos	Aanranding ELB	GESINSGEWELD	Moord	GEWONE ROOF	Inbraak by Woning
Philadelphia:	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Inbraak by Woning	GEWONE ROOF	Gewone diefstal
Wellington	Aanranding ELB	Gewone aanranding Gesinsgeweld	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Gewone diefstal

Die bevindinge van die oorsig vir die Paarl kluster toon dat **aanranding (ELB), gewone roof en seksuele misdrywe** die top misdaadprioriteite in die area is. Mbekweni en Wellington was as een van die twaalf xenofobiese brandpunte⁴⁵ in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n top prioriteitsmisdaad geïdentifiseer het nie.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid van deelnemers (54%) van die Paarl polisiekuster het gemeen dat die polisiehulpbronne geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied, terwyl 46% van die deelnemers aangetoon het dat dit nie die geval was nie. Die meerderheid van deelnemers in Mbekweni (100%) het aangedui dat hul hulpbronne geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied. Die meerderheid van deelnemers in Malmesbury (100%) en Paarl (75%) het aangedui dat die hulpbronne by hul polisiestasies nie geskik was nie.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (60%) het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, en 40% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne wel doeltreffend gebruik word. Die meerderheid van deelnemers in Mbekweni (71%) het aangedui dat hulpbronne doeltreffend gebruik word, terwyl die deelnemers in Malmesbury (100%) en Paarl Oos (100%) ~~teenoorgestelde aangedui het.~~

M) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 8 Julie 2010 ongepubliseer

IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUMS

Die meerderheid van deelnemers (56%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, en 44% meen dat daar genoeg polisiebeamptes in die GDS is. Die meerderheid van die deelnemers in Mbekweni (71%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is, terwyl die meerderheid (87%) in Wellington nie saamstem nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (55%) van deelnemers in die Paarl polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, en 45% het aangedui dat hulle nóg hoflik nóg hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van deelnemers in Philadelphia (100%) en die Paarl (75%) het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig teenoor die publiek is, maar die meerderheid van deelnemers in Malmesbury (75%) en Mbekweni (71%) het aangedui dat polisiebeamptes by die GDS nóg hoflik nóg hulpvaardig teenoor die publiek is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die helfte van die deelnemers (50%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en die ander helfte (50%) was nie tevrede nie. Die meerderheid van die deelnemers in Philadelphia (100%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word. Die meerderheid van die deelnemers in Malmesbury (100%) en Paarl (75%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (51%) van deelnemers het aangedui dat hulle nie weet nie of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 38% meen dat dit nie gebeur nie, en 11% meen dat getuies van misdade wel beskerm word. Die meerderheid van deelnemers in Philadelphia (100%) het aangedui dat hulle nie dink dat getuies van misdaad beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (72%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. Die meerderheid van deelnemers in Philadelphia (100%), Malmesbury (80%) en Paarl Oos (80%) verlang meer polisiepatrollies bedags en snags. Vier en sestig persent (64%) het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisiesigbaarheid te verhoog. Die meerderheid van deelnemers in Paarl Oos (100%) en Wellington (75%) versoek dat meer stop-en-deursoek-operasies uitgevoer word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 69% van deelnemers as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Riebeeck Wes (86%) en Malmesbury (80%) doen die volledige implementering van sektorpolisiëring aan die hand om polisiesigbaarheid te verbeter.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (62%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 28% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, en 10% 15-20 minute as voldoende aangedui het.



Die meerderheid van deelnemers in Malmesbury (100%), Paarl (100%) en Mbekweni (71%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdaad op te tree. Die meerderheid van deelnemers in Riebeeck Wes (71%) het 10-15 minute as 'n aanvaarbare responstyd aangedui.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (54%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasieplanne lewer nie, terwyl 36% aangedui het dat dit wel gebeur, en 10% dat daar geen insette in die stasieplanne is nie. Die meerderheid van deelnemers in Philadelphia het aangedui dat die GPF insette lewer, terwyl al die deelnemers in Riebeeck Wes aangedui het dat hulle nie weet of die GPF insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (46%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 39% aangedui het dat hulle wel insette lewer, en 15% dat hulle nie insette lewer nie. Die meerderheid van deelnemers in Philadelphia (100%) het aangedui dat die GPF's insette lewer, terwyl die meerderheid van deelnemers in Malmesbury beweer het dat hulle geen kennis dra of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul area toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE PAARL POLISIEKLUSTER

Inwoners in **Mbekweni** het genoem dat dwelms 'n spesiale bron van kommer in hul area is. Inwoners was heel tevrede met polisiesigbaarheid in hul area en meen dat die patrollies op 'n aanvaarbare wyse uitgevoer word. Hulle glo dat meer polisie-aandag in Sektor 3 en in die plakkerskampe nodig is. Terwyl hulle die behoefte aan 'n maandelikse gemeenskapsvergadering erken, het hulle die feit betreur dat GPF's nie die geleentheid gegee is om insette in die polisieplanne vir die toebedeling van hulpbronne te lewer nie. Gemeenskapslede beklemtoon die belang van 'n samewerkingspoging tussen die polisie en die gemeenskap om groot probleme soos dwelmmisbruik die hoof te bied.

Die diefstal van kables is 'n spesiale bekommernis in die **Paarl**. Hoewel dit 'n dikwels voorkomende misdaad kon wees, word dit nie dikwels in ander klusters genoem nie. Inwoners meen dat polisiehulpbronne beter benut moet word, en dat daar te alle tye 'n meer sigbare polisie teenwoordigheid moet wees om te help om misdaad te bestry. Daar is ook die gevoel dat die personeel in die gemeenskapsentrums in staat behoort te wees om die oorheersende plaaslike taal te praat ten einde hul publiek beter te dien. Gemeenskapslede meen dat neer aandag aan die polisiëring van plaasareas te gee, en om hulpbronne behoorlik te bedeel. Met betrekking tot die kwessie van die onwettige afsetpunte van dwelms meen hulle dat daar 'n meer konsekwente toepassing van verordeninge moet wees.

Gemeenskapslede van **Paarl Oos** het seksuele misdrywe, kindermishandeling, en skroothandel as spesiale bronne van kommer genoem. Hulle meen ook dat polisievoertuie nie geskik is vir die plaaslike terrein waarop hulle moet kan ry om misdaad te bestry nie. Voorstelle in hierdie verband is om meer van motorfietsse of veldvoertuie gebruik te maak. Hulle meen dat die polisie nie voldoende hulpbronne het nie, en dat hulle ook nie doeltreffend van die beskikbare hulpbronne gebruik maak nie. Lede beskou dit as belangrik om te noem dat hulle nie tevrede is met die vlak van diens wat speurders in hul area lewer nie. Daar is ook die versoek dat die Chicago area strenger beheer moet word. Die konsensus is dat die GPF in hul area disfunksioneel is en ontoereikend is om die gemeenskap se belange te behartig.

In Philadelphia het die inwoners 'n groeiende dwelmmisbruikprobleem in die landelike areas gerapporteer. Hulle het genoem dat daar geen aandag aan geringer misdade gegee word wat as minder ernstig as misdade soos moord beskou kan word nie.

Hierdie geringer misdade het steeds polisie-optrede nodig. Hulle meen dat die hulpbronne geskik is om plaaslike misdaad te bestry, en doen aan die hand dat viertrekvoertuie kan help om polisiehulpbronne meer doeltreffend te gebruik. Hoewel inwoners oorwegend tevrede is met die speurders se dienste, voel hulle dat volgehoue waaksaamheid en deelname nodig is. Die Klipheuwel area word genoem as 'n plek waar 'n groter polisie teenwoordigheid nodig is. Gemeenskapslede voel dat hulle betrokke moet wees en moet meedoen aan die prosesse wat in hul polisiëringsarea plaasvind. Hulle meen ook dat die polisie padmisdade in aanranding ELB moet neem wanneer hulle patroleer, aangesien die N7 groot veiligheidsgevaar vir die plaaslike gemeenskap inhou.

Die meerderheid van die GPF deelnemers van **Wellington** is ontevrede met die toerusting en personeel van die polisiemag, en noem dit as 'n bron van toenemende frustrasie in die strewe na gemeenskapsveiligheid. Inwoners meen dat polisiesigbaarheid oor alle sektore vermeerder moet word, veral 2 en 3. Hoewel daar toegegee word dat vergaderings gehou word, is dit onduidelik of lede van die gemeenskap voel dat die verhouding tussen die GPF's en die polisie veiligheid doeltreffend bevorder.

Lede meen ook dat daar beter kommunikasie tussen die GPF en die SAPD benodig word. Terwyl inwoners in die meeste ander areas meen dat die polisie meer klopjagte op onwettige sjebiens moet uitvoer, is die gevoel in Wellington dat gemeenskapslede meer verantwoordelik moet optree om hierdie sake self met steun van die polisie uit hul eie areas te hou.

4.5.1.3 STELLENBOSCH POLISIEKLUSTER

Die Stellenbosch polisiekluster bestaan uit vyf polisiestasies, naamlik Cloetesville, Franschhoek, Groot Drakenstein, Klipmuts en Stellenbosch. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

TABEL 18: STELLENBOSCH CLUSTER COMMUNITY IDENTIFIED PNP's (COMMUNITY PERCEPTIONS)					
Polisiestasie:	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Cloetesville	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gewone roof	Roof by Wonings	Gewone diefstal
Franschhoek	Aanranding ELB	GESINSGEWELD	Moord	Inbraak by Wonings	Gewone diefstal
Groot Drakenstein	Aanranding ELB	Gesinsgeweld	Gewone roof	Diefstal van motorvoertuig	Roof by woning
Klipmuts	Aanranding ELB	Gesinsgeweld	Gewone roof	Inbraak by Woning	Gewone diefstal
Stellenbosch	Moord, Gewone Roof en diefstal van motorvoertuig	Diefstal uit motor-Voertuie	Inbraak by woning	Roof by woning	Gewone diefstal

Die bevindinge van die oorsig vir die Stellenbosch kluster toon dat aanranding ELB die nommer een misdadeprioriteit in alle areas is, behalwe die Stellenbosch polisiestasie waar moord, gewone roof en diefstal uit 'n motorvoertuig die prioriteitsmisdade is.



II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSKAPPE DIE HOOF TE BIED

Die grafiek toon dat die meerderheid van deelnemers (78%) meen dat die polisiehelpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 22% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Al die polisiestasies het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is nie.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (79%) het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, en 21% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehelpbronne wel doeltreffend gebruik word. Die meerderheid van deelnemers in Groot Drakenstein (100%), Cloetesville (90%), Stellenbosch (80%), Franschoek (67%) en Klapmuts (67%) het aangedui dat hulpbronne nie doeltreffend benut word nie.

IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUMS

Die meerderheid van deelnemers (76%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, en 24% van deelnemers meen dat daar genoeg polisiebeamptes is.

Die meerderheid van deelnemers in Groot Drakenstein (100%) en Klapmuts (100%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes by die GDS is nie. Die meerderheid in Stellenbosch (67%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat by die GDS help nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (65%) van deelnemers in die Stellenbosch polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, terwyl 44% het aangedui dat polisiebeamptes nóg hoflik nóg hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemark het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van deelnemers in Franschoek (83%) and Stellenbosch (80%) het aangedui dat die polisiebeamptes in die GDS hulpvaardig teenoor die publiek is, terwyl die meerderheid van deelnemers in Cloetesville (80%) aangedui het dat polisiebeamptes nóg hoflik nóg hulpvaardig is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (67%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie, en 33% was tevrede met die speurders se dienste. Die meerderheid van deelnemers in Cloetesville (100%), Groot Drakenstein (88%) en Stellenbosch (83%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat die speurders lewer nie. In Franschoek het die meerderheid van die deelnemers (75%) aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (44%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 31% meen dat dit wel gebeur, en 26% meen dat getuies nie beskerm word nie. Die meerderheid van deelnemers in Groot Drakenstein (89%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdaad beskerm word. In Cloetesville dink die meerderheid (63%) van deelnemers dat getuies van misdade nie beskerm word nie, terwyl die meerderheid nie weet of getuies van misdade beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (86%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. Die meerderheid van deelnemers by alle polisiestasies het meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag aangevra. Een en tagtig persent (81%) van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisesigbaarheid te verhoog. Die meerderheid van deelnemers in Stellenbosch (100%), Cloeteville (90%), Franschhoek (88%), Klipmuts (70%) en Groot Drakenstein (67%) het aangedui dat meer stop-en-deursoek-operasies uitgevoer moet word. . Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 65% van deelnemers as 'n manier beskou om polisesigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van die deelnemers in Franschhoek (88%) en Cloeteville (70%) was ook van mening dat die volle implementering van sektorpolisiëring toegepas moet word.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (70%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte poliseresponstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 19% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Vyf persent (5%) van die deelnemers het aangedui dat 15-20 minute aanvaarbaar is vir polisie om op misdaadsituasie te repondeer, en nog 5% het aangedui dat 30-60 minute aanvaarbaar is. Die meerderheid van deelnemers in Cloeteville (90%), Klipmuts (90%), Stellenbosch (83%) en Franschhoek (63%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdaadsituasies op te tree.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Nege en dertig persent (39%) van deelnemers het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasieplanne lewer nie, terwyl 39% aangedui het dat dit wel gebeur, en 22% dat daar geen insette in die stasieplanne is nie. Die meerderheid van deelnemers in Cloeteville (60%) het aangedui dat hulle wel insette in die stasieplanne lewer.

Die meerderheid van deelnemers (50%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 31% aangedui het dat hulle nie insette lewer nie, en 19% dat hulle wel insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE STELLENBOSCH POLISIEKLUSTER

Deelnemers van **Cloeteville** het voorgestel dat meer personeel en voertuie nodig is, en dat die polisie meer respek teenoor alle lede van die gemeenskap moet betoon. Verder was beter opleiding en leierskap by die polisiestasie nodig. Dit lyk asof daar 'n tekort aan beskikbare personeel is. Meer sigbaarheid is in alle areas nodig, en daar is voorgestel dat voetpatrollies weer ingestal word. 'n Tekort aan inligting en terugvoer, vryetyddrinkery, en korrupsie is as redes gegee vir waarom die speurders nie doeltreffende diens lewer nie. Meer struktuur en dissipline word ook benodig.

By **Franschhoek** was daar 'n behoefte aan groter samewerking tussen gemeenskap en polisie, sowel as meer personeel. In sekere spesifieke areas soos Franschhoek Noord en Groondal is onvoldoende polisesigbaarheid as 'n probleem gemeld. Daar is vir meer polisie gevra om by die GDS te help. Daar is gemeld dat die voertuie versien of vervang moet word, en dat daar nie voldoende hulpbronne by hierdie polisiestasie is nie.

Groot Drakenstein het aangedui dat die polisie meer betrokke by hul gemeenskap moet wees, en meer geesdrif vir hul werk moet hê. Daar is meer sigbaarheid in Groot Drakenstein en die omliggende areas nodig.

GEMEENSKAPSVEILIGHEID



Deelnemers het gekla dat speurders te lank neem om sake op te los. Die area wat die polisiestase bedien, is te groot vir die polisie om te behartig.

By **Klapmuts** het deelnemers gemeld dat daar 'n behoefte aan meer spanwerk en 'n toename in polisiepersoneel by hul stasie nodig is. Die polisie moet ook meer vir die gemeenskap doen. Groter sigbaarheid word by die La Rochelle kamp en plase verlang, sowel as in die landelike areas. Meer personeel word benodig.

By **Stellenbosch** is aangedui dat die bevolkingsgroei van Khayamandi meer polisiëringsaandag nodig maak. Die area wat die stasie dek is ook baie groot, en speurders is te ver van hierdie areas geplaas. Vir beter dienslewering deur speurders is meer polisieopleiding voorgestel. Alle areas het meer polisie sigbaarheid nodig. Daar is meer mensehulpbronne en kommunikasie tussen die polisie en die gemeenskap nodig.

4.5.1.4 WORCESTER POLISIEKLUSTER

Die Worcester polisiekluster bestaan uit 13 polisiestasies, naamlik Ashton, Barrydale, Bonnievale, De Doorns, Laingsburg, McGregor, Montagu, Rawsonville, Robertson, Suurbraak, Swellendam, Touwsrivier en Worcester. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

TABEL 19: WORCESTER CLUSTER COMMUNITY IDENTIFIED PNPs					
Polisiestasie:	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Ashton	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	GESINSGEWELD	Inbraak by wonings	Gewone diefstal
Barrydale	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Inbraak by sakepersele	Gewone diefstal
Bonnievale	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Diefstal van motorvoertuig	Inbraak by wonings wonings	Inbraak by sakepersele
De Doorns	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Moord	Inbraak by wonings	Inbraak by sakepersele
McGregor	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by wonings	Gewone diefstal
Montagu	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe Gewone aanranding	Geinsgeweld	Inbraak by wonings	Inbraak by sakepersele
Robertson	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Moord
Touwsrivier	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by wonings	Gewone diefstal Moord, Roof by wonings Veediefstal:
Worcester	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Moord diefstal	Inbraak by wonings	Roof by wonings

Die bevindinge van die oorsig vir die Worcester kluster toon dat aanranding ELB en seksuele misdrywe die nommer een misdaadprioriteit in die area is. De Doorns was as een van die twaalf xenofobiese brandpunte⁴⁶ in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n prioriteitsmisdad geïdentifiseer het nie.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (68%) van deelnemers van die Worcester polisiekluster het aangedui dat die polisiehelpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 32% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Al die deelnemers in Laingsburg het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie. Die meerderheid van deelnemers in Swellendam (89%) en Touwsrivier (87%) het aangedui dat hul hulpbronne geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied. Die deelnemers van McGregor (75%) en Montague (73%) is die mees tevrede met die geskiktheid van die hulpbronne om misdaad te beveg.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (72%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffend benut word, en 28% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehelpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Al die deelnemers in Ashton en Laingsburg het aangedui dat hulpbronne doeltreffend gebruik word, terwyl die deelnemers in Robertson en De Doorns die teenoorgestelde aangedui het.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUMS

Die meerderheid van deelnemers (56%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, en 44% meen dat daar genoeg polisiebeamptes in die GDS is. Die meerderheid van deelnemers in De Doorns (71%) en Montague (64%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS is. Al die deelnemers in Laingsburg (100%) en Barrydale (72%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat by die GDS hulp verleen nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (81%) van deelnemers in die Worcester polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, en 19% het aangedui dat hulle nóg hoflik nóg hulpvaardig is. Al die deelnemers in Barrydale, Laingsburg, McGregor, Suurbraak en Worcester (100%) het aangedui dat polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig teenoor die publiek is. Die meerderheid van deelnemers in Robertson (75%) en Ashton (56%) het aangedui dat die polisiebeamptes by die GDS nóg hoflik nóg hulpvaardig teenoor die publiek is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (66%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 34% was nie tevrede met die speurders se dienste nie. Al die deelnemers in McGregor (100%) en die meerderheid in De Doorns (94%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word.

NN) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 8 Julie 2010 ongepubliseer



Die meerderheid van die deelnemers in Suurbraak (86%) en Worcester (71%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (41%) van deelnemers het aangedui dat hulle nie weet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 38% van deelnemers meen dat dit wel gebeur, en 21% meen dat getuies van misdade nie beskerm word nie. Al die deelnemers in Laingsburg (100%) and 72% van die deelnemers in Suurbraak (100%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdaad beskerm word. Die meerderheid van die deelnemers in Ashton (67%) het aangedui dat hulle nie weet of getuies van misdaad beskerm word nie. In De Doorns het 65% aangedui dat getuies van misdaad nie beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (62%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. Die meerderheid van deelnemers in Doorns (94%), Robertson (89%) and Barrydale (73%) verlang meer polisiepatrollies bedags en snags. Een en vyftig persent (51%) van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisiesigbaarheid te verhoog. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 60% van deelnemers as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in De Doorns (82%), Robertson en Touwsrivier (56%) het aangedui dat volledige implementering van sektorpolisiëring polisiesigbaarheid verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (67%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 21% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Agt persent (8%) het aangedui dat 15-20 minute 'n geskikte responstyd is.

Die meerderheid van deelnemers by alle polisiestasies het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdaad op te tree, behalwe in Laingsburg (80%) en De Doorns (59%). Hierdie deelnemers het 10-15 minute of langer as 'n aanvaarbare responstyd aangedui.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (55%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasieplanne lewer nie, terwyl 38% aangedui het dat dit wel gebeur, en 7% dat daar geen insette in die stasieplanne is nie. Al die deelnemers in Bonnievale en Worcester (87%) het aangedui dat hulle nie weet of die GPF insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (57%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 32% aangedui het dat hulle nie insette lewer nie, en 11% dat hulle wel insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word.

Al die deelnemers in Suurbraak (100%) en Laingsburg (90%) het aangedui dat die GPF nie insette lewer nie. Die meerderheid van deelnemers in Robertson (22%) and Swellendam (22%) het aangedui dat hulle nie weet of die GPF insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul area toebedeel word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE WORCESTER POLISIEKLUSTER

Inwoners van **Ashton** het aangedui dat veral dwelms, seksuele misdrywe, en inbraak misdade is wat kommer in hul area veroorsaak. Hulle is nie tevrede met die beperkte polisiepersoneel in hul area nie, en noem dit as 'n moontlike verklaring vir waarom die polisie nie in staat is om inwoners doeltreffend by te staan nie. Hoewel hulle teleurgesteld was oor hoe lank dit neem om te respondeer, was deelnemers tevrede met die gehalte van diens wat hulle ontvang het. Deelnemers het saamgestem dat hulle sou verkies om meer personeel by die GDS te hê om lede van die gemeenskap te help. Hoewel hulle tevrede was met die gehalte van die diens, meen gemeenskapslede dat daar nie genoeg speurders in die **Ashton** area werk nie.

Deelnemers meen dat daar nie genoeg kommunikasie tussen die GPF's en die polisie is nie, soos gesien kan word aan die gebrek aan inligting wat met die publiek gedeel word. **Ashton**-inwoners meen dat benewens meer klopjagte, die polisie onwettige sjebiens moet help om behoorlike bedryfslisensies te kry.

In **Barrydale** het gemeenskapslede dwelms en onwettige afsetpunte vir middele as spesiale bronne van kommer in hul area genoem. Terwyl hulle polisdienste en -hulpbronne as toereikend beskou, sou hulle meer polisiebeamptes wou sien wat weet hoe om doeltreffend en sensitief in 'n noodsituasie op te tree. Nes met die GDS, was deelnemers tevrede met die diens wat hulle ontvang het, maar hulle wil graag sien dat meer personeellede in diens geneem word om die pas van die diens te versnel. Toe inwoners van **Barrydale** gevra is waar daar meer polisiesigbaarheid nodig is, was die mees algemene respons dat dit op die plase is. Inwoners meen dat ter wille van meer doeltreffende diens aan die gemeenskap, die GPF-vergaderings meer gereeld gehou moet word, en dat vennootskappe gebou moet word.

Gemeenskapslede in **Bonnievale** het gesê dat dwelmmisbruik onder kinders en volwassenes spesiale aandag van die polisie in hul area nodig het. Hulle was bekommerd oor die tekort aan polisiebeamptes en polisievoertuie in hul area, Terwyl deelnemers aangedui het dat die polisie sigbaar is, was hulle nie oortuig dat sigbaarheid noodwendig tot 'n afname in misdaad lei nie. Hulle sou graag beter samewerking tussen die polisie en lede van die gemeenskap wou sien.

Inwoners van **De Doorns** sou graag groter polisiesigbaarheid wou sien om onwettige sjebiens teen te werk. Die sigbaarheidprobleme word vererger deur die tekort aan toegang tot polisiehulpbronne soos polisievoertuie, wat misdaadvoorkoming aan bande lê. Gemeenskapslede gee toe dat hulle diens van gehalte ontvang het tydens die paar geleenthede dat hulle die polisiestasie in hul area besoek het. Deelnemers sou graag kliëntediens van 'n beter gehalte in die GPF wou ervaar.

In die plaasareas is daar oënskynlik 'n gebrek aan polisiesigbaarheid, en daar moet meer doeltreffend gepatrolleer word. Gemeenskapslede sê dat die maandelikse GPF-vergaderings as 'n forum dien om hul bekommernisse mee te deel.



Om onwettige sjebiens uit te roei meen inwoners dat daar strenger wetstoepassing moet wees en dat polisiebeamptes moet ophou om sulke plekke te ondersteun.

Deelnemers van **McGregor** het versoek dat die polisie hofliker en vriendeliker moet wees en alle lede van die gemeenskap dieselfde moet behandel. Hulle moet meer betrokke by die gemeenskap wees.

Daar word meer polisie by die GDS benodig. Daar is 'n tekort aan polisievoertuie. Daar blyk meer polisiesigbaarheid op plase en landelike areas nodig te wees. Daar is deur etlike deelnemers opgemerk dat die polisie goeie werk doen.

By **Montague** is vir meer interaksie met die gemeenskap gevra. Die deelnemers meen dat daar meer polisiesigbaarheid in Sektor 1 en Sektor 2 landelike areas kan wees, en dat voetpatrollies gedurende besigheidsure in die dorp uitgevoer moet word.

'n Voorstel in **Robertson** lui dat daar 'n fokus moet wees op sake wat mishandelde vrouens aangaan. Meer kommunikasie en interaksie met die gemeenskap is gevra.

Meer polisiesigbaarheid in Robertson Noord moet aandag kry. Daar is gevra dat polisie vriendeliker moet wees en dat hulle al die lede van die gemeenskap vriendelik moet behandel. Daar is ook gevind dat die polisie te lank neem om te respondeer, hetsy weens 'n tekort aan personeel of 'n tekort aan voertuie. Hierdie dienslewering van die polisie word as onaanvaarbaar beskou.

Kommentaar oor die polisiestasie by **Touwsrivier** sluit in dat die polisie hofliker moet wees wanneer hulle met die publiek werk, en dat die polisie meer toegewyd aan hul werk moet wees. Meer gemeenskapsvergaderings en kommunikasie met die publiek is etlike kere as 'n saak van kommer geopper. Polisiesigbaarheid moet in landelike areas en dwelmbesmette areas verhoog word. Daar is opgemerk dat speurdienste vinnig afgehandel word. Privaatheid by hierdie polisiestasies is as 'n probleem gesien. Daar is aanbeveel dat meer polisielede in diens geneem word en dat hulle aan diens moet wees, veral oor naweke. 'n Tekort aan polisievoertuie word by hierdie stasie ervaar.

Voorstelle van die **Worcester** polisiestasie om hul diens te verbeter sluit in dat die polisie vinniger moet optree en dat daar meer interaksie met die gemeenskap moet wees. Daar word gevoel dat die hele area 'n behoefte aan meer polisiesigbaarheid het. Daar is opgemerk dat sektorpolisiëring en patrollievoertuie nie altyd op oproepe respondeer nie, en dat die stasie sy eie voertuie nodig het.

4.5.2 VEILIGHEIDSMATREËLS

Die veiligheidsmaatreëls vir die Kaapse Wynland behoort die volgende in te sluit:

- OOO) Bewustheid van kindermishandeling en gendergebaseerde geweld, Veilige Skole en middelemisbruik
- PPP) Sigbare polisiëring en misdada voorkoming
- QQQ) Bewusmaking en opvoeding van die publiek
- RRR) Ontspanningsgeriewe vir jeugdiges

4.6 ONTLEDING VAN PBP'S VAN SKDM POLISIEKLUSTER

4.6.1 BEAUFORT WES POLISIEKLUSTER

Die Beaufort Wes polisiekluster bestaan uit vier polisiestasies, naamlik die Beaufort Wes, Leeu-Gamka, Murraysburg and Prince Albert polisiestasies. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Beaufort-Wes Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestasie:	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Beaufort Wes	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by woning .	Veediefstal
Leeu- Gamka	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Gewone diefstal	Veediefstal
Murraysburg	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by woning Inbraak by sakeperseel .	Veediefstal
Prince Albert	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by woning .	Veediefstal

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die Beaufort Wes kluster aanranding ELB is. Vergeleke met die bevindinge van die 2009/10 PBP's oorsig, is gewone aanranding en veediefstal as die nommer een prioriteitsmisdaad in Beaufort Wes geïdentifiseer. Aanranding ELB is slegs as die derde prioriteitsmisdaad tydens die 2009/10-oorsig geïdentifiseer. Gemeenskapslede van Leeu-Gamka het nie vir 2009/10 'n nommer een prioriteitsmisdaad geïdentifiseer nie, maar het wel aanranding ELB as die derde prioriteitsmisdaad geïdentifiseer. Gedurende 2009/10 het gemeenskapslede van Murraysburg beide gewone aanranding en aanranding ELB as die nommer een prioriteitsmisdaad geïdentifiseer. In lyn met hierdie jaar se oorsig het gemeenskapslede van Prince Albert aanranding ELB as die nommer een prioriteitsmisdaad geïdentifiseer.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid van deelnemers in Leeu-Gamka (86%) en Murraysburg (70%) het aangedui dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie. Sestig persent van die deelnemers van Beaufort Wes het egter aangedui dat die polisiehulpbronne in hul area geskik is om misdaad die hoof te bied.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Al die deelnemers uit die Beaufort Wes polisiegebied het aangedui dat hierdie hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Agt en sewentig persent van die deelnemers uit Murraysburg het egter gesê dat die polisiehulpbronne in hul polisiegebied doeltreffend benut word.



IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUMS

Al die deelnemers van Murraysburg en die meerderheid van deelnemers van Leeu-Gamka(86%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS'e gehelp het nie. Daarteenoor het 67% van die deelnemers van Beaufort Wes aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes is wat in die GDS'e hulp verleen.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Al die deelnemers van Leeu-Gamka en die meeste van die deelnemers van Prince Albert (78%) en Beaufort Wes (75%) het aangedui dat die polisiebeamptes in die GDS hoflik en hulpvaardig teenoor gemeenskapslede is.

23.5 DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers van Murraysburg (80%) en Leeu-Gamka het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders in hul polisiestasie gelewer word. Die meerderheid van die deelnemers in Beaufort Wes (75%) het egter aangedui dat hulle ontevrede was met die dienste wat deur die speurders in Beaufort Wes gelewer word.

V) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Ongeveer 71 van die deelnemers van Leeu-Gamka dink blykbaar dat die polisie in hul area genoeg doen om getuies in strafregtelike sake te beskerm, terwyl 74% van die deelnemers van Prince Albert nie weet of die polisie in hul area getuies in strafregtelike sake beskerm nie.

VI) POLISIESIGBAARHEID

Oor die kwessie van polisiesigbaarheid het die meeste van die deelnemers van Murraysburg (90%), Leeu Gamka (88%) en Beaufort Wes (80%) blykbaar nie gedink dat meer polisiebeamptes wat bedags patrollies uitvoer polisiesigbaarheid kan verbeter nie. Weereens het die meeste van die deelnemers van Murraysburg (80%), Beaufort Wes (80%) en Leeu Gamka (75%) nie gedink dat meer polisiebeamptes wat snags patrollies doen, polisiesigbaarheid kan verbeter nie.

Sowat 80% van die deelnemers van Beaufort Wes (80%) het nie gedink dat meer polisiebeamptes wat bedags en snags patrollies doen, polisiesigbaarheid in hul area kan verbeter nie. Vyf en sewentig persent van die deelnemers van Leeu Gamka en 70% van die deelnemers van Murraysburg het egter gedink dat meer polisiebeamptes wat bedags en snags patrollies uitvoer polisiesigbaarheid kan verbeter. Die meerderheid van deelnemers van Leeu Gamka (88%) en Beaufort Wes (80%) dink nie dat meer stop-en-deursoek-operasies in hul area polisiesigbaarheid kan verbeter nie, en 88% van die deelnemers van Leeu Gamka saam met 70% van die deelnemers van Murraysburg dink nie dat die volle implementering van sektorpolisiëring polisiesigbaarheid kan verbeter nie.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid van deelnemers van Beaufort Wes (80%), Prince Albert (79%) and Leeu Gamka (75%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir die polisie. Ongeveer 60% van die deelnemers van Beaufort Wes het gesê dat die GPF nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne deur die polisie in Beaufort Wes toegesê word nie.

Verder het die deelnemers aangedui dat hulle nie insette tot die polisiestasiplan in Beaufort Wes lewer nie. Eweneens het 50% van die deelnemers van Murraysburg ook aangedui dat hul GPF nie insette tot die polisiestasiplan van die area lewer nie.

VIII) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Al die deelnemers van Beaufort Wes en Murraysburg en die meeste van die deelnemers van Prince Albert (95%) en Leeu Gamka (88%) het aangedui dat middelemisbruik 'n probleem in hul area is. Die meerderheid van deelnemers van die bogenoemde areas, veral van Prince Albert (78%), het aangedui dat hulle nie tevrede is met die wyse waarop die polisie onwettige sjebiens en dwelmafsetpunte in hul areas hanteer nie.

IX) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE BEAUFORT WES POLISIEKLUSTER

Die deelnemers van die Beaufort Wes polisiegebied glo dat die polisie die algemene publiek moet aanspoor om vennote in die bestryding van misdaad te word. Die polisie moet meer maatskaplik verantwoordelike programme uitrol. Daar word gevra dat die **Nelspoort** polisiestasie 'n volledige polisiestasie moet wees wat 24 uur per dag oop is.

Volgens deelnemers is daar nie genoeg lede by die **Leeu Gamka** polisiestasie om die nodige diens te lewer nie. Deelnemers het voorgestel dat meer polisiebeamptes met inbegrip van speurders gewerf moet word.

Die deelnemers van **Murraysburg** het voorgestel dat alle staatsdepartemente en NRO's saam moet werk om misdaad te beveg en met bewusmakingsveldtogte te help. Daar is 'n behoefte om die polisiestasie op te gradeer en die GDS meer gemeenskapsvriendelik te maak en die moreel van die lede 'n hupstoot te gee. Daar moet 'n kantoor vir die plaaslike speurdertak gebou word. 'n Nuwe polisiegebou en meer polisiebeamptes moet by die stasie ontplooi word. Daar moet meer interaksie tussen die polisie en die gemeenskap wees.

In **Prince Albert** het die deelnemers aangedui dat die polisiestasie-gebou te klein en te oud is, met stukkende pype. Daar is 'n behoefte aan administrasiepersoneel by die stasie. Meer polisiebeamptes moet by die **Klaarstroom** polisiestasie ontplooi word. Deelnemers het gevra dat die stasie 24 uur per dag oop moet wees, en dat beamptes in skofte moet werk. Daar is voorgestel dat daar vir polisiesigbaarheid op die N12-pad gesorg word. Die internet kan gebruik word om kommunikasie tussen die polisie en die gemeenskap te verbeter. Die deelnemers stel voor dat daar beter samewerking tussen die landdros, die aanklaer en die polisie moet wees om te verseker dat die gemeenskappe sien dat reg geskied.

4.6.2 VEILIGHEIDSMATREËLS

Die volgende is 'n paar van die veiligheidsmaatreëls wat in die Sentraal Karoo distrik geïmplementeer kan word:

- W) Implementering van misdaadvoorkomingstrategieë
- X) Bevordering van funksionele geletterdheid deur BOOV
- Y) Behoorlike instandhouding en voorkomende instandhouding van infrastruktuur
- Z) Om 'n voorkomende program ten opsigte van verslawende middels daar te stel



4.7 ONTLEDING VAN PBP'S VAN DIE POLISIEKLUSTER VAN DIE STAD KAAPSTAD

4.7.1 BELLVILLE POLISIEKLUSTER

Die Bellville polisiekluster bestaan uit vier polisiestasies, naamlik dié van Bellville, Bothasig, Goodwood en Parow. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Tabel 21: Bellville Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestasie:	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Bellville	Gewone roof Diefstal van 'n Voertuie	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning -	Inbraak by sakepersele	Roof by sakepersele
Bothasig	Gesinsgeweld	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning -	Roof by woning -	Inbraak by sakeperseel
Goodwood	Gesinsgeweld	Diefstal van 'n Voertuie	Diefstal uit motor-Voertuie	Inbraak by woning -	Dwelmverwante misdaad
Parow	Gewone roof	Diefstal van 'n Voertuie	Inbraak by woning -	Roof by woning -	Inbraak by sakeperseel

Die deelnemers in die Bellville kluster beskou **gewone roof, diefstal van motorvoertuig, en gesinsgeweld** as die topprioriteitmisdaade.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (77%) van deelnemers van die Bellville polisiekluster het aangedui dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 23% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die polisiestasie wat hul hulpbronne as die mins geskik geïdentifiseer het, was Bothasig, terwyl die Goodwood stasie hul hulpbronne as geskik geïdentifiseer het.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Gemeenskapslede is gevra of polisiehulpbronne doeltreffend benut word. Die meerderheid van die deelnemers (92%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffend benut word, en 8% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Al die deelnemers van Parow en Goodwood het aangedui dat die hulpbronne doeltreffende benut word. Slegs 13% van deelnemers van Bothasig en 10% van Bellville het aangedui dat hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUMS

Die meerderheid van deelnemers (80%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het, en 20% meen dat daar nie genoeg polisiebeamptes in die GDS is nie. Beide Goodwood en Parow

het die hoogste telling in hierdie afdeling gehad, met al die deelnemers wat aandui dat daar genoeg polisie in die GDS help, terwyl die helfte van die Bothasig-deelnemers voel dat daar nie genoeg polisie is wat in die GDS help nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (92%) van deelnemers het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hofflik en hulpvaardig teenoor gemeenskapslede is, en 8% het aangedui dat hulle nóg hofflik nóg hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (55%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie, en 45% was tevrede met die speurders se dienste. Die meerderheid van die deelnemers (82%) in Bellville het aangedui dat hulle nie tevrede is met die diens wat die speurders lewer nie, terwyl die meerderheid van die deelnemers in Parow (75%) en Bothasig (67%) tevrede was.

Dit is in 'n mate moeilik om akkuraat te ontleed hoe tevrede deelnemers met die dienste is, want hulle kan deur die uitkomst van sake beïnvloed word. Verder het slegs een respondent in Goodwood hierdie vraag beantwoord, wat beteken dat dit moontlik nie 'n akkurate weerspieëling is van wat ander respondente kon gesê het indien hulle die vraag beantwoord het nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (56%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade deur die polisie beskerm word nie, 28% het gedink dat hulle wel beskerm was, terwyl 16% van die deelnemers gedink het dat die polisie nie getuies beskerm nie. Die meerderheid van deelnemers in Bellville (64%) en Bothasig (50%) het aangedui dat hulle nie weet of die polisie getuies van misdade beskerm nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (73%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. In Parow verlang al die deelnemers meer polisiepatrollies bedags en snags, gevolg deur Bothasig (78%) en Bellville (64%). Twee en sestig persent (62%) het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisiesigbaarheid te verhoog. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 42% as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

'n Duidelike meerderheid (81%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisieresponstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 12% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Ander deelnemers (8%) het gevoel dat 15-20 minute aanvaarbaar is.



Die meerderheid van deelnemers in Bellville (82%), Parow (80%) en Bothasig het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdadaasituasies op te tree.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die helfte van die deelnemers (50%) het aangedui dat die GPF inligting oor die planne van die polisie stasie voorsien het, terwyl 25% dit ontken en 25% nie weet nie. Die meerderheid van deelnemers (71%) in Bothasig het aangedui dat hulle insette lewer, terwyl meer as die helfte van die deelnemers (55%) aangedui het dat hulle dit nie doen nie. Die meerderheid van deelnemers (60%) het aangedui dat die GPF insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 24% aangedui het dat hulle nie insette lewer nie, en 16% dat hulle nie weet nie. Die meerderheid van deelnemers in Parow het aangedui dat hulle insette lewer, terwyl byna die helfte (45%) in Bellville aangedui het dat hulle dit nie doen nie. Al die deelnemers in Bothasig het aangedui dat hulle nie weet of die GPF insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE BELLVILLE POLISIEKLUSTER

Die **Bellville**-deelnemers meen dat meer reserviste in diens geneem moet word. Beter bestuur van hulpbronne is 'n prioriteit. Verseker dat die *Morpho Touch* altyd beskikbaar is en dat 'n bekwame lid dit bedien. Die area het meer polisiesigbaarheid, meer bekwame lede en meer voertuie nodig.

Volgens deelnemers is 'n groot probleem die gebrek aan gesamentlike aksie deur die SAPD en die Metropolisie. Dit blyk dat daar geen verordening is dat die Metropolisie by die polisie moet inskakel nie. Die SAPD moet beter gebruik maak van vennootskappe met die sakewêreld en organisasies vir maatskaplike ontwikkeling. Alle relevante rolspelers moet by misdaadbestryding betrokke wees, naamlik die SAPD, beamptes van die Stad Kaapstad, Binnelandse Sake, en Maatskaplike Ontwikkeling.

In **Bothasig** is daar 'n taalprobleem waar die polisiebeamptes by die stasie nie die taal van die klaers kan praat nie. Dit is nodig dat lede voldoende opgelei word om Engels te praat, om telefoonetiket te ken, en om die publiek behoorlik aan te spreek. Die polisie stasies moet uitgebrei word.

Meer hulpbronne soos polisiebeamptes en voertuie word verlang.

In **Goodwood** meen die GPF dat die polisie stasies 'n misdaadvoorkomingsafdeling moet hê wat nie slegs reaktief moet wees nie, maar ook proaktief om misdaad te voorkom.

In **Parow** bly taal 'n probleem. In 'n oorwegend Afrikaanse area moet die polisiebeamptes wat by die GDS ontplooi is, in staat wees om die publiek in die taal te bedien wat die klaers verkies. Die polisiebeamptes het basiese opleiding in klantesorg en kliënteverhoudings nodig. Daar is versoeke dat meer polisieoptrede en gemeenskapsbetrokkenheid geïmplementeer moet word. Meer buurtwagte en blok wagte moet gevorm word. Daar moet 'n goeie vennootskap tussen die polisie en die gemeenskap wees.

4.7.2 BISHOP LAVIS POLISIE KLUSTER

Die Bishop Lavis polisiekluster bestaan uit drie polisiestasies, naamlik dié van Bishop Lavis, Elsiesrivier en Langa. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Polisiestasie:	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Bishop Lavis	Aanranding ELB Seksuele misdrywe	Gewone aanranding Huishoudelike Moord	Kaping, Inbraak by sakeperseel	Gewapende roof Inbraak, Roof by wonings	Gewone diefstal
Elsiesrivier	Aanranding ELB	GEWONE ROOF Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Gewone roof	Inbraak by 'n woning
Langa	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding Gesinsgeweld, Moord	Gewone roof	Gewapende roof Roof by 'n Woning
Die deelnemers van die Bishop Lavis kluster beskou aanranding ELB en seksuele misdrywe as die topprioriteitmisdade.					

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (64%) van deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 36% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die polisiestasie wat hul hulpbronne as die mins geskik geïdentifiseer het, was Langa (100%), terwyl die Bishop Lavis polisiestasie gevoel het dat hul hulpbronne geskik was.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Gemeenskapslede is gevra of polisiehulpbronne doeltreffend benut word. Die meerderheid van deelnemers (58%) het gesê dat die hulpbronne nie doeltreffende benut word nie. Slegs 42% van deelnemers het gesê dat hierdie hulpbronne doeltreffend gebruik word. Dit toon 'n klein verskil tussen diegene wat voel dat hierdie hulpbronne doeltreffend gebruik word, en dié wat meen dat hulpbronne nie doeltreffend benut word nie. 'n Paar van die aanduiders van hoedat dit waargeneem is, is om na die aantal deelnemers te kyk wat nie geweet het hoeveel polisiebeamptes aan hul polisiestasie toegewys is nie, en hoeveel polisievoertuie beskikbaar was om hul distrik te bedien nie.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUMS

Lede van die gemeenskap moes respondeer of hulle meen dat daar genoeg polisiebeamptes is wat mense in die Gemeenskapsdienssentrum (GDS) help. Die meerderheid van deelnemers (69%) het aangedui dat hulle nie waargeneem het dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie. Die mees geaffekteerde stasie was Bishop Lavis (100%) en die mins geaffekteerde stasie was Langa (50%).



(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid van deelnemers (60%) het aangedui het dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk, hoflik en hulpvaardig teenoor die gemeenskapslede van die GDS was. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die mees tevrede stasie was Bishop Lavis (83%) en die mins tevrede stasie was Elsiesrivier (100%).

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (60%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie. Dit is in 'n mate moeilik om akkuraat te ontleed hoe tevrede deelnemers met die dienste is, want hulle kan deur die uitkomst van sake beïnvloed word. Die mees geaffekteerde stasie was Elsiesrivier (100%) en die mins geaffekteerde stasie was Bishop Lavis (100%). 'n Paar voorstelle oor wat gedoen kan word om hierdie dienste te verbeter, was byvoorbeeld om meer vaardige speurders te huur, en dat meer hulpbronne vir die speurders voorsien moet word om hul ondersoekte te verbeter.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Dit is beduidend dat 38% van deelnemers nie weet of getuies van misdade beskerm word nie. Ongeveer 19% het gedink dat hulle wel beskerm word, terwyl 44% aangedui het dat die polisie nie getuies beskerm nie. Hierdie breuk in die begrip van die beskermingsdiens wat die polisie vir getuies verskaf, beteken dat daar in die eerste plek 'n tekort aan vertroue in die werklike rapportering van misdade is, en ook dat daar 'n gebrek aan verwagtinge vir ondersteuning, opvolgwerk en uitkomst van misdade is wat in die gemeenskap gepleeg is. Onkunde oor die beskerming wat die polisie aan getuies van misdaad bied, is een rede waarom deelnemers geantwoord het dat hulle nie weet nie, maar ander meer onheilspellende aspekte suggereer dat hierdie deelnemers die polisie as onbetroubaar beskou, of meen dat hulle nie oor getuies omgee nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van gemeenskapslede (63%) het getoon dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag Polisie sigbaarheid in hul onderskeie areas sal verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Elsiesrivier (100%) en Lange (71%) het meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag aangevra. Agt en vyftig persent (58%) het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisie sigbaarheid te verhoog.

In Elsiesrivier het (100%) en in Langa (57%) van die deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer behoort te word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 68% as 'n manier beskou om polisie sigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Elsiesrivier (100%), en Langa (71%) het aangedui dat volledige implementering van sektorpolisiëring polisie sigbaarheid verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

'n Duidelike meerderheid (88%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie responstyd aangedui, terwyl slegs 12% aangedui het dat langer as 15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Die meerderheid van

deelnemers by al die polisiestasies het 5-10 minute as 'n aanvaarbare responstyd in hul onderskeie areas aangedui.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Toe hulle gevra is of die GPF van hul area insette oor die plan van die polisiestasie gelewer het, het 43% dit bevestig, terwyl 50% geantwoord het dat hulle nie geweet het nie. Elsie-rivier (67%) was die mees geaffekteerde stasie, terwyl Bishop Lavis (50%) en Langa (50%) die minste geaffekteer was. Op die vraag of die GPF insette gelewer het oor die manier waarop hulpbronne deur die polisie toegewys word, het die meerderheid van die lede (29%) aangedui dat dit wel gebeur het, terwyl 57% aangedui het dat hulle nie weet nie. Die mees geaffekteerde stasie was Bishop Lavis (80%) terwyl Langa (50%) die minste geaffekteerde stasie was.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKING TOT DIE BISHOP LAVIS POLISIEKLUSTER

Daar word gevra dat buurtwagte saam met die polisie werk om bedags en snags in Bishop Lavis te patrolleer. Vir die polisie om 'n goeie verhouding met gemeenskapstrukture te handhaaf, is van deurslaggewende belang in die stryd teen misdaad.

Gedurende die projek vir 'n Gemeenskapsveiligheidsbarometer 2008/09 het die deelnemers **roof**, **moord** en **skietery** as die mees gevreesde misdade geïdentifiseer. Om ontspanningsgeriewe en aktiwiteite vir die jeug te voorsien, rampokkers uit die gemeenskappe te elimineer, buurtwagte te ontwikkel, polisiebeamptes buite die areas waar hulle self woon te ontplooi, en die Metropolisie by gemeenskapspolisiëring te betrek, was onder die intervensies wat die regering kan onderneem om die misdaadprobleem in **Bishop Lavis** die hoof te bied.

In **Langa** is gevra dat die polisie skole gereeld moet besoek en die leerders tydens pouses moer deursoek aangesien hulle soms messe en dagga ronddra.

Polisie moet by vierrigtingstopstrate sigbaar wees, aangesien dit hier is waar motoriste van hul besittings beroof word. Daaglikse patrollies word benodig. Skole is nie meer veilige plekke nie, en die polisie moet die leerders gedurende hul pouses deursoek. Meer polisiepatrollies en polisesigbaarheid by vierrigtingstopstrate aangesien misdadigers kwesbare motoriste teiken.

In **Elsiesrivier** word versoek dat polisiebeamptes in diensuitmuntendheid opgevoed word. Meer voetpatrollies en meer polisiëring by sjebiens. Hou voertuie op patrollie en varieer skofaanpassings. Polisieversoeke om op tiernermisdadigheid te fokus en alle skoolgaande kinders terug by die skool te kry. Polisie moet gemeenskappe gelyk behandel.



4.7.3 KAAPSTAD POLISIEKLUSTER

Die Kaapstad polisiekluster bestaan uit agt polisiestasies, naamlik dié van Kampsbaai, Kaapstad Sentraal, Kensington, Maitland, Pinelands, Seepunt, Tafelbaai Hawe en Woodstock. Al die GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Kaapstad Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestasie:	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Kampsbaai	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by wonings	Roof by wonings	Inbraak by	Gewone diefstal
Kaapstad Sentraal	Gewone diefstal	Diefstal van 'n Voertuie	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak woning	Roof by woning
Kensington	Aanranding ELB Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Diefstal uit motorvoertuig, inbraak by wonings	Roof by woning
Maitland	Aanranding ELB Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Diefstal van motorvoertuig	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by sakepersele
Pinelands	Gewapende roof	Diefstal van motorvoertuig	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning woning	Roof by woning
Seepunt	Gewone roof	Diefstal van motorvoertuig	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Tafelbaai Hawe	Gewapende roof Seksuele misdrywe Diefstal van 'n motorvoertuig	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Gewone diefstal	Veediefstal	Bedrog
Woodstock	Gewone aanranding	Gewone roof	Diefstal uit motorvoertuie	Inbraak by woning	Roof by woning, Gewone diefstal

Die Kaapstad Sentraal polisiekluster het hoofsaaklik met verskillende misdaadkategorieë te kampe, wat kontak- en eiendomverwante misdaad insluit. **Gewone diefstal, gewapende roof, seksuele misdrywe, aanranding ELB, diefstal van 'n motorvoertuig en diefstal uit 'n motorvoertuig** is as die nommer een misdaadkategorieë in die verskillende areas gerapporteer.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (59%) van deelnemers het aangedui dat die polisiehelpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 37% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die polisiestasie wat hul hulpbronne as die mins geskik geïdentifiseer het, was Kampsbaai en Tafelbaai Hawe, terwyl die Kaapstad Sentraal en Kensington stasies gevoel het dat hul hulpbronne geskik was.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Gemeenskapslede is gevra of polisiehulpbronne doeltreffend benut word. Die meerderheid van deelnemers (57%) het gevind dat die hulpbronne doeltreffende benut word. Slegs 31% van deelnemers het gesê dat hierdie hulpbronne nie doeltreffende gebruik word nie. Woodstock polisiestatie het die beste geprester met 83% van deelnemers wat glo dat hulpbronne doeltreffend gebruik word.

Die een respondent wat wel hierdie vraag vir die Kampsbaai polisiestasies beantwoord het, het aangedui dat hulle nie hul hulpbronne doeltreffend gebruik nie, wat Kampsbaai die swakste presteerder vir die doeltreffende gebruik van hulpbronne maak.

IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUMS

Lede van die gemeenskap moes op die vraag respondeer of hulle meen dat daar genoeg polisiebeamptes is wat mense in die Gemeenskapsdienssentrum (GDS) help. Die meerderheid van deelnemers (46%) het aangedui dat hulle nie waargeneem het dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, terwyl 44% gedink het dat daar genoeg was. Die Seepunt-stasie het die hoogste punt hiervoor behaal, terwyl die deelnemers van beide Kampsbaai en Tafelbaai laer tellings behaal het aangesien hierdie stasies nie genoeg polisiebeamptes het wat in hul GDS'e help nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid van deelnemers (70%) het aangedui het dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk, hoflik en hulpvaardig teenoor die gemeenskapslede by die GDS was. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het.

Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Kampsbaai was weereens die polisiestasie waar die polisie as die mins hulpvaardig en vriendelik beskou was, terwyl dié van Tafelbaai Hawe die beste telling behaal het vir hulpvaardige en hoflike polisie wat in hul GDS help, en dit ondanks die deelnemers se opvatting dat hulle die mins geskikte hulpbronne en personeel het wat in die GDS help.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (52%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word. By die Kampsbaai en Seepunt polisiestasies was deelnemers die mees tevrede met die dienste wat die speurders lewer, terwyl Maitland die stasie was daar deelnemers die mins tevrede met die speurders se diens was. 75% van die deelnemers voel dat die speurders bevredigende diens gelewer het.

Dit is in 'n mate moeilik om akkuraat te ontleed hoe tevrede deelnemers met die dienste is, want hulle kan deur die uitkomst van sake beïnvloed word. 'n Paar voorstelle oor wat gedoen kan word om hierdie dienste te verbeter, was byvoorbeeld om meer vaardige speurders te huur, en dat meer hulpbronne vir die speurders voorsien moet word om hul ondersoek te verbeter.



VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Dit is beduidend dat 74% van deelnemers nie geweet het of getuies van misdade beskerm word nie. Slegs 17% het gedink dat hulle wel beskerm word, terwyl 6% van deelnemers meen dat die polisie nie getuies beskerm nie. In die stasies van Kampsbaai, Seepunt en Woodstock het ewe veel van die deelnemers nie geweet of die polisie beskerming verleen aan getuies in strafregtelike sake nie.

Slegs 38% van deelnemers van Pinelands polisiestasie het gesê dat die polisie wel beskerming verleen, wat hierdie stasie die hoogste telling gee van deelnemers wat geglo het dat die polisie beskerming aan getuies in strafregtelike sake bied. Die polisiestasie van Tafelbaai Hawe het in hierdie opsig die swakste gepresteer, met 25% van deelnemers wat dink dat die polisie nie getuiebeskerming bied nie.

Hierdie breuk in die begrip van die beskermingsdiens wat die polisie vir getuies verskaf, beteken dat daar in die eerste plek 'n tekort aan vertroue in die werklike rapportering van misdade is, en ook dat daar 'n gebrek aan verwagtinge vir ondersteuning, opvolgwerk en uitkomst van misdade is wat in die gemeenskap gepleeg is. Onkunde oor die beskerming wat die polisie aan getuies van misdaad bied, is een rede waarom deelnemers geantwoord het dat hulle nie weet nie, maar ander meer onheilspellende aspekte suggereer dat hierdie deelnemers die polisie as onbetroubaar beskou, of meen dat hulle nie oor getuies omgee nie.

Hieronder kyk ons na ander aspekte wat die persepsie van deelnemers oor die dienslewering in hul areas affekteer.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Ongeveer (25.8%) van die deelnemers het aangedui dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag Polisie sigbaarheid in hul onderskeie areas sou verbeter. Slegs 11.7% meen egter dat meer polisiepatrollies gedurende die dag polisie sigbaarheid sou verbeter, en 12.5% voel dat meer nagpatrollies polisie sigbaarheid in die area sou verhoog. Meer stop-en-deursoek-aksies is deur 25%, en volle implementering van sektorpolisiëring is deur 23.4% as 'n manier beskou om polisie sigbaarheid te verbeter.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

'n Duidelike meerderheid (92.6%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie responstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 5.6% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die daarstel van GPF's was om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en die polisie meer bewus van die behoeftes van die gemeenskap te maak. Om dit te bereik, moet die GPF van daardie gemeenskap insette voorsien oor die plan van die polisiestasie, en oor die toewysing van sy hulpbronne deur die SAPD.

Toe hulle gevra is of die GPF van hul area insette oor die plan van die polisiestasie gelewer het, het 43% dit bevestig, terwyl 35% geantwoord het dat hulle nie geweet het nie. Op die vraag of die GPF inligting gegee het oor die manier waarop hulpbronne deur die polisie toegewys word, het die meerderheid van die lede (54%) aangedui dat hulle wel die inligting gegee het.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE KAAPSTAD POLISIEKLUSTER

Deelnemers van **Kampsbaai** het saamgestem dat verbeterde opleiding, 'n beter kaliber rekrute, beter werketiek en houding teenoor diens, beter toerusting geskik vir die omgewing, beter benutting en ontplooiing van hulpbronne aandag moet kry.

In **Kaapstad Sentraal** meen die GPF dat meer reserviste gewerf en gekompenseer moet word. Die aantal voet- en perdepatrollies moet bedags en snags vermeerder word. Om beamptes op tel lei, te verseker dat polisievoertuie padvaardig en ten volle toegerus is, vir meer direkte gemeenskapsinteraksie te sorg, en die plaaslike polisiebeamptes te leer ken, moet gedoen word. Die SAPD het beter werksomstandighede, toerusting, opleiding en ondersteuning nodig.

Polisie behoort opgelei te word om vriendeliker en meer bekwaam te wees. Die reël: "Skiet om dood te skiet" moet hersien word aangesien onskuldige mense in kruisvuur gedood word. Die verkoop van speelgoedvuurwapens aan kinders bevorder gewelddadige gedrag en behoort verbied te word. Behoorlike waardes en beginsels moet by die jeug gekweek word; die verkoop en lisensiering van vuurwapens moet gestaak word.

Speurders en eenhede van ondersoekbeamptes moet na die sektorspanne gebring te word om toerekenbaarheid en 'n beter skuldigbevindingsyfer te verseker.

Die prestasie van individuele lede van die SAPD moet op 'n daaglikse basis gemoniteer word. Dit is nodig om onwettige dwelmshandelaars meer noulettend te vervolg, geen verdraagsaamheid jeens misdadigers te betoon nie, en alle hulpbronne met inbegrip van verordeninge in die stryd teen misdaad en misdaad te benut.

Gemeenskapsamegerigheid moet versterk word, verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie moet verbeter word, ontspanningsgeriewe vir werklose jeugdiges moet daargestel word, 'n tekort aan vertroulikheid veroorsaak probleme. Alle belanghebbers, met inbegrip van gemeenskappe, moet weer die basiese beginsels nastreef. Daar is 'n behoefte aan passie om misdaad te beveg en om respek te herwin. Verseker dat sektorspanne behoue bly, en moenie beamptes rondskuif nie.

In **Kensington** meen die deelnemers dat diegene wat die gemeenskap dophou meer agting moet kry. Die polisie moet probeer om die vertroue van die gemeenskap te wen. Die gemeenskap versoek dat die sektortelefoon te alle tye geantwoord word.

In **Maitland** is daar 'n behoefte aan meer polisiebeamptes en vangwaens.

In **Pinelands** moet die aantal polisiebeamptes, voertuie en sektorpatrollies vermeerder word. Meer opgeleide en beter toegeruste personeel met 'n positiewe houding jeens die gemeenskap word benodig. Die GPF het nuwe tweerigtingradio's nodig om te gebruik wanneer hulle die polisie in hul operasies bystaan.

Die Departement van Gemeenskapsveiligheid word versoek om die GPF met hulpbronne soos tweerigtingradio's te help. Die Departement moet duidelikheid verkry oor sy rol in die GPF's. Kommunikasie tussen die polisie en die gemeenskap moet verbeter word. Polisiebeamptes wat by die GDS ontplooi is, moet bekwaam word om die telefoon op 'n professionele wyse te beantwoord wanneer hulle met klagtes uit die gemeenskap werk. Daar is 'n versoek vir beter en behoorlike opleiding vir lede. Lede moet opgelei word om behoorlik met die publiek om te gaan. Polisie sigbaarheid op roetes na spoorwegstasies moet verbeter word.

In **Seepunt** moet die kwessie van onwettige aktiwiteite soos prostitusie, manlike prostitusie en rondlopery die hoof gebied te word, aangesien die polisie hierdie probleme ignoreer. Sektorbestuurders het skootrekenaars nodig. SAPD-lede moet aansporingsvergoeding ontvang om hulle hul werk meer doeltreffend te laat doen. Daar moet 'n goeie vennootskap en vertroue tussen die plaaslike polisie en die inwoners wees. In **Tafelbaai** word meer polisie en meer patrollievoertuie verlang.



Deelnemers van **Kampsbaai** het versoek dat verbeterde polisie-opleiding, 'n beter kaliber rekrute, beter werketiek en houding teenoor diens, beter toerusting geskik vir die omgewing, beter benutting en ontplooiing van hulpbronne aandag moet kry.

In Woodstock meen die deelnemers dat die polisiestasie nie in 'n aanvaarbare toestand is nie. Daar is 'n voorstel dat die stasie naby sektor 1 moet wees, waar daar meer misdaad is. Die sektorbestuurders moet 'n span hê wat aan hulle verslag doen, en die span behoort met die sektor vertrou wees. Tans doen die spanne verslag aan skofbestuurders wat nie aksie- of operasionele personeel is nie. Skofbestuurders moet na strate en sektore herontploo word sodat hulle proaktief eerder as reaktief kan wees. Daar is meer senior beamptes in die bestuurspan nodig. Polisiebeamptes in beheer van hul sektor moet 'n databasis van alle bekende misdadigers in daardie gemeenskap hê. In **Woodstock** moet die polisie ooreenkomstig die gedragskode optree.

In **Maitland** vra deelnemers 'n groter polisiestasie.

4.7.4 CLAREMONT POLISIEKLUSTER

Die Claremont polisiekluster bestaan uit drie polisiestasies, naamlik dié van Claremont, Mowbray en Rondebosch. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

TABEL 24: CLAREMONT KLUSTER GEMEENSKAPGEÏDENTIFISEERDE PBPs (GEMEENSKAPSPERSEPSIES)

Polisiestasie	Prioriteit Crime: 1	Priority Crime: 2	Priority Crime: 3	Priority Crime: 4	Priority Crime: 5
Claremont	Kaping	Diefstal van motorvoertuig	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Roof by oning
Mowbray	Aanranding ELB Gewone roof, Gewapende diefstal	Diefstal van motorvoertuig	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Roof by woning
Rondebosch	Aanranding ELB Gewone roof	Gewone aanranding Kaping	Diefstal uit motor- Voertuie	Inbraak by woning	Roof by woning : Gewone diefstal

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die Claremont kluster 'n verskeidenheid misdade oor die verskillende areas heen is. **Kaping, gewone roof, gewapende roof** en **aanranding ELB** is as die nommer een misdaadprioriteit in die verskillende areas gerapporteer.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSKAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (58%) van deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne geskik is om

misdaad in die gemeenskap die hoof te bied, terwyl slegs 42% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne nie geskik is nie. Die polisiestasie wat hul hulpbronne as die mins geskik beskou het, was Claremont (89%), terwyl die Mowbray (89%) en Rondebosch (83%) stasies aangedui het dat hul hulpbronne geskik was.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (61%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffend benut word, en 39% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Die meerderheid van deelnemers in Rondebosch (100%) en Mowbray (78%) het aangedui dat hulpbronne doeltreffend gebruik word, terwyl die deelnemers in Claremont (78%) die teenoorgestelde aangedui het.

IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUMS

Die meerderheid van deelnemers (70%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het, en 30% van deelnemers meen dat daar nie genoeg polisiebeamptes in die GHS is nie. Die meerderheid van deelnemers in Rondebosch (100%) en Mowbray (78%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is. Die meerderheid in Claremont (56%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat by die GDS help nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (73%) van deelnemers in die Claremont polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemark het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van deelnemers in Mowbray (100%) and Rondebosch (100%) het aangedui dat die polisiebeamptes in die GDS hulpvaardig teenoor die publiek is, terwyl die meerderheid van deelnemers in Claremont (75%) aangedui het dat polisiebeamptes nóg hoflik nóg hulpvaardig is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die helfte van die deelnemers (50%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en die ander helfte (50%) was nie tevrede met die speurders se diens nie. Die meerderheid van die deelnemers in Rondebosch (100%) en Mowbray (83%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word. In Claremont het die meerderheid van die deelnemers (89%) aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (79%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 13% meen dat dit wel gebeur, en 8% meen dat getuies nie beskerm word nie.

Die meerderheid van die deelnemers in al drie die polisiestasies het aangedui dat hulle nie weet of getuies van misdaad beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (63%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. Die meerderheid van deelnemers in Claremont (67%) en Mowbray (67%) het meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag aangevra. Meer stop-en-deursoek-operasies is deur 67% van



deelnemers as nuttig vir groter polisesigbaarheid beskou. In Claremont het (78%) en in Mowbray (67%) het die meerderheid van die deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer behoort te word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 54% van deelnemers as 'n manier beskou om polisesigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van die deelnemers in Claremont (78%) en Rondebosch (67%) was ook van mening dat die volle implementering van sektorpolisiëring oorweeg moet word.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (92%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 8% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Die meerderheid van deelnemers by alle polisie-stasies het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om op misdadafsituasies te repondeer.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIE-STASIE-PLANNE

Die meerderheid van deelnemers (46%) het aangedui dat die GPF's insette in hul stasieplanne lewer, terwyl 27% aangedui het dat hulle nie weet nie, 27% dat daar hulle geen insette in die stasieplanne lewer nie. Die meerderheid van deelnemers in Rondebosch (67%) het aangedui dat hulle wel insette in die stasieplanne lewer, terwyl in Claremont die meerderheid (56%) aangedui het dat die GPF geen insette in die stasieplanne lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (65%) het aangedui dat die GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word, terwyl 18% aangedui het dat hulle nie insette lewer nie, en 17% dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word. Die meerderheid van deelnemers in Mowbray (60%) het aangedui dat die GPF's wel insette lewer.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE KAAPSTAD POLISIEKLUSTER

In **Claremont** is versoek dat kommunikasie net alle partye soos GPF's, sektorbesture, buurtwaglede ens. verbeter word. Hoflike diens moet in GDS'e deur polisiebeamptes gelewer word. Ander kwessies wat in Claremont geopper is, sluit die volgende in: geletterde personeel, instandhouding van voertuie, beantwoording van die telefoon, oop kommunikasiekanaal vir openbare deursigtigheid en toerekenbaarheid, takt wanneer met slagoffers gewerk word, 'n houding van trots eerder as mag, aansporing tot openbare betrokkenheid, en leierskap deur voorbeeld.

Mowbray-deelnemers vra dat meer indiensopleiding nodig is in 'n poging om optimum vlakke van doeltreffendheid en doelmatigheid te bereik en te handhaaf. Daar is 'n versoek vir konsekwentheid met stasiebevelvoerders wat by die stasie ontplooi is. Polisie moet help om die plakkerigheid in leegstaande huise hok te slaan.

Daar is groot probleme in die area met verkeersoortredings deur minibustaxis wat onwettig stop en toeters blaas. Hierdie gedrag dra tot 'n kultuur van wetteloosheid by wat die hoof gebied moet word. Vestig sterk en persoonlike bande met die gemeenskap.

Deelnemers in **Rondebosch** dui aan dat vir kontinuïteit om te bestaan, bekwame bevelvoerders toegelaat moet word om langer by 'n stasie te bly om die nodige veranderinge aan te bring. Bevelvoerders word dikwels verskuif net wanneer hulle begin om 'n verskil by die stasie te maak. Studente en jonger personeel het blykbaar meer opleiding in die afneem van verklaringe, en in telefoonkommunikasie nodig.

4.7.5 DELFT POLISIEKLUSTER

Die Bellville polisiekluster bestaan uit vier polisiestasies, naamlik dié van Bellville, Bothasig, Goodwood en Parow. All CPFs participated in the PNP's survey.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

TABEL 25: DELFT KLUSTER GEMEENSAPGEÏDENTIFISEERDE PBP's (GEMEENSAPSPERSEPSIES)					
Polisiestasie	Prioriteit Misdaad: 1	Prioriteit Misdaad : 2	Prioriteit Misdaad: 3	Prioriteit Misdaad: 4	Prioriteit Misdaad: 5
Belhar	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Roof by woning diefstal by sakeperseel
Bellville Suid	Aanranding ELB	Huishoudelike geweld	Gewone roof	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Delft	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe Gewone aanranding	Huishoudelike geweld	Gewone roof	Diefstal uit 'n motorvoertuig
Ravensmead	Gewone aanranding	Gewone roof	Diefstal uit motor- Voertuie	Roof by woning	Vigilantisme

Die uitslae van die oorsig vir die Delft kluster toon dat aanranding ELB en gewone aanranding die nommer een misdaadprioriteite is.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (83%) van deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 17% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Al die polisiestasies het aangedui dat hul hulpbronne geskik is.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (59%) het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, en 41% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne wel doeltreffend gebruik word. Die meerderheid van deelnemers in Delft (75%) en Ravensmead (63%) het aangedui dat hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie, terwyl die deelnemers in Bellville Suid (55%) die teenoorgestelde aangedui het.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUMS

Die meerderheid van deelnemers (55%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het, en 45% van deelnemers meen dat daar nie genoeg polisiebeamptes in die GHS'e is nie. Die meerderheid van deelnemers in Bellville Suid (75%) en Ravensmead (63%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is. Die meerderheid in Delft (78%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat by die GDS help nie.



(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (55%) van deelnemers in die Claremont polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk nóg hofflik nóg hulpvaardig is, en 45% het aangedui dat hulle wel hofflik en hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van deelnemers in Ravensmead (75%) het aangedui dat die polisiebeamptes in die GDS hulpvaardig teenoor die publiek is, terwyl die meerderheid van deelnemers in Delft (78%) aangedui het dat polisiebeamptes nóg hofflik nóg hulpvaardig is.

V) SERVICES RENDERED BY THE DETECTIVES

Meer as die helfte van die deelnemers (54%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en die ander helfte (46%) was nie tevrede met die speurders se diens nie. Die meerderheid van die deelnemers in Delft (78%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word. In Ravensmead het die meerderheid van die deelnemers (71%) aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid van deelnemers (38%) het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 35% meen dat getuies nie beskerm word nie, en 35% meen dat dit wel gebeur. Die meerderheid van deelnemers in Delft (44%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdaad beskerm word. In Ravensmead het die helfte van deelnemers nie gedink dat getuies van misdade beskerm word nie, en die ander helfte het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (55%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. Die meerderheid van deelnemers in Delft (78%) en Ravensmead (63%) het meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag aangevra. Twee en sewentig persent (72%) van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisiesigbaarheid te verhoog. In Ravensmead het (88%) en in Delft (78%) het die meerderheid van die deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer behoort te word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 41% van deelnemers as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van die deelnemers in Ravensmead (63%) en Delft (56%) was ook van mening dat die volle implementering van sektorpolisiëring uitgevoer moet word.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (64%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 21% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Elf persent (11%) van die deelnemers het aangedui dat 15-20 minute aanvaarbaar is vir polisie om op misdaadsituasie te reageer, en nog 5% het aangedui dat 30-60 minute aanvaarbaar is. Die meerderheid van deelnemers in Bellville Suid (91%) en Delft (78%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdaadsituasies op te tree. Die meerderheid van deelnemers in Ravensmead het 10-15 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om op misdaadsituasies te reageer.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (44%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasieplanne lewer nie, terwyl 41% aangedui het dat daar geen insette in die stasieplanne is nie, en 15% dat dit wel gebeur. Die meerderheid van deelnemers in Delft (63%) het aangedui dat hulle nie insette in die stasieplanne lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (50%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 31% aangedui het dat hulle nie insette lewer nie, en 19% dat hulle wel insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE DELFT POLISIEKLUSTER

In **Belhar** het deelnemers aangedui dat die polisiestasie klein is en nie die gemeenskap se behoeftes kan akkommodeer nie. Die polisie word gevra om hulle op hoogte te bring m.b.t. gemeenskapsorganisasies. Die personeel by die ontvangslessenaar moet in kommunikasievaardighede opgelei word om te verseker dat die polisiebeamptes meer gemeenskapsvriendelik is. Daar is 'n versoek dat wanneer nuwe polisiebeamptes aangestel word, die stasiebevelvoerder hulle aan gemeenskapsleiers moet voorstel. Goeie polisiebeamptes moet erkenning kry, en slegte polisiëring moet gerapporteer word. Party polisiebeamptes gebruik dwelms en koop dit binne die gemeenskap. Dit beklad die beeld van die polisie. 'n Keuringsproses vir beamptes moet in plek wees, en daar moet opgetree word teen diegene wat oortree. Polisie word gevra om die verskansing waaragter hulle werk af te breek, minder outokraties te wees, minder mag te vertoon, en bereid te wees om indien nodig 'n beroep op organisasies te doen.

In **Bellville Suid** word waargeneem dat polisiebeamptes deur sjebieneienaars omgekoop word, en dwelms handelaars en sodanige beamptes moet vervolgt word. Die polisie word gevra om met die GPF saam te werk en indien nodig hulp te verleen, aangesien hulle nie oor kantore en hulpbronne beskik nie. Die GPF versoek om na bestuursvergaderings uitgenooi te word. Daar is 'n versoek dat SAPD-bestuur meer sigbaar in die gemeenskap moet wees. Polisie moet hul menseverhoudings verbeter wanneer hulle met die gemeenskap werk. Die responstye op misdadaasituasies moet verbeter word. Opleiding van lede en reserviste is nodig. Die stasie moet van korrupte beamptes ontslae raak en toegewyde polisiebeamptes in diens neem.

In **Ravensmead** is deelnemers van mening dat die SAPD erkenning moet verleen aan GPF's. Groter polisie sigbaarheid is nodig, en daar moet gemeenskapsvergaderings gehou word.

Volgens deelnemers is **Delft** beide wat kultuur en ras betref uiteenlopend, en meer aandag moet aan hierdie uiteenlopendheid gegee word. Dit is nodig om die publiek binne die onderskeie sektore te hou en meer buurtwagvergaderings moet gehou word. Die gevalle van gesinsgeweld wat gerapporteer word, word nie doeltreffend gehanteer nie. Daar is 'n tekort aan stop-en-deursoek-aksies in die area. Die winkels van die buitelanders wat laat oop bly affekteer die veiligheid van die gemeenskap. Daar is 'n versoek dat sjebien-eienaars wat nie die sluitingstye nakom nie verantwoordelik gehou moet word en swaar boetes moet betaal.

Gedurende die projek vir 'n Gemeenskapsveiligheidsbarometer 2008/09 het die deelnemers inbraak, motordiefstal, roof, moord, dwelmmisbruik, kaping, seksuele teistering en kindermishandeling as die mees gevreesde misdade in Delft geïdentifiseer. Die deelnemers het voorgestel dat die regering ontspanningsgeriewe en -aktiwiteite vir die jeug moet voorsien, en toegang tot alkohol en dwelms moet verminder. Die kwessie van bendes in die gemeenskap moet deur die regering die hoof gebied word.

4.7.6 KHAYELITSHA POLISIEKLUSTER

Khayelitsha polisiekluster bestaan uit agt polisiestasies naamlik dié van Gordonsbaai, Harare, Khayelitsha, Lingelethu Wes, Lwandle, Macassar, Somerset Wes and die Strand.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Polisiestasie	Prioriteit	Prioriteit	Prioriteit	Prioriteit	Prioriteit
Harare	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Moord	Inbraak by woning	Inbraak by woning
	motorvoertuig	Inbraak by	voertuig, Roof	woning	en Diefstal by sakeperseel
Khayelitsha	Gesinsgeweld	Gewapende roof	Inbraak by woning	Inbraak by sakeperseel	Vigilantisme
Lingulethu Wes	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Roof by woning	Roof by sakepersele
		Gewone roof			
Lwandle	Aanranding ELB Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Moord	Gewapende roof	Inbraak by woning
Macassar	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld Diefstal uit motorvoertuig	Moord	Inbraak by woning
Somerset-Wes	Diefstal van 'n Voertuie	Diefstal van 'n Voertuie	Huishoudelike Geweld, Diefstal woning en sakepersele	Roof by woning en sakepersele	Gewapende roof Gewone diefstal
Strand	Gewone roof Gesinsgeweld	Gewone aanranding	Diefstal uit motor-Voertuie	Inbraak by woning	Roof by sakepersele Inbraak by sakeperseel
	Aanranding ELB				

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die Khayelitsha kluster 'n verskeidenheid misdade oor die verskillende areas heen is. **Gewone diefstal, gesinsgeweld, seksuele misdrywe, aanranding ELB, diefstal van 'n motorvoertuig en diefstal uit 'n motorvoertuig** is as die nommer een misdadprioriteite in die verskillende areas gerapporteer. Khayelitsha was as een van die twaalf xenofobiese brandpunte⁴⁷ in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n top prioriteitsmisdaad geïdentifiseer het nie.

2 Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 6 Julie 2010 ongepubliseer

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (66%) van deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 29% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die polisiestasie wat hul hulpbronne as die mins geskik geïdentifiseer het, was Harare, terwyl die Macassar polisiestasie gevoel het dat hul hulpbronne geskik was.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Gemeenskapslede is gevra of polisiehulpbronne doeltreffend benut word. Die meerderheid van deelnemers (50%) het gevind dat die hulpbronne nie doeltreffende benut word nie. Ongeveer 43% van deelnemers het gesê dat hierdie hulpbronne doeltreffende gebruik word. Beide Harare en Gordonsbaai het eenstemmig gevoel dat hul hulpbronne doeltreffend benut word, terwyl die deelnemers van Macassar polisiestasie aangedui het dat hulle nie meen dat die hulpbronne doeltreffend benut word nie.

IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUMS

Lede van die gemeenskap moes respondeer of hulle meen dat daar genoeg polisiebeamptes is wat mense in die Gemeenskapsdienssentrum (GDS) help. Die meerderheid van deelnemers (66%) het aangedui dat hulle nie waargeneem het dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, met Gordonsbaai wat die hoogste telling behaal het. Macassar is die polisiestasie waar die minste gedink word dat daar genoeg polisiebeamptes is wat by die GDS help.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid van deelnemers (50%) het aangedui het dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk, nóg hofflik nóg hulpvaardig teenoor die gemeenskapslede van die GDS was. Sowat 47% van deelnemers het egter met hierdie vraag aangedui dat hulle meen dat die polisie hofflik en hulpvaardig was. Harare het die swakste gevaar aangesien die deelnemers meen dat die polisie nóg hofflik nóg hulpvaardig teenoor die gemeenskapslede van die GDS was, terwyl Gordonsbaai die beste gevaar het deur aan te dui dat die polisie by hul stasie hulpvaardig en vriendelik was.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (55%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie. Lwandle was die stasie waar die deelnemers die mins tevrede met die dienste was, terwyl Gordonsbaai weer die beste gevaar het met al die respondente wat gevoel het dat die speurders wel bevredigende dienste gelewer het.

Dit is in 'n mate moeilik om akkuraat te ontleed hoe tevrede deelnemers met die dienste is, want hulle kan deur die uitkomst van sake beïnvloed word. 'n Paar voorstelle oor wat gedoen kan word om hierdie dienste te verbeter, was byvoorbeeld om meer vaardige speurders te huur, en dat meer hulpbronne vir die speurders voorsien moet word om hul ondersoekte te verbeter.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Agt en dertig persent (38%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie. Daar was egter 31% wat gedink dat hulle wel beskerm word, terwyl 21% van deelnemers meen dat die polisie nie getuies beskerm nie. Die enkele respondent op hierdie vraag het gesê dat Gordonsbaai wel



getuies beskerm, maar daar was ook 90% van deelnemers by die Harare polisiestases wat op hierdie vraag gesê het dat die polisie wel getuies in strafregtelike sake beskerm. Lwandle het die hoogste telling gehad as die plek waar die meerderheid van deelnemers gedink het dat die polisie nie getuies beskerm nie, terwyl geen van die deelnemers by Somerset Wes geweet het of die polisie getuies beskerm nie.

Hierdie breuk in die begrip van die beskermingsdiens wat die polisie vir getuies verskaf, beteken dat daar in die eerste plek 'n tekort aan vertroue in die werklike rapportering van misdade is, en ook dat daar 'n gebrek aan verwagtinge vir ondersteuning, opvolgwerk en uitkomst van misdade is wat in die gemeenskap gepleeg is.

Hieronder kyk ons na ander aspekte wat die persepsie van deelnemers oor die dienslewering in hul areas affekteer.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 28% van respondente as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter. Meer stop-en-deursoek-aksies sou volgens 23.8% nuttig wees om polisiesigbaarheid te verhoog. Van die deelnemers het 26.6% aangedui dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag Polisiesigbaarheid in hul onderskeie areas sou verbeter, en 11.2% het gevoel dat om polisiepatrollies gedurende die nag te vermeerder polisiesigbaarheid sal verhoog. Tien persent (10.5%) het gemeen dat 'n toename in dagpatrollies polisiesigbaarheid sou verbeter.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

'n Duidelike meerderheid (60%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte poliseresponstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 21.8% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die daarstel van GPF's was om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en die polisie meer bewus van die behoeftes van die gemeenskap te maak. Om dit te bereik, moet die GPF van daardie gemeenskap inligting oor die planne van die polisiestasie, en oor die toewysing van sy hulpbronne deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens hê.

Toe hulle gevra is of die GPF van hul area insette oor die plan van die polisiestasie gelewer het, het 41% dit bevestig, terwyl 28% geantwoord het dat hulle nie geweet het nie. Toe hulle gevra is of die GPF insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne deur die polisie toebedeel word, het 60% aangedui dat dit wel die geval is.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE KHAYELITSHA POLISIEKLUSTER

In **Gordonsbaai** het deelnemers aangedui dat straatkinders, rondlopers en bedelaars, straatjaery met motors snags (Vrydae en Saterdag), onwettige parkeeropsigters, en kroeë wat na 02:00 oop bly enorme probleme in die area is wat deur die polisie die hoof gebied moet word. Beveiliging en beheer in munisipale eiendomme, bv. die karavaanpark by Kogelbaai, moet verbeter word. Kabeldiefstal is blykbaar 'n nimmereindigende probleem. Met slegs een voertuig, en 'n area wat meestal uit onbeligte paaie bestaan, is hierdie 'n moeilike probleem om die hoof te bied.

In **Harare** is die deelnemers van mening dat die polisie hul areas moet monitor en met gemeenskapslede moet kommunikeer. Voetpatrollies deur polisielede moet geïmplementeer word.

Tydens die Minister van Gemeenskapsveiligheid se besoek aan Harare het die gemeenskapslede onder meer die volgende dienslewingskwessies geopper:

- N) Gebrek aan samewerking deur die SAPD;
- O) SADP patroleer nie te voet maar in voertuie; versoek flitse en baadjies;
- P) 'n Toename in die verkoop van dwelms; inligting oor dwelmhandelaars lek uit wanneer dit aan die SAPD gerapporteer word; en lede van patrollies moontlik beseer terwyl hulle patroleer;
- Q) SAPD-lede rand mense sonder rede aan wanneer hulle patroleer en deursoek;
- R) Gebrek aan dienslewingskwessies (sigbaarheid van SAPD Blitspatrolie; telefoonetiket, responstyd); en
- S) Gebrek aan kommunikasie met gemeenskapstrukture.

In **Lwandle** beveel deelnemers aan dat GPF-lede en buurtwaglede saam met die polisie moet werk om patrollies uit te voer. Reserviste moet opgelei word. GPF moet naamplaatjies hê en die Departement van Gemeenskapsveiligheid moet GPF-lede minstens eenmaal per maand besoek. Polisie word dringend versoek om nie aan diens te drink nie. Die polisie moet die area saam met die GPF en die buurtweg patroleer. Oor naweke moet hulle sjebiens sluit. Die gelisensieerde sjebiens moet gemoniteer word om sluitingstye na te kom.

Daar is 'n versoek dat die GPF in **Lwandle** geregistreer moet word. Die GPF en BW's moet voordele geniet sodat hulle in hul werk gemotiveerd kan wees. Laastens moet GPF-lede 'n hegte verhouding met die SAPD hê. Hulle kan saam met die polisie patroleer en SANCO en straatkomitees moet aan die GPF rapporteer, en die GPF aan die polisie.

Deelnemers in **Somerset Wes** meen dat die polisie die probleem van rondlopers in die area die hoof moet bied. Ons weet dat hierdie mense dikwels as informante vir misdadigers optree. Met die oog op die demografie van Somerset Wes, en met inagneming van die hoë roofvoorkoms, is 'n honde- en 'n perde-eenheid van die allergrootste belang. Die polisie moet ondersteuning en inligting aan die gemeenskapstruktuur of die gemeenskapsleiers bied, en saam met hulle werk om hulle beter insig te gee om hulle in staat te stel om die gemeenskap ingelig te hou.

Deelnemers van **Macassar** het aanbeveel dat polisiebeamptes professioneel, toegewyd, en baie streng moet wees, en trots om lede van die SAPD te wees. Hoë moreel en waardigheid word aanbeveel. Kollegas en gemeenskapslede moet mekaar respekteer. Die polisie moet 'n positiewe betekenis aan die woord SAPD gee. Om beter polisdienste te verkry, moet die stasie van korrumpie polisiebeamptes ontslae raak. Die SAPD moet betroubare, eerlike en hardwerkende polisiebeamptes kry. Polisie word versoek om vinniger te repondeer wanneer hulle na misdaadsituasies ontbied word. Die polisie moet saam met skole en ander dele van die samelewing beplan ten einde die grondoorsake van misdaad soos dwelms te bestry. Die gemeenskap is Afrikaanssprekend, en daarom moet Afrikaanssprekende beamptes by die Macassar polisiestasie in diens geneem word.

Die deelnemers van die **Strand** het genoem dat meer reserviste ontplooi moet word en gepaste opleiding moet ontvang.

In **Lingeletu Wes** het deelnemers voorgestel dat meer patrollies veral oor naweke in informele nedersettings soos Monwabisi Park en langs die spoorwegroetes onderneem moet word. Besoek skole om bewustheid van dwelm- alkohol- en seksmisbruik te verhoog. Die deelnemers versoek dat daar aparte tronke vir jeugdige en volwassenes moet wees. Die polisie moet probeer om hulle aan die gemeenskap te wy. Polisiebeamptes wat wangedrag jeens gemeenskapslede aan die dag lê moet werkswinkels bywoon om hul menseverhoudings te verbeter.



4.7.7 KRAAIFONTEIN POLISIEKLUSTER

Die Kraaifontein polisiekluster bestaan uit drie polisiestasies, naamlik dié van Brackenfell, Durbanville en Kraaifontein. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Delft Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)

Polisiestasie	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Brackenfell	Gesinsgeweld	Diefstal van 'n Voertuie	Diefstal uit motor-voertuie	Inbraak by Woning	Inbraak by Gewone Diefstal
Durbanville	Aanranding ELB	Moord, Seksuele misdrywe	Diefstal uit motor-voertuie, Moord Gewapende roof	Inbraak by woning	Roof by woning
Kraaifontein	Gewone roof	Huishoudelike geweld Kaping	Inbraak by woning	Roof by woning	Gewone diefstal

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die Kraaifontein kluster 'n verskeidenheid misdade oor die verskillende areas heen is. **Gesinsgeweld, gewone roof, en aanranding ELB** is as die nommer een misdaadprioriteit in die verskillende areas gerapporteer. Kraaifontein was as een van die twaalf xenofobiese brandpunte⁴⁸ in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n prioriteitsmisdaad geïdentifiseer het nie.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (84%) van deelnemers van die Bellville polisiekluster het aangedui dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 16% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Al die GPF's, Brackenfell (100%), Kraaifontein (86%) en Durbanville (67%), het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (53%) het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, en 47% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne wel doeltreffend gebruik word. Die meerderheid van deelnemers in Brackenfell (83%) en Kraaifontein (60%) het aangedui dat hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, terwyl die meerderheid in Durbanville aangedui het dat hulpbronne in hul area doeltreffend benut word.

OO)Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 6 Julie 2010 ongepubliseer

IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (79%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het, en 21% meen dat daar nie genoeg polisiebeamptes in die GDS is nie. Al die GDS'e, Durbanville (100%), Kraaifontein (71%) en Brackenfell (67%) het 'n hoë telling in hierdie afdeling gekry, met al die deelnemers wat aandui dat daar genoeg polisie in die GDS'e was.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (79%) van deelnemers het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig teenoor gemeenskapslede is, en 21% het aangedui dat hulle nóg hoflik nóg hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouwensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die GPF in Brackenfell (100%), Kraaifontein (71%) en Durbanville het aangedui dat die polisiebeamptes by die GDS hoflik en hulpvaardig teenoor lede van die gemeenskap is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (53%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 47% was nie tevrede met die speurders se dienste nie. Die meerderheid van die deelnemers (100%) in Durbanville en Kraaifontein (75%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, terwyl al die deelnemers (100%) in Brackenfell ontevrede was.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (40%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 30% meen dat dit wel gebeur, en 30% meen dat getuies van misdaad nie beskerm word nie. Die meerderheid van deelnemers in Brackenfell (67%) het aangedui dat getuies beskerm word, terwyl die meerderheid (67%) in Durbanville voel dat die getuies nie beskerm word nie, en die helfte van die deelnemers in Kraaifontein aangedui het dat hulle nie weet of getuies van misdaad deur die polisie beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (67%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. In Durbanville versoek die meerderheid (71%) van deelnemers meer polisiepatrollies gedurende die dag, terwyl daar in Kraaifontein om patrollies gedurende die nag gevra word, en in Brackenfell vra die meerderheid vir patrollies gedurende die dag en nag.

Sewe en vyftig persent (57%) van deelnemers het aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisiesigbaarheid te verhoog. In Brackenfell het (100%) van die deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer behoort te word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 71% as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter. In Kraaifontein het al die deelnemers die volledige implementering van sektorpolisiëring voorgestel om polisiesigbaarheid te verbeter.



VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

'n Duidelike meerderheid (80%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 10% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Die meerderheid van deelnemers in Kraaifontein (86%), gevolg deur Brackenfell (83%) en Durbanville (71%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdadaasituasies op te tree.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (47%) het aangedui dat die GPF's nie insette in die stasieplanne lewer nie, terwyl 29% aangedui het dat hulle nie weet of daar insette in die stasieplanne is nie, en 24% dat dit nie gebeur nie. Die helfte van die deelnemers in beide Brackenfell en Kraaifontein het aangedui dat hulle nie insette in die stasieplanne lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (55%) het aangedui dat die GPF's nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word, terwyl 25% aangedui het dat hulle nie weet nie, en 20% dat die GPF wel insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word. Die meerderheid van die deelnemers (57%) in Durbanville het aangedui dat die GPF insette lewer, terwyl die meerderheid van deelnemers in Kraaifontein (50%) dit ontken. Die meeste deelnemers in Bothasig het aangedui dat hulle nie weet of die GPF insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE KRAAIFONTEIN POLISIEKLUSTER

In Brackenfell het die deelnemers aangedui dat daar 'n taalprobleem is, en 'n tekort aan lede om die gemeenskap met probleme of noodgevallen te help. Daar is ook nie genoeg voertuie om aan die misdaad aandag te gee nie. Daar word aangedui dat die polisiebeamptes 'n gebrek aan telefoonetiket het. Hulle het opleiding in doeltreffende kommunikasie met gemeenskapslede nodig. Daar word aangedui dat die polisie-stasie onderbeman is. Polisie-korrupsie en lede wat by misdadige aktiwiteite betrokke is, moet uitgeroei word.

In Durbanville het die deelnemers vir 'n nuwe polisie-stasie gevra om die personeel te akkommodeer en dienste aan die publiek te lewer. Dit het bekend geword dat die polisie vriende met die eienaars van dwelmafsetpunte en sjebiens is. Hulle ontvang ook omkoopgeld van hierdie mense. Verantwoordelikheid van die SAPD vir die behoeftes van die publiek moet verbeter word. Polisie moet die verkryging van lisensies vir sjebiens veel ernstiger opneem. Meer polisie-teenwoordigheid en -hulpbronne is nodig om 'n beduidende vermindering in albei soorte misdaad in albei areas teweeg te bring.

In Kraaifontein het die deelnemers aanbeveel dat die gevalle by die hof meer inspeksie benodig om te verseker dat die polisie nie die gemeenskap in die steek laat nie. Daar is gevra dat die polisie meer toerekenbaar teenoor die gemeenskap moet wees.

4.7.8 KUILSRIVIER POLISIEKLUSTER

Die Kuilsrivier polisiekluster bestaan uit drie polisiestasies, naamlik dié van Kleinvei, Kuilsrivier en Mfuleni. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Kuilsrivier Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestasie	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Kleinvei	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Huishoudelike geweld, Gewapende diefstal	Inbraak by woning Inbraak by sakeperseel	Gewone diefstal Veediefstal
Kuilsrivier	Aanranding ELB Gewone aanranding Gesinsgeweld	Diefstal van 'n Voertuie	Diefstal uit motor-Voertuie	Roof by woning	Inbraak by woning
Mfuleni	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe Gewone aanranding	Moord	Kaping	Inbraak by woning

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die Kuilsrivier kluster 'n verskeidenheid misdade oor die verskillende areas heen is. **Gewone roof, gesinsgeweld, gewone aanranding, aanranding ELB, diefstal van 'n motorvoertuig en diefstal uit 'n motorvoertuig** is as die nommer een misdaadprioriteite in die verskillende areas gerapporteer.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (82%) van deelnemers van die Bellville polisiekluster het aangedui dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl slegs 18% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Al die GPF's, Kuilsrivier (100%), Mfuleni (80%) en Kleinvei (75%), het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (56%) het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, en 44% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne wel doeltreffend gebruik word. Die meerderheid van deelnemers in Kleinvei (75%) en Kraaifontein (75%) het aangedui dat hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie, terwyl die deelnemers in Kuilsrivier (100%) die teenoorgestelde aangedui het.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (94%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het, en 6% meen dat daar nie genoeg polisiebeamptes in die GDS is nie. Al die GDS'e, Kleinvei (100%), Kuilsrivier (100%) en Mfuleni (75%) het 'n hoë telling in hierdie afdeling gekry, met al die deelnemers wat aandui dat daar genoeg polisie in die GDS'e was.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (65%) van deelnemers het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk nóg hofflik nóg hulpvaardig teenoor gemeenskapslede is, en 35% het aangedui dat hulle wel hofflik en hulpvaardig is.



Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisie dienste aan die publiek gelewer word, en by die skeep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die GPF in Kuilsrivier (100%) en Mfuleni (60%) het aangedui dat die polisiebeamptes by die GDS hofflik en hulpvaardig teenoor lede van die gemeenskap is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (94%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie, en 6% was tevrede met die speurders se dienste. Die meerderheid van die deelnemers in Kuilsrivier (100%), Mfuleni 100% en Kleinvlei (88%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (44%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 44% meen dat dit nie gebeur nie, en 12% meen dat getuies wel beskerm word. Die meerderheid van deelnemers in Mfuleni (80%) het aangedui dat getuies nie beskerm word nie, terwyl die meerderheid (63%) in Kleinvlei aangedui het dat hulle nie weet of getuies beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (72%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. In Kuilsrivier (80%), Mfuleni (80%) en Kleinvlei (67%) het deelnemers meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag aangevra. Een en sestig persent (61%) van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies polisiesigbaarheid sou verhoog. In Kuilsrivier het 80% en in Kleinvlei het 63% van die deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer behoort te word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 71% as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter. In Kleinvlei het 63%, en in Kuilsrivier 60% van die deelnemers aangedui dat volledige implementering van sektorpolisiëring polisiesigbaarheid verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (61%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie responstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 17% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. 'n Verdere 17% van deelnemers het aangedui dat 15-20 minute aanvaarbaar is. Die oorblywende 6% van deelnemers het aangedui dat 20-30 minute nog steeds aanvaarbaar is vir die polisie om op noodgevallende te reageer. Die meerderheid van deelnemers in alle areas Kleinvlei (63%), Kuilsrivier (60%) en Mfuleni (60%) het aangedui dat 5-10 minute die aanvaarbare responstyd is vir die polisie om op misdaadsituasies te reageer.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (41%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasieplanne lewer nie, terwyl 35% aangedui het dat dit nie gebeur nie, en 24% dat daar wel insette in die stasieplanne is. Die meerderheid van deelnemers in Kleinvlei (63%) het nie van GPF-insette geweet nie, terwyl in Kuilsrivier die meerderheid (60%) aangedui het dat die GPF nie insette in die polisieostasies lewer nie. Die meerderheid van deelnemers (47%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 29% aangedui het dat hulle nie

insette lewer nie, en 24% aangedui het dat hulle wel insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word. Die meerderheid van deelnemers in Mfuleni (75%) het aangedui dat hulle nie weet of hulle insette lewer nie, terwyl 60% van deelnemers in Kuilsrivier aangedui het dat hulle wel insette lewer.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE KUILSRIVIER POLISIEKLUSTER

In **Kleinvele** het deelnemers aangedui dat daar 'n hoë vlak van korrupsie is en dat die polisie wat betrokke is vervolgt moet word aangesien dit tot wantroue tussen die polisie en lede van die gemeenskap lei. Daar word versoek dat fietspatrollies gebruik moet word in areas wat erg deur misdaad geaffekteer word. Daar is 'n versoek om sektore kleiner te maak ten einde die area meer beheerbaar te maak.

Die **Kuilsrivier** deelnemers stel voor dat slagoffers van verkragting vinniger gehelp moet word (na die hospitaal geneem word). Die deelnemers versoek dat daar met die korrupte SAPD-lede afgereken moet word. Die SAPD moet op sektorpolisiëring fokus, en daar moet by die nasionale opdrag m.b.t. sektorpolisiëring gehou word. GPF's moet 'n groter toesigrol speel, soos deur wetgewing opgedra. Polisiebeamptes moet behoorlik opgelei en toegerus word.

In **Mfuleni** is die deelnemers van mening dat dwelms 'n groot probleem is wat die hoof gebied moet word. Die lede van die gemeenskap wil 'n groter eienaarskap van die polisiestase hê, en versoek dat dit uitgebrei word. Daar is 'n groot aantal mense wat werkloos is. Die deelnemers versoek dat die polisiebeamptes hul werk ernstig moet opneem. Deelnemers versoek beter polisiebeamptes en 'n polisiestase wat beter funksioneer.

4.7.9 MILNERTON POLISIEKLUSTER

Die Milnerton polisiekluster bestaan uit vier polisiestases, naamlik dié van Atlantis, Melkbosstrand, Milnerton en Tabel View. Alle polisiestases het aan die oorsig deelgeneem.

I)

Polisiestase	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Atlantis	Gewone aanranding	Gewone roof	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Melkbosstrand	Seksuele misdrywe	Inbraak by woning	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Dwelmsverwante misdaad
Milnerton	Aanranding ELB Seksuele misdrywe	Moord, Gewone roof en	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Tabel View	Gewone aanranding en Diefstal uit 'n motorvoertuig Aanranding ELB, Diefstal motorvoertuig	Inbraak by sakeperseel Inbraak by woning	Diefstal uit motorvoertuie	Roof by woning	Dwelmsverwante misdaad



Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die Milnerton kluster 'n verskeidenheid misdade oor die verskillende areas heen is. **Gewone diefstal, seksuele misdrywe, aanranding ELB, diefstal van 'n motorvoertuig en diefstal uit 'n motorvoertuig** is as die nommer een misdaadprioriteite in die verskillende areas gerapporteer. Milnerton was as een van die twaalf xenofobiese brandpunte⁴⁹ in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n prioriteitsmisdaad geïdentifiseer het nie.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSKAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid van die deelnemers (72%) het gevoel dat die polisie hulpbronne nie geskik is om misdaad in die Milnerton polisiekluster die hoof te bied nie. Die stasies wat volgens die deelnemers die mees geaffekteerde is, is Atlantis (88%), Milnerton (80%) en Melkbosstrand (75%). Die min geaffekteerde stasie is Tabel View (50%).

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Ongeveer 52% van die deelnemers het aangedui dat hierdie hulpbronne nie doeltreffend benut word nie. Die mees geaffekteerde stasie is Atlantis (89%) en die min geaffekteerde stasie is Milnerton (100%).

IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUM

Die meeste van die deelnemers 58% in die Milnerton kluster het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat in die GDS'e hulp verleen nie. Atlantis (89%) is die mees geaffekteerde stasie, en Milnerton (75%) is die min geaffekteerde stasie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Ongeveer 58% van die deelnemers het aangedui dat die polisiebeamptes in die GDS hoflik en hulpvaardig teenoor die lede van die gemeenskap is. Die stasies wat die mees tevrede is, is Melkbosstrand (75%) en Tabel View (75%). Die min tevrede stasie is Atlantis (33%).

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meeste van die deelnemers (62%) het aangedui dat hulle nie tevrede is met die dienste wat deur die speurders in hul areas gelewer word nie. Atlantis (89%) was die mees geaffekteerde area en Melkbosstrand (100%) was glad nie geaffekteer nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid van die deelnemers (46%) het nie geweet of die polisie in hul area genoeg doen om getuies in strafregtelike sake te beskerm nie. Ongeveer 42% van die deelnemers dink nie dat die polisie in hul area getuies in strafregtelike sake beskerm nie. Atlantis (100%) was die mees geaffekteerde area, en Melkbosstrand (25%) was blykbaar die minste geaffekteer.

SSS) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 6 Julie 2010 ongepubliseer

VII) POLISIESIGBAARHEID

Op die vraag oor polisiesigbaarheid het 69% van die deelnemers geantwoord dat meer polisiebeamptes wat gedurende die dag patrollies doen nie polisiesigbaarheid kan verbeter nie. Daarbenewens het 54% van die deelnemers geantwoord dat meer polisiebeamptes wat gedurende die nag patrollies doen ook nie polisiesigbaarheid kan verbeter nie. Ongeveer 81% van die deelnemers het gedink dat meer polisiebeamptes wat bedags en snags patrollies in hul areas doen polisiesigbaarheid kan verbeter, 77% van hulle het gedink dat meer stop-en-deursoek-aksies in hul areas polisiesigbaarheid kan verbeter, en 58% het gedink dat volledige implementering van sektorpolisiëring polisiesigbaarheid kan verbeter. Laastens het 81% van die deelnemers aan geen ander maatreëls gedink as dié hierbo genoem nie.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Sowat 85% van die deelnemers het 5-10 minute as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie aangedui. Atlantis met 100% was blykbaar die mees tevrede hiermee.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Ongeveer 44% van die deelnemers het aangedui dat hul GPF's nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne deur die polisie toegewys word nie. Atlantis (78%) was die mees geaffekteerde area, en Milnerton (60%) was die minste geaffekteer.

Die meeste van die deelnemers (60%) het gesê dat hul GPF's insette in die polisiestasieplan in hul onderskeie areas lewer. Atlantis (89%) was die mees tevrede, en Milnerton (40%) was die minste tevrede.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE MILNERTON POLISIEKLUSTER

In **Atlantis** het deelnemers aanbeveel dat die Departement van Gemeenskapsveiligheid toesig oor die GPF's moet hou. Hulle meen dat daar botsende belange sal ontstaan indien die SAPD hierdie verantwoordelikheid oorneem. Daar is aanbeveel dat fluitjieblasers vergoed moet word. Daar moet meer dwelmbewusstheidsprogramme gevolg word om dwelmmisbruik in Atlantis die hoof te bied. Meer sosiale geleenthede moet in sektorvergaderings met die SAPD en die gemeenskap plaasvind, tweemaal per maand. Gemeenskapsbetrokkenheid tussen die SAPD en die gemeenskap moet verbeter word.

Die bevindinge van die projek vir 'n Gemeenskapsveiligheidsbarometer 2008/09 het laat blyk dat die gemeenskap veral roof, moord verkragting en skietery die meeste vrees. Voorsiening van ontspanningsgeriewe vir die jeug, vaardigheidsontwikkeling en werkskepping vir gemeenskapslede, strengere wette en swaarder strawwe vir misdadigers, konsekwente monitering en evaluering van polisieaktiwiteite. Verhoging van polisiesigbaarheid in die area en verbetering van samewerking en skakeling tussen die polisie en gewone gemeenskapslede is nodige maatreëls wat die regering moet neem om misdaad in die area die hoof te bied.

In **Melkbosstrand** versoek die deelnemers dat gesingeweld en misdrywe teen vrouens en kinders aggressief en sonder versuim die hoof gebied word.

Daar is magtelose GPF's. Strenger optredes wat op dwelm- en alkoholisbruik fokus moet deur die polisie geïmplementeer word.



In **Milnerton** moet meer personeel te voet ontplooi word om kontakmisdade te verhoed. Dit is nodig om samewerking tussen die gemeenskap en die polisie te identifiseer. Daar word versoek dat die SAPD nie inmeng met die kontroleer van munisipale verordeninge nie, aangesien die Metropolisie by die implementering van verordeninge betrokke moet wees.

In **Tabel View** is daar 'n versoek dat daar d.m.v. verbeterde diensvoorwaardes na lede van die polisie omgesien moet word, aangesien dit hul moreel 'n hupstoot sal gee, wat dan weer dienslewering sal verbeter. Daar word tans gemeen dat polisiebeamptes goeie werk lewer, en dat hulle derhalwe beloon of gewaardeer moet word vir sulke goeie werk. Dit is nodig om junior personeel in staat te stel om verklarings af te neem, naamlik om dit akkuraat te doen en spelfoute te vermy.

4.7.10 MITCHELLS PLAIN POLISIEKLUSTER

Die Mitchells Plain polisiekluster bestaan uit twee polisiestasies, naamlik dié van Mitchells Plain en Strandfontein. Hierdie kluster is die kleinste van al die polisieklusters in die Wes-Kaap Provinsie. Albei die polisiestasies het aan die oorsig deelgeneem.

TOPPRIORITEITSMISDADE					
Mitchells Plain Kluster	Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)				
Polisiestasie	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Mitchell's Plain	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Gewone roof	Inbraak by woning	Roof by woning ∴ Gewone diefstal
Strandfontein	Aanranding ELB	Gewone roof	Inbraak by woning	Gewone diefstal	Bedrog

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die verskillende areas van die Mitchells Plain kluster **aanranding ELB** en **seksuele misdrywe** is.

Gedurende die projek vir 'n Gemeenskapsveiligheidsbarometer 2008/09 het die deelnemers inbraak by wonings, gewone roof, en gewone diefstal as die mees gevreesde misdade in Mitchells Plain geïdentifiseer. Party van hierdie misdade soos inbraak by wonings, gewone roof, en gewone diefstal stem ooreen met die geïdentifiseerde misdade in hierdie studie.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid van die deelnemers (95%) het gevoel dat die polisie hulpbronne nie geskik is om misdaad in die Mitchells Plain polisiekluster die hoof te bied nie. Mitchells Plain (100%) is die mees geaffekteerde stasie, terwyl Strandfontein (90%) die mins geaffekteerde stasie is.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Ongeveer 58% van die deelnemers het aangedui dat hierdie hulpbronne nie doeltreffend benut word nie. Strandfontein (78%) is die mees geaffekteerde stasie, terwyl Mitchells Plain (40%) die mins geaffekteerde stasie is.

IV) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUM

Die meeste van die deelnemers (64%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat in die GDS'e hulp verleen nie. Mitchells Plain (67%) is die mees geaffekteerde stasie, terwyl Strandfontein (60%) die mins geaffekteerde stasie is.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Ongeveer 64% van die deelnemers het aangedui dat die polisiebeamptes in die GDS hoflik en hulpvaardig teenoor die lede van die gemeenskap is. Strandfontein (90%) is die mees tevrede stasie, terwyl Mitchells Plain (42%) die mins tevrede stasie is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die meeste van die deelnemers (53%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders in hul areas gelewer word. Strandfontein (78%) was die mees tevrede area, terwyl Mitchells Plain (30%) die mins tevrede was.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meeste van die deelnemers (65%) het nie geweet of die polisie in hul area genoeg doen om getuies in strafregtelike sake te beskerm nie, terwyl 29% van die deelnemers nie gedink het dat die polisie in hul area getuies in strafregtelike sake beskerm nie. Slegs 6% van deelnemers het aangedui dat dit wel gebeur. Die mees geaffekteerde area was Mitchells Plain (70%). Die mins geaffekteerde area was Strandfontein (57%).

VII) POLISIESIGBAARHEID

Op die vraag oor polisiesigbaarheid het 64% van die deelnemers geantwoord dat meer polisiebeamptes wat gedurende die dag patrollies doen polisiesigbaarheid kan verbeter. Die meerderheid (64%) van die deelnemers het nie gedink dat meer polisiebeamptes wat gedurende die nag patrollies doen polisiesigbaarheid kan verbeter nie. Ongeveer 68% van die deelnemers het gedink dat meer polisiebeamptes wat bedags en snags patrollies in hul areas doen polisiesigbaarheid kan verbeter, en 68% van hulle het gedink dat meer stop-en-deursoek-aksies in hul areas polisiesigbaarheid kan verbeter. Daar was egter 68% wat nie dink dat die volledige implementering van sektorpolisiëring polisiesigbaarheid kan verbeter nie. Laastens het 91% van die deelnemers aan geen ander maatreëls gedink as dié hierbo genoem nie.



VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Sowat 81% van die deelnemers het 5-10 minute as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie aangedui. Strandfontein met 100% was blykbaar die mees tevrede hiermee.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Ongeveer 50% van die deelnemers het aangedui dat hul GPF's nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne deur die polisie in hul areas toegewys word nie. Mitchells Plain (67%) was die mees tevrede area, terwyl Strandfontein (33%) die mins tevrede was.

Die meeste van die deelnemers (61%) het gesê dat hul GPF's insette in die polisiestasiplan in hul onderskeie areas lewer. Mitchells Plain (78%) was die mees tevrede area, terwyl Strandfontein (44%) die mins tevrede was.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE MITCHELLS PLAIN POLISIEKLUSTER

In **Mitchells Plain** word die polisie versoek om beskikbaar te wees wanneer die gemeenskap die polisie nodig het, om vriendelik te wees, en respek teenoor die lede van die gemeenskap te betoon. SAPD beamptes word verdoek om onmiddellik traumaondervraging aan misdaadslagoffers te bied. Daar is blykbaar strukture in plek soos vrywilliges wat die ondersteuningsprogram vir slagoffers aanbied, maar dit word nie behoorlik benut nie.

Daar is 'n versoek dat die Tafelsig satellietstasie opgegradeer moet word en dat meer opgeleide polisiebeamptes ontplooi moet word om met die gemeenskap te werk. Daar is 'n versoek dat die hekke na die polisiestasie oopgemaak moet word.

Tydens die Minister van Gemeenskapsveiligheid se besoek aan Mitchells Plain was kwessies m.b.t. drankwette en binnegevegte in GPF-strukture geopper, en die kommer van die gemeenskap het nie aandag gekry nie. Die kwessie is vir mediasie en konflik-resolusie na die Departement (Gemeenskapskakeling) verwys. Daar was 'n versoek dat wetstoepassing aandag moet gee aan die kwessie van 'n bepaalde huis waar gesteelde goedere verkoop word.

Die daarstel van programme om middelemisbruik te teiken, die voorsien van ontspanningsgeriewe en aktiwiteite vir jeugdige, vaardigheidsontwikkeling en werkskepping, en die sluit van onwettige sjebiens sou van die voorkomende maatreëls kon wees om misdaad in die area die hoof te bied.

In **Strandfontein** is daar versoek dat toegewyde en gedissiplineerde personeel en meer polisiebeamptes by die stasie ontplooi word. Polisiebeamptes word versoek om bejaardes en gestremdes in ag te neem. Meer sigbare polisiëring word aanbeveel om inbrake in die area te voorkom.

4.7.11 MUIZENBERG POLISIEKLUSTER

Die Muizenberg polisiekluster bestaan uit vyf polisiestasies, naamlik dié van Vishoek, Houtbaai, Muizenberg, Ocean View en Simonstad. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Polisiestase	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Vishoek	Gewone Roof en diefstal van 'n voertuig	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Roof by woning	Gewone diefstal
Houtbaai	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Muizenberg	Aanranding ELB	Gewone aanranding	GEWONE ROOF	Inbraak by woning	Diefstal uit motorvoertuig, Roof by wonings
Ocean View	Aanranding ELB	Gesinsgeweld	Diefstal van motorvoertuig	Inbraak by woning	Roof by woning
Simonstad	GEWONE ROOF	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Roof by woning	Gewone diefstal

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die verskillende areas van die Muizenberg kluster **gewone aanranding, diefstal van motorvoertuig**, en **aanranding ELB** is. Houtbaai was as een van die twaalf xenofobiese brandpunte⁵⁰ in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n top prioriteitsmisdaad geïdentifiseer het nie.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (83%) van deelnemers van die Muizenberg polisiekluster het gevoel dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 17% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die meerderheid van deelnemers in Vishoek (100%), Houtbaai (100), Muizenberg (100%) en Simonstad (83%) het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie. Die enigste area waar die meerderheid (56%) van deelnemers aangedui het dat hulpbronne geskik is, is Ocean View.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (53%) het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, en 47% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne wel doeltreffend gebruik word. Die meerderheid van deelnemers in Houtbaai (83%), Muizenberg (83%) en Vishoek

AA) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 6 Julie 2010 ongepubliseer



(71%) het aangedui dat hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie, terwyl die deelnemers in Ocean View (80%) die teenoorgestelde aangedui het.

VI) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (57%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het, en 43% meen dat daar nie genoeg polisiebeamptes in die GDS is nie. Die meerderheid van deelnemers in Simonstad (100%), Vishoek (71%) en Muizenberg (67%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is. Die meerderheid in Houtbaai (88%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat by die GDS help nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (91%) van deelnemers het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk nóg hofflik nóg hulpvaardig teenoor gemeenskapslede is, en 9% het aangedui dat hulle wel hofflik en hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemark het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die deelnemers in Vishoek (100%), Ocean View (100%), Simonstad (100%), en Muizenberg (67%) het aangedui dat die polisiebeamptes by die GDS'e hofflik en hulpvaardig is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Die helfte van die deelnemers (50%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en die ander helfte (50%) was nie tevrede met die speurders se diens nie. Die meerderheid van die deelnemers in Houtbaai (88%), Muizenberg (67%) en Vishoek het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie. In Ocean View (78%) en Simonstad (83%) het die meerderheid van die deelnemers aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (68%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 18% meen dat dit wel gebeur, en 15% meen dat getuies nie beskerm word nie. Die meerderheid van deelnemers in Vishoek (83%), Simonstad (83%) en Houtbaai (75%) het aangedui dat hulle nie weet of getuies van misdade beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (78%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. Die meerderheid van deelnemers in Muizenberg (100%), Houtbaai (88%) and Simonstad (83%) verlang meer polisiepatrollies bedags en snags. Meer stop-en-deursoek-aksies sou volgens 64% nuttig wees om polisiesigbaarheid te verhoog. In Muizenberg (100%), Vishoek (71%) en Houtbaai (63%) het die meerderheid van deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer moet word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 53% as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Vishoek (86%), en Muizenberg (67%) het volledige implementering van sektorpolisiëring voorgestel om polisiesigbaarheid te verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (75%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 17% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, en 6% gemeen het dat 15-20 minute aanvaarbaar is. Drie persent (3%) van deelnemers het aangedui dat dit aanvaarbaar is vir die polisie om binne 30-60 minute te repondeer. Die meerderheid van deelnemers in Vishoek (100%), Houtbaai (88%), Simonstad (83%) en Ocean View (67%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdadafsituasies op te tree.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (47%) het aangedui dat die GPF's insette in die stasieplanne lewer, terwyl 38% aangedui het dat hulle nie weet of daar insette in die stasieplanne is nie, en 15% dat dit nie gebeur nie. Die meerderheid respondente in Muizenberg (100%), Ocean View (89%) en Simonstad (67%) het aangedui dat hulle insette in die stasieplanne lewer, terwyl in Vishoek die meerderheid (86%) aangedui het dat hulle nie weet of die GPF insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (47%) het aangedui dat die GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word, terwyl 38% aangedui het dat hulle nie weet nie, en 15% dat hulle nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE MUIZENBERG POLISIEKLUSTER

In **Vishoek** het die deelnemers voorgestel dat die polisie met lede van die buurtwag saam moet werk. Voetpatrollies deur oplettende beamptes by winkelsentrums en sentrale sakegebiede moet uitgevoer word. Daar word gerapporteer dat daar 'n tekort aan personeel by polisiestasies is, wat polisie-sigbaarheid en patrollies affekteer in plaas daarvan om dit te verhoog.

Die deelnemers in **Houtbaai** stel voor dat opleiding vir polisiebeamptes gegee word sodat hulle die gemeenskap in drie tale kan bedien. Meer polisieëring op gevaarlike paaie soos die Haweweg is nodig om die probleem van mense wat teen hoë snelhede ry die hoof te bied.

Die **Simonstad**-deelnemers meen dat die GPF sde hulpbronne om die gemeenskap en die SAPD te help, beperk is.

In **Muizenberg** meen die deelnemers dat werkswinkels deur die polisie gehou moet word om die breër gemeenskap op te lei in hul verantwoordelikheid jeens die gemeenskap, misdadafsituasies in die area, middelemisbruik, en gesinsgeweld. Beter kommunikasie, en om die gemeenskap te betrek, is nodig. Volle implementering van sektorpolisieëring in die area is nodig. Gereelde patrollies en stop-en-deursoek-aksies snags moet aangewend word om dienslewering in die area te verbeter. Voetpatrollies word aanbeveel aangesien hulle blykbaar meer doeltreffend as polisievoertuigpatrollies is.

Tydens die besoek na **Seawinds** deur die Minister van Gemeenskapsveiligheid was daar kommer oor die moontlike sluiting van die Seawinds buurtwag, gebrek aan samewerking deur die SAPD m.b.t. patrolling van die area, die feit dat daar geen reserviste toegestaan is nie, en die feit dat die meeste patrolling deur vrouens gedoen word wat hulle kwesbaar laat. Die Raadslid vir die area het 'n probleem met die houer wat deur die Premier geskenk is toe sy Burgemeester was. Die buurtwagtoerusting is gesteel. Daar is gevra vir samewerking van die SAPD.



In **Ocean View** is daar meer polisiebeamptes nodig wat klaers in hul huistaal (Afrikaans) kan bedien, en meer polisievoertuie moet in die area ontplooi word. Die polisie moet die gemeenskap so betrokke as moontlik kry. Dit is nodig vir die polisie om terug te keer na party van die ou prosedures wat vir die gemeenskap gewerk het, soos voetpatrollies, *adopt-a-cop*-projekte, en die deursoek van skole. Dit is nodig om die gemeenskap oor die prosesse van die strafregstelsel in te lig, wat hofinterdikte, vrywaringsbevele en ander inligting insluit.

4.7.12 NYANGA POLISIEKLUSTER

Die Nyanga polisiekluster bestaan uit sewe polisiestasies, naamlik dié van Athlone, Gugulethu, Lansdowne, Manenberg, Nyanga, Philippi en Philippi Oos. Al die GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Polisiestasie	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Athlone	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Diefstal van motorvoertuig	Diefstal uit motorvoertuie	Inbraak by wonings
Gugulethu	Aanranding ELB	Gesinsgeweld	Moord	Inbraak en Roof by woning	Diefstal uit motorvoertuie
Lansdowne	Seksuele misdrywe Gewone aanranding Gesinsgeweld	GEWONE ROOF	Diefstal van motorvoertuig	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by wonings
Manenberg	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewapende roof	Inbraak by woning	Roof by woning
Nyanga	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Moord	Gewapende roof	Roof by woning
Philippi	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding Gesinsgeweld	Moord	Gewapende roof
Philippi Oos	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Huishoudelike geweld GEWONE ROOF	Moord, Gewone diefstal	Inbraak by wonings

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die Milnerton kluster 'n verskeidenheid misdade oor die verskillende areas heen is. **Gewone diefstal, gewapende roof, seksuele misdrywe, aanranding ELB, diefstal van 'n motorvoertuig en diefstal uit 'n motorvoertuig** is as die nommer een misdaadkategorieë in die verskillende areas gerapporteer. Daar moet op gelet word dat moord as 'n top prioriteit by drie polisiestasies naamlik **Athlone, Gugulethu** en **Nyanga** geïdentifiseer is.

Die Nyanga polisiekluster ervaar blykbaar meestal geweldsmisdaad soos moord, gewapende roof, en aanranding ELB. In onlangse media-artikels is Gugulethu in die kollig geplaas nadat 'n Sweedse model op haar huweliksreis tydens 'n oënskynlike kaping vermoor was. Data by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings toon dat meer as 700 mense sedert 2005 in Gugulethu vermoor is. Vir die verslagtydperk tot Maart 2010 het 'n totaal van 110 moorde binne die Gugulethu-gebied plaasgevind.

Bewustheidsinisiatiewe oor die gevaar om na donker alleen in onbekende omgewings te loop, moet deur die toerismebedryf gevoer word om toeriste wat townships besoek tot waaksaamheid m.b.t. toeristeveiligheid te beweeg. Gedurende die projek vir 'n Gemeenskapsveiligheidsbarometer 2009/10 het die deelnemers van Nyanga dwelms, roof, verkragting en inbraak by wonings as die mees gevreesde misdade ervaar.

Nyanga is as een van die twaalf xenofobiese brandpunte⁵¹ in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n prioriteitsmisdaad geïdentifiseer het nie.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid van die deelnemers in die Nyanga kluster (75%) het aangedui dat die polisie hulpbronne nie geskik is om misdaad in die area die hoof te bied nie. Van hierdie deelnemers is 100% van Philippi Oos, 96% van die Nyanga polisiegebied, 83% van Athlone en Lansdowne, en 70% van Gugulethu. Negentig persent van die deelnemers van Manenberg het egter aangedui dat die polisiehulpbronne in hul area geskik is om misdaad die hoof te bied.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Met betrekking tot dienslewingskwessies het 86% van die deelnemers van Nyanga, 80% van Gugulethu, en 64% van Lansdowne aangedui dat polisiehulpbronne nie doeltreffend benut word nie. Eenhonderd persent van die deelnemers uit Philippi Oos en 70% uit Manenberg het egter gesê dat die polisiehulpbronne in hul polisiegebied doeltreffend benut word.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Al die deelnemers van Philippi Oos (100%) en die meerderheid van deelnemers van Nyanga (74%) en Gugulethu (60%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS'e gehelp het nie. Daarteenoor het die meeste van die deelnemers van Manenberg (70%) en Lansdowne (67%) aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes is wat in die GDS'e hulp verleen.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Ongeveer 75% van die deelnemers uit Philippi Oos en 64% uit Nyanga het aangedui dat die polisiebeamptes in GDS nóg hofflik, nóg hulpvaardig is, terwyl 87.5% van die deelnemers uit Gugulethu and 83% uit Athlone en Lansdowne aangedui het dat die polisiebeamptes in die GHS hofflik en hulpvaardig teenoor gemeenskapslede is.

Y) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 6 Julie 2010 ongepubliseer



V) DIENSTE DEUR DIE SPEURDERS GELEWER

Al die deelnemers van Gugulethu (100%) en 86% van die deelnemers van Nyanga het aangedui dat hulle nie tevrede is met die dienste wat deur die speurders in hul polisiestasie gelewer word nie. Van die deelnemers uit Manenberg en Philippi Oos het 75% egter aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat die speurders lewer.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Ongeveer 67 van die deelnemers uit Gugulethu dink blykbaar dat die polisie in hul area nie genoeg doen om getuies in strafsake te beskerm nie, terwyl 75% van die deelnemers uit Lansdowne en Philippi Oos nie weet of die polisie in hul area getuies in strafsake beskerm nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

In antwoord op die vraag wat gedoen kan word om polisiesigbaarheid te verbeter, het geen van die deelnemers uit Lansdowne en Philippi Oos blykbaar gedink dat meer polisiebeamptes wat bedags patrollies uitvoer polisiesigbaarheid sou verbeter nie. 'n Totaal van 79% van die deelnemers het geantwoord dat meer polisiebeamptes wat gedurende die dag patrollies doen polisiesigbaarheid sou verbeter. Geen van die deelnemers uit Lansdowne en Philippi Oos het gedink dat meer polisiebeamptes wat gedurende die nag patrollies doen polisiesigbaarheid sou verbeter nie. Sowat 83% van die deelnemers van Athlone en Nyanga het aangedui dat meer polisiebeamptes wat bedags en snags patrollies doen, polisiesigbaarheid in hul area kan verbeter. Ongeveer 92% van die deelnemers uit Lansdowne dink dat meer stop-en-deursoek-operasies in hul area polisiesigbaarheid kan verbeter, terwyl 80% van die deelnemers uit Manenberg en 71% van die deelnemers van Philippi dink dat die volle implementering van sektorpolisiëring polisiesigbaarheid kan verbeter. Laastens het party van die deelnemers gedink dat ander stappe gedoen kan word om polisiesigbaarheid te verbeter, maar hulle het nie gespesifiseer wat daardie stappe is nie.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (95%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval hulp te verleen, terwyl 5% meen dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is. Die meerderheid van deelnemers by alle polisiestasies het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om op misdadaasituasies te repondeer.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Ses en dertig persent (36%) van deelnemers het aangedui dat GPF's insette in die stasieplanne lewer, terwyl 35% aangedui het dat dit nie gebeur nie, en 29% nie geweet het of GPF's insette in die stasieplanne lewer nie. Die meerderheid van respondente in Manenberg (100%) en Lansdowne het aangedui dat die GPF's insette in die polisiestasieplanne lewer, terwyl in Nyanga 70% aangedui het dat hulle nie insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers in Philippi (72%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasieplan lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (41%) het aangedui dat die GPF's nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 36% aangedui het dat hulle dit wel doen, en 23% dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas toegewys word nie. Die meerderheid (100%) van deelnemers in Manenberg het aangedui dat die GPF's insette lewer oor hoedat hulpbronne in hul areas toegewys word, terwyl die meerderheid in Nyanga (70%) aangedui het dat hulle nie insette lewer oor hoedat hulpbronne toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE NYANGA POLISIEKLUSTER

In **Athlone** word 'n hegte werkverhouding tussen die SAPD en die Gemeenskapspolisieforum voorgestel. Dit is nodig om die beeld van die GPF en die polisie te verbeter. Speurders moet meer met die klaers kommunikeer, en aandag moet gegee word aan assuransië m.b.t. doodsvoordele. Weens sterftes aan diens funksioneer die buurtwagte nie meer nie. Die verskillende departemente moet die polisie help sodat hulle aan polisiëring in plaas van maatskaplike kwessies kan werk. Daar word voorgestel dat die polisie en ander beveiligingstakke gesamentlike operasies moet implementeer.

Die deelnemers in Athlone versoek dat meer polisiebeamptes in die polisiestase ontplooi word. Die trots van polisiebeamptes met lang diens moet d.m.v. rangtoekenning herstel word. Om dienslewering by die GHS te verbeter, moet polisiebeamptes opleiding in rekenaar- en kommunikasievaardighede ontvang. Die deelnemers stel voor dat die GPF en die polisie afsonderlik werk ten einde hul responstyd te verbeter. Polisiebeamptes word versoek om meer toegewyd tot hul taak, en vriendelik teenoor gemeenskapslede te wees.

Tydens die besoek van die Minister van Gemeenskapsveiligheid in **Athlone** is 'n probleem met bendes en bendegeweld in die Kewtown/ Bokmakierie areas van Athlone geopper. Verskeie insidente waar bendes baklei of skiet, is aan die polisie gerapporteer. Die meeste benedelede is jeugdiges. 'n Intervensie is nodig waar alle deelhebbers poeg om alternatiewe wyses te vind om jeugdiges besig te hou, en hulle bewus te maak van die gevare van bendelidmaatskap.

Intervensies wat geïdentifiseer is, sluit die volgende in: 'n program vir opleiding in lewensvaardighede, opleiding in ouerskapvaardighede, gedragsveranderingprogramme, middleemisbruikprogramme, sportprogramme ens. SAPD en Metropolisie fokus op wetstoepassingstrategieë, wat die verskillende bogenoemde misdaadvoorkomingsinisiatiewe aanvul.

Die deelnemers van **Gugulethu** dui aan dat bedrieërs sonder enige beletsel rondloop, en dat lede van die gemeenskap groot somme van hul swaarverdiende geld in rowery by OTM's verloor. Die deelnemers stel voor dat onsigbare polisiëring ingestel word om hierdie besondere misdaad die hoof te bied. Meer geskikte en bekwame polisiebeamptes en werkende vangwaens sou die diens kon verbeter wat deur die polisie gelewer word. Die deelnemers stel voor dat wanneer SAPD-lede gemeenskapsvergaderings bywoon, hulle ook GPF-lede moet uitnooi. Gemeenskapspolisiëring moet aangemoedig word.

Daar word versoek dat die Departement van Gemeenskapsveiligheid die SAPD help deur veiligheidsprojekte in die gemeenskappe te befonds ten einde die SAPD te help werk en te alle tye sigbaar te wees. Verder versoek die GPF dat die Departement kort na Algemene Jaarvergaderings werksinkels organiseer. Departementele beamptes word aangesê om nie dinge op hul eie manier te doen sonder konsultasie en ondersteuning van die GPF oor dinge wat 'n impak op hul veiligheid het nie.



In **Lansdowne** beveel die deelnemers aan dat die polisie meer betrokke moet raak en meer met die gemeenskap moet kommunikeer om die mense in die area te leer ken. Die bestuur op stasievlak moet verbeter word. Meer polisie sigbaarheid is nodig tydens patrollies bedags en snags. Meer bewusmaking oor misdadekwessies en polisiëring moet plaasvind. Korrupte polisiebeamptes wat omkoopgeld ontvang, moet gedissiplineer word.

Polisiebeamptes aan diens moet nie grappies oor klaers se probleme maak nie. Die deelnemers versoek dat die stasiebevelvoerder vervang word, aangesien daar geen rigting of leierskap by die polisie stasies gebied word nie. Daar is te dikwels omruiling van polisiebeamptes .

In **Manenberg** word versoek dat vergaderings gehou word om misdadebewustheid in die gemeenskap te verhoog. Lede by die GDS moet opgelei word om kommunikasie met die gemeenskapslede te verbeter. Lede van die SAPD moet al die tale van die gemeenskap in die area kan gebruik. Korrupte polisiebeamptes wat omkoopgeld van dwelmbase en rampokkers ontvang, moet gedissiplineer word. Bou 'n beter verhouding tussen polisie en gemeenskap, vertroue en respek is nodig vir 'n verbetering van verhoudings. Vinniger responstye word vir misdade situasies vereis om dienslewering in die area te verbeter.

In **Nyanga** word versoek dat polisiebrutaliteit gestop word, aangesien die meeste polisiebeamptes blykbaar verdagtes slaan. Die polisie moet mense met respek behandel. Die polisiebeamptes word versoek om op te hou om omkoopgeld ten koste van die gemeenskap te ontvang. Polisie wat in 'n vennootskap met die gemeenskap werk, is baie belangrik in die stryd teen misdaad. Vinnige responstye na misdade situasies word gevra.

In **Samora Machel** is daar 'n versoek dat die stasiebevelvoerder die gemeenskap besoek om na hul misdadekwessies te luister, soos die lisensiëring van sjebiens en die gebrek aan respek deur die polisie wat in die area werk. Die gemeenskap versoek verbeterde responstye, en gelyke behandeling deur lede van die polisie vir alle gemeenskapslede. Die manier waarop die polisie met mense praat, moet verbeter word. Alle sjebiens moet aandag kry. Die Provinsiale regering of openbare werke moet grond beskikbaar maak sodat 'n polisie stasie in Samora Machel gebou kan word. Die polisie moet baie nou met die GPF saam werk in die stryd teen misdaad. Meer projekte moet vir die gemeenskap geïmplementeer word. Voetpatrollies in vennootskap met lede van die GPF en BW moet elke dag en nag uitgevoer word.

In **Brown's Farm** word versoek dat opgeleide BW-lede en reserviste by skole ontplooi moet word. Die regering word versoek om met alle polisiebeamptes te kommunikeer, en om die mense op die grond by te staan en op te hou om hulle weens polisie grense na ander polisie stasies te verwys. Polisie word gevra om hul werk behoorlik te doen en op te hou om onskuldige mense te arresteer.

Polisie moet partytjies stop sit, veral tydens die feesseisoen, want mense word by hierdie partytjies vermoor. Polisiepatrollies en deursoekings moet snags gedoen word om misdaad te bestry. Skoolterreine moet deursoek word omdat leerders uiteindelik die slagoffers van dwelms is.

Oral in die **Nyanga** polisie gebied het die deelnemers gevra dat die polisie meer vaardig moet wees, aangesien sommige polisiebeamptes nie weet hoe om met die gemeenskapslede om te gaan nie. Die polisie moet ophou om onbeskof te wees en 'n belangstelling in mense se probleme toon.

Daar is voorgestel dat die regering stappe doen sodat die gemeenskap en die polisie hegte samewerking bewerkstellig, misdadigers swaar gestraf word, en gemeenskapslede verantwoordelikheid vir misdaadvoorkoming aanvaar. Taxi-eienaars moet noukeurig gemoniteer word, veral die manier waarop hulle bestuur. Daar moet voorsiening vir ontspanningsgeriewe en aktiwiteite vir die jeug gemaak word. Vaardigheidsontwikkeling en werkskepping vir gemeenskapslede moet deur die gemeenskap onderneem word.

In **Philippi Oos** word die polisie versoek om 'n oog te hou oor mense wat gesteelde goedere soos selfone langs die polisiestasie verkoop. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid word versoek om gemeenskapsprojekte te befonds aangesien jeugdige en kinders hulle weens verveeldheid tot die pleeg van misdaad wend. Daar word versoek dat die magistrate moet ophou om borgtog aan mense toe te staan wat vir moord, gewapende roof ens. gearresteer word, en dat geregtigheid nader aan die gemeenskap gebring moet word. Die GPF versoek vervoer na en van die vergaderings. Daar moet toewyding en 'n doeltreffende werkverhouding tussen die gemeenskap en die polisie wees, met inbegrip van die Departement van Gemeenskapsveiligheid en ander staatsdepartemente.

Meer polisiebeamptes en polisievoertuie word in **Philippi** verlang. Die GPF versoek om betrokke te wees en op datum gehou te word m.b.t. SAPD-inisiatiewe om misdaad te bestry. Daar is taalprobleme omdat die meeste van die polisiebeamptes wat by die stasie ontplooi is nie in die klaers se verkose taal kan kommunikeer nie, wat dit nodig maak om gekwalifiseerde kandidate te ontplooi.

Tydens die Minister van Gemeenskapsveiligheid se besoek aan Hanover Park het die gemeenskapslede die volgende diensleweringskwessies geopper:

- 1 SAPD-lede is onbeskof en sonder respek vir die gemeenskap
- 1 Uitsakkelinge uit die skole raak by dwelms betrokke
- 1 Onwettige sjebiens en dwelmhuse
- 1 Bendes moet uit die area verwyder word

Volgens deelnemers moet die onbeskofte gedrag van SAPD-lede nie deur die gemeenskap verdra word nie, en die gemeenskapslede moet onprofessionele gedrag aan die Departement van Gemeenskapsveiligheid se klagteslyn rapporteer. Die implementering van die Drankwet moet SAPD-lede help om onwettige sjebiens die hoof te bied. Bewusmaking van die gemeenskap om die mense aan te spoor om nie drank en alkohol te koop nie moet geïmplementeer word. Langtermynstrategieë om rampokkery die hoof te bied, moet geïmplementeer word.



I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Polisiestasie	Prioriteits-misdaad 1	Prioriteits-misdaad 2	Prioriteits-misdaad 3	Prioriteits-misdaad 4	Prioriteits misdaad 5
Dieprivier	Gewone roof	Gewapende roof	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Roof by woning
Grassy Park	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Inbraak by woning	Roof by woning	Gewone diefstal
Kirstenhof	Gewapende roof	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Roof by woning	Gewone diefstal
Steenberg	Seksuele misdrywe	Huishoudelike Moord	Inbraak by woning	Roof by woning	Inbraak by woning, Bedrog
Wynberg	Huishoudelike geweld Gewone Roof, Diefstal uit motorvoertuig	Diefstal van 'n Voertuie	Inbraak by sakepersele	Inbraak by woning	Gewone diefstal

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die Wynberg kluster toon **gewone roof, diefstal uit 'n motorvoertuig, gewapende roof, seksuele misdrywe** en **aanranding ELB** as die nommer een prioriteitsmisdade.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (72%) van deelnemers van die Wynberg polisiekluster het gevoel dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 28% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die deelnemers in Steenberg (100%), Dieprivier (91%), Kirstenhof (80%) en Grassy Park (60%) het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie. Die enigste area waar die meerderheid (67%) van deelnemers aangedui het dat hulpbronne geskik is, is Wynberg.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (77%) het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, en 23% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne wel doeltreffend gebruik word. Die meeste deelnemers in Grassy Park (100%), Steenberg (100%), Kirstenhof (75%) en Dieprivier (70%) het aangedui dat hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, terwyl deelnemers in Wynberg (75%) aangedui het dat hulpbronne doeltreffend benut word.

IV) GEMEENSKAPSDIENSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (52%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het, en 48% meen dat daar nie genoeg polisiebeamptes in die GDS is nie. Die meerderheid van deelnemers in Kirstenhof (100%) en Wynberg (100%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is. Die meerderheid van deelnemers Steenberg (80%), Grassy Park (71%) en Dieprivier (56%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (70%) van deelnemers het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk nóg hoflik nóg hulpvaardig teenoor gemeenskapslede is, en 30% het aangedui dat hulle wel hoflik en hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemark het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisiedienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van deelnemers in Kirstenhof (100%) en Wynberg (100%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is. Die meerderheid van deelnemers in Steenberg (75%) en Grassy Park (70%) het aangedui dat die polisiebeamptes by die GDS nóg hoflik nóg hulpvaardig teenoor die publiek is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (64%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie, en 36% was tevrede met die speurders se dienste. Al die deelnemers (100%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (80%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 13% meen dat dit wel gebeur, en 7% meen dat getuies nie beskerm word nie. Die meerderheid van deelnemers in Kirstenhof (100%), Grassy Park (90%), Wynberg (80%) en Dieprivier (73%) het aangedui dat hulle nie weet nie of getuies van misdade beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (85%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. Die meerderheid van deelnemers in Dieprivier (100%), Kirstenhof (88%), Wynberg (83%) en Grassy Park (80%) verlang meer polisiepatrollies bedags en snags. Meer stop-en-deursoek-aksies sou volgens 70% nuttig wees om polisie sigbaarheid te verhoog. In Dieprivier (91%), Grassy Park (90%), en Wynberg (67%) het die meerderheid van die deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer behoort te word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 65% as 'n manier beskou om polisie sigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Dieprivier (91%), Wynberg (67%), Steenberg (60%) en Grassy Park (60%) het aangedui dat volledige implementering van sektorpolisiëring polisie sigbaarheid verhoog.



VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (83%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 15% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, en 3% gemeen het dat 15-20 minute aanvaarbaar is. Die meerderheid van deelnemers in Dieprivier (91%), Grassy Park (90%), en Steenberg (80%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om op misdadafsituasies te repondeer.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (59%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasieplanne lewer nie, terwyl 28% aangedui het dat dit wel gebeur, en 13% dat daar geen insette in die stasieplanne is nie. Die meerderheid van deelnemers in Kirstenhof (88%) het nie geweet nie, terwyl in Dieprivier (64%) en Wynberg (60%) die meerderheid aangedui het dat hulle nie insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (59%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 28% aangedui het dat hulle wel insette lewer, en 13% dat hulle nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE WYNBERG POLISIEKLUSTER

In **Diep Rivier** het die deelnemers vir meer polisievoertuie, personeel en toerusting gevra om te help om misdaad in die area te bekamp. Die bestaande sektore moet hersien word en twee bykomstige sektore word versoek. Daar moet opleiding van polisiebeamptes plaasvind om dienslewering in die area te verbeter. Meer voertuig- en voetpatrollies moet in die area gedoen word. Die kommunikasie tussen die GPF, buurtwaglede, die breër gemeenskap en die SAPD moet verbeter word. Die deelnemers versoek dat die GPF nie aan die SAPD nie, maar aan die Departement van Gemeenskapsveiligheid moet rapporteer.

Die **Grassy Park** gemeenskap versoek dat die SAPD-lede vriendeliker teenoor gemeenskapslede moet wees. Die polisie word versoek om die buurtwaglede by hul optredes te betrek. Daar moet meer kommunikasie tussen SAPD-, GPF- en BW-lede plaasvind.

Daar is voorgestel dat polisiebeamptes in kommunikasievaardighede opgelei moet word ten einde hulle in staat te stel om hul werk beter te doen. Stop-en-deursoek-aksies en groter polisie-sigbaarheid moet onderneem word.

In die **Kirstenhof** area word voorgestel dat vergoeding vir polisiebeamptes en befondsing vir vrywilligers geïmplementeer word om hul moreel 'n hupstoot te gee. Die deelnemers versoek 'n nuwe polisie-stasie aangesien die huidige polisie-stasie na bewering onvoldoende en in 'n swak toestand is. Meer opgeleide polisiebeamptes word benodig. Verbetering van die strafregstelsel is nodig om tot meer skuldigbevindings te lei.

In **Steenberg** word versoek dat skole deel van polisieëring moet vorm, en dat werkswinkels gehou word om jeugdiges aan te spoor om by die polisie aan te sluit. Daar word voorgestel dat die huidige polisiebestuur met nuwe polisiebeamptes vervang word.

Die polisie word versoek om buurtwaglede te gebruik, en om meer aktiewe, jong en vriendelike beamptes te werf. Die polisiebeamptes moet toegerus word om bendegegeweld in die area die hoof te bied. 'n Gebruikersvriendelike benadering moet gevolg word, veral by die polisie se ontvangslessenaar. Meer polisiesigbaarheid word in die area benodig.

In **Wynberg** word versoek dat die strafregstelsel verbeter word sodat meer skuldigbevindings verkry word. Taal is 'n probleem in die area omdat sommige polisiebeamptes nie vlot is in Engels nie, wat verbeterde kommunikasievaardighede by polisiebeamptes noodsaak.

Oor die algemeen word Kaapstad se metropolitaanse areas in die gesig gestaar deur 'n tekort aan hulpbronne by die stasies, taalprobleme by polisiebeamptes wat by die GDS'e ontplooi is, en onprofessionele gedrag van polisiebeamptes.

4.7.13 VEILIGHEIDSMATREËLS

Die bevindinge van die studie toon dat polisieklusters in die Stad Kaapstad oor die algemeen met kontak- en eiendomverwante misdade te kampe het. Probleemareas sluit die volgende in: aanranding ELB, seksuele misdrywe, gesinsgeweld, inbraak by wonings en sakepersele, gewone roof en gewone diefstal. Dwelms, prostitusie en die omgewings rondom drankwinkels is 'n enorme probleem. Die gemeenskap is bewus van, en ongelukkig oor hierdie areas, maar is onder die indruk dat hulle niks daaraan kan doen nie.

Die probleem van middelemisbruik weens onwettige sjebiens en dwelmafsetpunte lewer blykbaar 'n enorme bydrae tot hierdie misdade. Die gemeenskapslede is gefrustreerd aangesien hulle in baie gevalle weet waar die dwelms verkoop word. Daar is baie versoeke vir verbeterde sigbare polisiëring, met spesifieke verwysing na sjebiens en dwelms. Doeltreffende intervensieprogramme moet geïmplementeer word.



4.8 ONTLEDING VAN DIE PBP'S VAN POLISIEKLUSTERS IN DIE EDEN DISTRIKSMUNISIPALITEIT

4.8.1 DA GAMASKOP POLISIEKLUSTER

Die Da Gamaskop polisiekluster bestaan uit agt polisiestasies, naamlik dié van Albertinia, Da Gamaskop, Groot Brakrivier, Heidelberg, KwaNonqaba, Mosselbaai, Riversdale en Stilbaai. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Tabel 34: Da Gama Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestadie	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Albertinia	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Da Gamaskop	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Moord, Inbraak by wonings	Gewone roof Roof by wonings
Groot Brakrivier	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Roof by wonings
Heidelberg	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Kwa-Nonqaba	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Diefstal van 'n Voertuie	Inbraak by sakeperseel
Mosselbaai	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Inbraak by sakepersele	Roof by woning Gewone diefstal	Bedrog
Riversdal	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by woning diefstal by wonings Gewone diefstal	VEEDIEFSTAL
Stilbaai	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Moord	Inbraak by woning	Inbraak by sakeperseel

Die deelnemers van die Da Gamaskop kluster beskou **aanranding ELB** en **diefstal uit 'n motorvoertuig** as die topprioriteitsmisdade. Oor die algemeen word die Da Gamaskop polisiekluster gesien as hoofsaaklik gemoeid met kontakmisdade soos seksuele misdrywe, gesinsgeweld en eiendomverwante misdade. Dit is belangrik om daarop te let dat areas soos Da Gamaskop en Stilbaai moord as een van die prioriteitsmisdade geïdentifiseer het.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (85%) van deelnemers van die Da Gamaskop polisiekluster het gevoel dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 15% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die meerderheid van deelnemers by al die polisiestasies het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (66%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffend benut word, en 34% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Die meerderheid van deelnemers in Heidelberg (100%), Stilbaai (100%) and Mosselbaai (77%) het aangedui dat hulpbronne doeltreffend gebruik word, terwyl die deelnemers in Groot Brakrivier (58%) die teenoorgestelde aangedui het.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (68%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, en 32% meen dat daar genoeg polisiebeamptes in die GDS is. Die meerderheid van deelnemers in Stilbaai (100%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes by die GDS is nie. Die meerderheid van deelnemers in Heidelberg (100%), Groot Brakrivier (92%), KwaNonqaba (75%) and Da Gamaskop (70%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat mense in die GDS'e help nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (85%) van deelnemers in die Paarl polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, en 15% het aangedui dat hulle nóg hoflik nóg hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van die deelnemers by al die polisiestasies stem saam dat die polisiebeamptes in die GDS'e hulpvaardig teenoor die lede van die publiek is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (58%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 42% was nie tevrede met die speurders se dienste nie. Die meerderheid van die deelnemers in Stilbaai (100%), Mosselbaai (85) and Albertinia (70%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word. Die meerderheid van die deelnemers in Groot Brakrivier (83%), Riversdale (63%) and Da Gamaskop (60)(55%) het aangedui dat hulle nie tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (51%) van deelnemers het aangedui dat hulle nie weet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 40% van deelnemers meen dat dit wel gebeur, en 9% meen dat getuies van misdade nie beskerm word nie. Die meerderheid van



deelnemers in Albertinia (67%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdaad beskerm word. Die meerderheid van deelnemers in Stilbaai (88%) en Mosselbaai (73%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdaad beskerm word.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van gemeenskapslede (75%) het getoon dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag Polisie sigbaarheid in hul onderskeie areas sou verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Groot Brakrivier (100%), Heidelberg (100%), Stilbaai (88%), Mosselbaai (79%) en Albertinia (70%) verlang meer polisiepatrollies bedags en snags. Slegs 27% van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisie sigbaarheid te verhoog. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 52% van deelnemers as 'n manier beskou om polisie sigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in KwaNonqaba (100%) and Stilbaai (75%) het volledige implementering van sektorpolisiëring voorgestel om polisie sigbaarheid te verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (76%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 13% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, 9% gemeen het dat 15-20 minute aanvaarbaar is, en 3% dat 20-30 minute 'n aanvaarbare responstyd is. Die meerderheid van deelnemers by alle polisie stasies het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om op misdaadsituasies te repondeer.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIE STASIE PLANNE

Die meerderheid van deelnemers (50%) het aangedui dat die GPF's insette in die stasieplanne lewer, terwyl 34% aangedui het dat hulle nie weet of daar insette in die stasieplanne is nie, en 16% meen dat dit nie gebeur nie. Die meerderheid respondente in Stilbaai (100%), en Groot Brakrivier (86%) het aangedui dat hulle insette in die stasieplanne lewer, terwyl in Riversdale (67%) die meerderheid (67%) aangedui het dat hulle nie weet of die GPF insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (43%) het aangedui dat die GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word, terwyl 38% aangedui het dat hulle nie insette lewer nie, en 20% dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word. Die meerderheid van deelnemers in Heidelberg (63%) en Albertinia (63%) aangedui het dat die GPF's wel insette lewer.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE GAMKASKOP POLISIE KLUSTER

In **Albertinia** het die deelnemers 'n nuwe polisie stasie in Gouritsmond versoek. Die afstand tussen Albertinia en Gouritsmond is 'n hindernis vir doeltreffende dienslewering. Gespesialiseerde en toegewyde lede en beter polisie voertuie word versoek. Meer interaksie tussen SAPD-lede en gewone gemeenskapslede, soos gesamentlike deelname aan projekte en die gee van inligting oor misdaad voorkoming moet gedoen word.

In **Gamkaskop** versoek deelnemers dat die polisie gevalle beter hanteer en meer aandag aan die gemeenskap gee. Die Nasionale Vervolgingsgesag moet misdaad teen vrouens en kinders ernstig opneem, want soms lyk dit of hulle nie omgee nie. Meer polisiebeamptes en polisievoertuie word verlang.

In **Groot Brakrivier** stel deelnemers voor dat werk van die personeeltekort gemaak word.

Die deelnemers in **Heidelberg** stel voor dat die stadige rekenaars wat by die polisiestasie gebruik word, opgedateer word. Meer hulpbronne moet in die sektore toegewys word. Toegewyde polisiebeamptes moet aan diens ontplooi word. Die GPF moet opgelei word. Werk moet van die werkloosheid gemaak word. Daar is verder voorgestel dat die polisiebeamptes by die maatskaplike opheffing van die gemeenskap betrokke moet raak, nie slegs gedurende werksure nie, maar ook wanneer hulle nie aan diens is nie.

In **KwaNonqaba** het die deelnemers versoek dat 'n polisiestasie gebou word om die vraghouers te vervang wat gebruik word. Meer polisiebeamptes word benodig wat die gedragskode nakom. Die polisiebeamptes word versoek om nou met die GPF saam te werk.

In **Mosselbaai** word voorgestel dat meer lede tydens patrollies ontplooi moet word. Die SAPD-bestuur moet verseker dat polisiebeamptes in staat is om hul werk te doen deur kwartaallikse evaluering van alle polisiebeamptes te doen.

Die deelnemers glo dat die publiek meer ingelig moet wees oor wat in die area gebeur, bv. deur koerante en polisienuusbriewe van deur tot deur uit te deel. Bewustheidsveldtogte moet onderneem word om gemeenskapslede in te lig en op te voed. Daar behoort geen grense tussen die polisie en die gemeenskap te wees nie, en die verhouding moet versterk word. Polisie-reserviste word versoek om die aanranding van oortreders te staak.

In **Riversdale** het die deelnemers versoek dat meer polisiebeamptes ontplooi word, en dat voertuie herstel word deur 'n diensstasie te vestig. Die regstelsel moet die polisie ondersteun omdat hulle gefrustreerd raak wanneer misdadigers nie skuldig bevind word nie. Meer bewustheidprogramme oor middele- en seksuele misbruik moet met die jeug onderneem word.

Die deelnemers van **Stilbaai** stel voor dat meer polisiebeamptes ontplooi moet word om polisie-sigbaarheid en dienslewering te verbeter.

In **Mosselbaai** is daar 'n tekort aan polisiebeamptes om sektorpolisiëring te implementeer.



4.8.2 GEORGE POLISIEKLUSTER

Die George polisiekluster bestaan uit agt polisiestasies, naamlik dié van Conville, George, Knysna, KwaNokuthula, Pacaltdorp, Plettenbergbaai, Thembalethu en Uniondale. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Tabel 35: George Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestase	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Conville	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Gewone roof Moord	Inbraak by wonings
George	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Gewone roof Roof by woning	Gewapende roof by sakeperseel
Knysna	Aanranding ELB	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Roof by woning Inbraak by sakeperseel	Gewone diefstal
KwaNokuthula	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Moord	Inbraak by woning	Roof by wonings
Pacaltdorp	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewapende roof	Inbraak by woning, Diefstal van motorvoertuig	Roof by sakepersele
Plettenbergbaai	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding Gewone roof Inbraak by woning	Roof by woning diefstal by sakeperseel	Gewone diefstal
Thembalethu	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Kaping, Diefstal van motorvoertuig	Roof by woning Inbraak by sakeperseel	Gewone diefstal
Uniondale	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Gewone roof	Gewone diefstal Veediefstal

Die deelnemers in die George kluster beskou **gewone roof** en **seksuele misdrywe** as die top prioriteitsmisdade in hul onderskeie polisiestase-areas. Dit blyk dat die George kluster deur kontakmisdade en eiendomverwante misdade geaffekteer word. Moord is as een van die prioriteitsmisdade in KwaNokuthula geïdentifiseer. Knysna was as een van die twaalf xenofobiese brandpunte⁵² in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n prioriteitsmisdade geïdentifiseer het nie.

2 Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied, 6 Julie 2010 ongepubliseer

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (80%) van deelnemers van die George polisiekluster het gevoel dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 20% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die meerderheid van deelnemers by al die polisiestasies het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (60%) het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, en 40% van die deelnemers het aangedui dat die polisiehulpbronne wel doeltreffend gebruik word. Die meerderheid van deelnemers in Conville (85%), George (94%) en Knysna (77%) het aangedui dat hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie, terwyl die deelnemers in Plettenbergbaai (96%) die teenoorgestelde aangedui het.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (66%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, en 34% meen dat daar genoeg polisiebeamptes in die GDS is. Die meerderheid van die deelnemers in Tembalethu (100%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is, terwyl die meerderheid van deelnemers in George (94%) Pacaltsdorp (89%), Uniondale (88%) en Conville (88%) aangedui het dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat in die GDS'e help nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (68%) van deelnemers in die George polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, en 32% het aangedui dat hulle nóg hoflik nóg hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van die deelnemers by al die polisiestasies stem saam dat die polisiebeamptes in die GDS'e hulpvaardig teenoor die lede van die publiek is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (60%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 40% was nie tevrede met die speurders se dienste nie. Die meerderheid van die deelnemers in George (100%), Plettenbergbaai (81%) en Uniondale (63%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word. Die meerderheid van die deelnemers in Tembalethu (100%), Knysna (97%) and Kwanokuthula (71%) het aangedui dat hulle nie tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (69%) van deelnemers het aangedui dat hulle nie weet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 28% van deelnemers meen dat dit wel gebeur, en 20% meen dat hulle nie beskerm word nie. Die meerderheid van deelnemers in Albertinia (72%) het



aangedui dat hulle dink dat getuies van misdade beskerm word, terwyl die meerderheid van deelnemers in Calitzdorp meen dat hulle nie beskerm word nie. Die meerderheid van deelnemers in George (88%), Stilbaai (88%) en Thembalethu (86%) het aangedui dat hulle nie weet of getuies van misdade hoegenaamd beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van gemeenskapslede (67%) het getoon dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag Politiesigbaarheid in hul onderskeie areas sou verbeter. Die meerderheid van deelnemers in George (94%), Thembalethu (86%), Plettenbergbaai (76%) en Conville (74%) verlang meer polisiepatrollies bedags en snags.

Slegs 57% van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om politiesigbaarheid te verhoog. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 45% van deelnemers as 'n manier beskou om politiesigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in George (94%) en Plettenbergbaai (66%) het volledige implementering van sektorpolisiëring voorgestel om politiesigbaarheid te verhoog. Thembalethu (100%) en Knysna het egter nie met hierdie voorstel saamgestem nie.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (76%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 16% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, 1% gemeen het dat 15-20 minute aanvaarbaar is, en 8% dat 20-30 minute 'n aanvaarbare responstyd is. Die meerderheid van deelnemers by alle poliestasies het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om op misdaadsituasies te reageer.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (51%) het aangedui dat die GPF's insette in die stasieplanne lewer, terwyl 21% aangedui het dat hulle nie weet of daar insette in die stasieplanne is nie, en 28% meen dat dit nie gebeur nie. Die meerderheid respondente in Plettenbergbaai (93%), Thembalethu (86%) en Kwanokuthula (71%) het aangedui dat hulle insette in die stasieplanne lewer, terwyl in Conville die meerderheid (48%) aangedui het dat hulle nie weet of die GPF insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (51%) het aangedui dat die GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word, terwyl 28% aangedui het dat hulle nie insette lewer nie, en 21% dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word. Die meerderheid van deelnemers in Plettenbergbaai (93%) en Kwanokuthula (77%) het aangedui dat die GPF's wel insette lewer.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE GEORGE POLISIEKLUSTER

Deelnemers in **Conville** vra dat meer vaardige polisiebeamptes en dié wat hul lewens aan die gemeenskap wy by die poliestasie ontplooi word. Misdadigers word te maklik vrygelaat en borgtog toegestaan, en die Departement van Justisie moer die publiek opvoed oor die proses wat gevolg word. Daar moet meer polisiebeamptes, patrollies, sigbaarheid en stop-en-deursoek-aksies wees.

Onwettige sjebiens en dwelmafsetpunte moet gesluit word. Die deelnemers versoek dat onwettige burgers in die area wat jong meisies misbruik en teister weggejaag moet word. Die vestiging van satelliet polisiestasies sou help om misdaad in die area te bestry. Beter verhoudings tussen die SAPD en GPF's is aanbeveel.

In **George** het die deelnemers aangedui dat alle deelhebbers moet help met die bestryding van misdaad ten einde dienslewering te verbeter. Daar word vir polisievoertuie en patrollies gevra.

In areas soos **Danabaai** moet rondlopers wat by die winkels rondhang en mense vir geld treiter, verwyder word.

Deelnemers in Knysna het aangedui dat daar in Sedgefield 'n behoefte aan 'n permanente stasie met aanhoudingselle is. Beter opleiding van die SAPD m.b.t. die nuwe Wet op Jeuggeregtheid moet voorsien word. Weens die betrokkenheid van soveel polisiebeamptes by misdaad en magsmisbruik moet 'n poging aangewend word om die beeld van die polisie te verbeter. Polisie moet intimidering van verdagtes as hul operasionele tegniek staak.

Meer GPF-betrokkenheid by 'n hersiening van alle aspekte van polisiëring en beter prestasie word vir Knysna voorgestel. Reserviste moet benut word om dienslewering van GDS'e te verbeter. Meer vrywilligers vir dienslewering moet ontplooi en opgelei word. Mensehulpbronne moet geskikte kandidate vir telekom-operateurs soek. Reserviste moet volledig opgelei wees om wapens te hanteer om permanente lede te help.

Tydens die Minister van Gemeenskapsveiligheid se besoek in Knysna (Sedgefield) is die volgende kwessies aangeroe:

- T) Die probleem met die misdaadstatistiek; kapasiteit van die polisie – hulle kan nie net twee patrollievoertuie hê nie.
- U) Die kwessie of Sedgefield 'n volwaardige GPF moet word. Om misdaad te bestry, moet die gemeenskap nie gesteelde goedere koop nie. Probleem met polisie in Damse-Bos – 'n buurtwag is daar ingestel, en die polisie sê dat die buurtwag besig is om hul werk oor te neem.
- V) Daar is geen aanhoudingselle in Sedgefield nie. Wanneer aangehoudenes na Knysna vervoer word, is daar geen dienslewering vir die een en 'n half uur na Knysna en terug nie – die selle word dringend in Sedgefield benodig. Daar is kritiek dat Somali's geteister word wanneer hulle sake by die polisiestasie aanmeld. 'n Versoek dat die polisie Somali-tolke by die stasie gebruik.

In **KwaNokuthula** stel deelnemers voor dat die polisie betrokke raak en van dwelmandelaars en misdadigers ontslae raak. As hulle oortreders wil vang, word die polisie versoek om hul private motors te gebruik wanneer hulle patroleer. Na bewering is die toestand van die polisiestasie nie aanvaarbaar nie. Die polisie word versoek om te voet saam met vrywilligers uit die gemeenskap te patroleer, en nie slegs in voertuie nie. Daar word versoek dat 10111 vir die KwaNokuthula stasie hersien word, aangesien gemeenskapslede via die Plettenbergbaai stasie moet gaan.

'n Behoorlike polisiestasie met opgeleide polisiebeamptes moet vir die gemeenskapslede van KwaNokuthula gebou word.



Deelnemers in **Pacaltsdorp** het voorgestel dat meer polisiebeamptes, voertuie, die bou van 'n nuwe polisiestasie, en vinniger responstye na misdaadsituasies by die stasie geïmplementeer moet word. Daar word versoek dat die polisiebeamptes by die ontvangslessenaar vriendelik moet wees en die relevante taal van die gemeenskap moet praat, om die stasie meer op mense ingestel te maak. Die satelliet- en mobiele stasies moet heringestel word aangesien die polisiestasie ver van die gemeenskap is.

Weens die groot areas met inheemse bosse is dit noodsaaklik om 'n goeie polisiehond permanent in **Plettenbergbaai** aan te hou. Die aanbring van GBTV-kameras reg deur die area word versoek.

Tydens die Minister van Gemeenskapsveiligheid se besoek met deelhebbers in Plettenbergbaai is die volgende kwelpte geopper:

- PP) Middelemisbruik, wat algemeen in die Plettenbergbaai area is.
- QQ) Programme en befondsing, deur organisasies wat kan help, word vir die behandeling van verslawing benodig.
- RR) Daar is 'n probleem met misdaad by plaaslike skole, waar leerders mekaar met messe steek.
- SS) Die probleem van verkragting – waar die slagoffer vir bystand vanaf George vir die ondersoek moet wag.
- TT) Die polisiestasie is in 'n onbevredigende toestand, en polisiemoreel is na beweer word laag.
- UU) Die GPF wil die vrywillige buurtwaggroep opbou; hulle het hulp met die buurtwaguniforms nodig.
- VV) Vermoede van onheil met ondersoekprosesse waar die dwelmverkopers in die gemeenskap, en selfs aan die polisie bekend is, maar niks gedoen word om die probleem te bekamp nie.
- WW) Gebrek aan kennis en bewusmaking, deur die Departement van Justisie of die Regbank, van die borgtogproses

In **Thembaletu** glo die deelnemers dat die gemeenskapslede saam met die polisie moet werk is die stryd teen misdaad, deur hulle van geldige inligting m.b.t. onwettige aktiwiteite te voorsien. Polisie het ondersteuning met inligting nodig.

In **Uniondale** versoek die deelnemers dat die polisie die townships gereeld moet patrolleer om te verhoed dat mense misdade pleeg. Polisie en gemeenskap moet by mekaar staan om misdaad te beveg. Polisie-responstye na misdaadsituasies moet verbeter word deur meer polisiebeamptes oor naweke aan diens te ontplooi. Die polisie moet van meer hulpbronne soos rekenaars en faksmasjiene voorsien word om dienslewering te verbeter. Opleiding moet aan lede van die SAPD voorsien word om meer medelye met slagoffers te hê. Alle klagtes moet gelyk behandel word, en daar moet geen diskriminasie in terme van ras wees nie.

In **Kwa Nokuthula** het deelnemers aangedui dat doeltreffende polisiëring vereis dat alle rolspeleers en alle staatsdepartemente by die stryd teen misdaad betrokke moet wees.

4.8.3 OUDTSHOORN POLISIEKLUSTER

Die Oudtshoorn bestaan uit vyf polisieostasies naamlik dié van Calitzdorp, De Rust, Dysselsdorp, Ladismith and Oudtshoorn. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Oudtshoorn Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisieostasie	Prioriteit Misdaad 1	Prioriteit Misdaad 2	Prioriteit Misdaad 3	Prioriteit Misdaad 4	Prioriteit Misdaad 5
Calitzdorp	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Moord	Roof by sakepersele
De Rust	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Moord	Inbraak by wonings
Dysselsdorp	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Moord	Roof by sakepersele
Ladismith	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Roof by sakepersele
Oudtshoorn ⁵³	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Huishoudelike Geweld, Diefstal by wonings	Gewone diefstal

Die deelnemers in die Oudtshoorn kluster sien **aanranding ELB** as die top prioriteitsmisdaad in die polisiegebied, Dit blyk dat die Oudtshoorn polisiekluster deur kontakmisdaad en eiendomverwante misdade geaffekteer word. Dit is belangrik om daarop te let dat moord in De Rust, Dysselsdorp en Calitzdorp as 'n prioriteit geïdentifiseer is.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (67%) van deelnemers van die Oudtshoorn polisiekluster het gevoel dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 33% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. In De Rust (87%), Dysselsdorp (92%), Calitzdorp (89%), Oudtshoorn (80%), en Ladismith (75%) het deelnemers aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (54%) het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend benut word nie, en 46% van die deelnemers het aangedui dat die hulpbronne wel doeltreffend gebruik word.

Die meerderheid van deelnemers in Calitzdorp (77%) het aangedui dat hulpbronne doeltreffend gebruik word, terwyl die deelnemers in De Rust (77%) die teenoorgestelde aangedui het.

⁵³ Die Oudtshoorn polisiegebied sluit die Oudtshoorn SSG, Bongoletu en Bridgton polisieostasies in.



IV) GEMEENSAPDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (57%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het, terwyl 43% meen dat daar nie genoeg is nie. Die meerderheid van die deelnemers in De Rust (93%), Dysselsdorp (92%) en Calitzdorp (71%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is, terwyl in Ladismith (100%) en Oudtshoorn (73%) die teenoorgestelde aangedui is.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (75%) van deelnemers in die Oudtshoorn polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, en 25% het aangedui dat hulle nóg hoflik nóg hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemark het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van deelnemers in Ladismith (100%), De Rust (93%) en Calitzdorp (90%) het aangedui dat die polisiebeamptes in die GDS hoflik en hulpvaardig teenoor die publiek is. Stasies stem saam dat die polisiebeamptes in die GDS'e hulpvaardig teenoor die publiek is. Die meerderheid van deelnemers in Dysselsdorp (62%) het aangedui dat die polisiebeamptes by die GDS nóg hoflik nóg hulpvaardig teenoor die publiek is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (64%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 36% is nie tevrede met die speurders se dienste nie. Die meerderheid van die deelnemers in Dysselsdorp (100%), Ladismith (100%) en Calitzdorp (84%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word. In De Rust het die meerderheid van die deelnemers (77%) aangedui dat hulle nie tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (60%) van deelnemers het aangedui dat hulle nie weet of getuies van misdade deur die SAPD beskerm word nie, terwyl 30% van deelnemers meen dat dit wel gebeur, en 9% meen dat getuies van misdade nie beskerm word nie. Die meerderheid van deelnemers in De Rust (67%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdaad beskerm word. Die meerderheid van die deelnemers in Calitzdorp (81%) het aangedui dat hulle nie weet of getuies van misdaad beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van gemeenskapslede (66%) het getoon dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag Polisie sigbaarheid in hul onderskeie areas sou verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Ladismith (92%), Calitzdorp (90%) en Oudtshoorn (77%) verlang meer polisiepatrollies bedags en snags. Ses en vyftig persent (56%) van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisie sigbaarheid te verhoog.

Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 59% van deelnemers as 'n manier beskou om polisie sigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in De Rust (87%) en Calitzdorp (71%) het volledige implementering van sektorpolisiëring voorgestel om polisie sigbaarheid te verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (73%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polieresponstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 24% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, en 2% gemeen het dat 15-20 minute aanvaarbaar is. Die meerderheid van deelnemers by alle polisiestasies het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om op misdadaasituasies te repondeer, behalwe Dysselsdorp waar die meerderheid (83%) van deelnemers aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare polieresponstyd is.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (59%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasieplanne lewer nie, terwyl 28% aangedui het dat dit wel gebeur. Negentien persent (19%) lewer nie insette in die stasieplanne nie. Die meerderheid van die respondente in Calitzdorp het aangedui dat hulle nie weet of die GPF insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (51%) het aangedui dat die GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word, terwyl 34% aangedui het dat hulle nie insette lewer nie, en 15% dat hulle nie weet of GPF's enige insette moet lewer nie. Die meerderheid van deelnemers in Dysselsdorp (92%) and De Rust (77%) het aangedui dat die GPF's wel insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word, terwyl die meerderheid van die deelnemers in Calitzdorp nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE OUDTSHOORN POLISIEKLUSTER

In **De Rust** word meer polisiebeamptes sowel as die dienste van reserviste gevra. Polisiebeamptes word versoek om misbruik van polisievoertuie vir persoonlike gebruik te staak.

Deelnemers in **Dysselsdorp** glo dat die gemeenskap behoefte aan 'n groter polisiestasie het. Gemeenskapsvergaderings moet met gemeenskapslede gehou word om verhoudings te bou ten einde 'n beter samelewing te skep.

By **Calitzdorp** moet meer programme oor misdaad en polisiëring gehou word, en die polisie moet deur vergaderings meer betrokke by gemeenskapslede raak.

In **Ladismith** moet meer polisiebeamptes in diens geneem word.



4.9 ONTLEDING VAN DIE PBP'S VAN POLISIEKLUSTERS IN DIE OVERBERG DISTRIKSMUNISIPALITEIT

4.9.1 CALEDON POLISIEKLUSTER

Die Caledon polisiekluster bestaan uit die polisiestases van Caledon, Genadendal, Grabouw, Riviersonderend en Villiersdorp. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Caledon Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestase	Prioriteit Misdad: 1	Prioriteit Misdad: 2	Prioriteit Misdad: 3	Prioriteit Misdad: 4	Prioriteit Misdad: 5
Caledon	Aanranding ELB	Gesinsgeweld	Gesinsgeweld	Roof by woning	Inbraak by woning en Gewone diefstal
Genadendal	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding en moord	Inbraak by woning	Inbraak by woning en Gewone diefstal
Grabouw	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Inbraak by woning	Roof by wonings en Gewone diefstal
Riviersonderend	Aanranding ELB en Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Diefstal uit 'n motorvoertuig en Veediefstal	Inbraak by 'n woning en BEDROG
Villiersdorp	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Moord	Moord en Gewone roof en Kaping	Inbraak by 'n woning

Die deelnemers van die Caledon kluster beskou **aanranding ELB** en **seksuele misdrywe** as die topprioriteitsmisdade. Oor die algemeen word die Caledon polisiekluster gesien as hoofsaaklik gemoeid met kontakmisdad soos seksuele misdrywe, gesinsgeweld en eiendomverwante misdade. Dit is belangrik om daarop te let dat Villiersdorp moord as 'n top prioriteitsmisdad beskou. Genadendal was as een van die twaalf xenofobiese brandpunte⁵⁴ in die provinsie geïdentifiseer, hoewel die deelnemers nie xenofobie as 'n top prioriteitsmisdad geïdentifiseer het nie.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (58%) van deelnemers van die Caledon polisiekluster het gevoel dat die polisiehulpbronne geskik is om misdad in die gemeenskap die hoof te bied, terwyl 42% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne nie geskik is nie. Die meerderheid van deelnemers in Villiersdorp (86%), Riviersonderend (83%) en Caledon (75%) het aangedui dat hul hulpbronne geskik is om misdad in hul areas die hoof te bied.

Die areas waar die meerderheid van deelnemers aangedui het dat hulpbronne nie geskik is nie, is Grabouw (78%) en Genadendal (63%).

TTT) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 6 Julie 2010 ongepubliseer

II) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (66%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffend benut word, terwyl 34% van die deelnemers aangedui het dat die polisiehulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Die meerderheid van deelnemers in Riviersonderend (83%), Caledon (75%) en Genadendal (71%) het aangedui dat hulpbronne doeltreffend gebruik word, terwyl die deelnemers in Grabouw (57%) die teenoorgestelde aangedui het.

III) GEMEENSKAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (61%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, en 39% meen dat daar genoeg polisiebeamptes in die GDS is. Die meerderheid van deelnemers in Caledon (63%) en Genadendal (56%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is. Die meerderheid in Riviersonderend (100%) en Villiersdorp (88%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat by die GDS help nie.

(A) POLISIE-OPTREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (85%) van deelnemers in die Caledon polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, terwyl 15% het aangedui het dat hulle nóg hoflik nóg hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van die deelnemers by al die polisiestasies stem saam dat die polisiebeamptes in die GDS'e hulpvaardig teenoor die lede van die publiek is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (55%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 45% was nie tevrede met die speurders se dienste nie. Die meerderheid van die deelnemers in Genadendal (78%), Villiersdorp (75%) en Grabouw (60%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, terwyl in Riviersonderend al die deelnemers (100%) aangedui het dat hulle nie tevrede is met die speurders se dienste nie.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (55%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 32% meen dat dit nie gebeur nie, en 28% meen dat getuies wel beskerm word. Die meeste deelnemers in Genadendal (56%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdade beskerm word. Die meerderheid van die deelnemers in Riviersonderend het aangedui dat hulle nie weet of getuies hoegenaamd beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (67%) het getoon dat meer polisiepatrollies gedurende die dag en nag polisiesigbaarheid sou verbeter. Al die deelnemers in Riviersonderend (100%), 80% in Grabouw en 78% in Genadendal het vir meer polisiepatrollies bedags en snags gevra. Ses en vyftig persent (56%) van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisiesigbaarheid te verhoog. Die meerderheid van deelnemers in Riviersonderend (100%) en Grabouw (80%)



het aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies onderneem moet word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 38% van deelnemers as 'n manier beskou om polisie sigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Riviersonderend (100%) en Grabouw (60%) het volledige implementering van sektorpolisiëring voorgestel om polisie sigbaarheid te verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (70%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 18% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, en 5% gemeen het dat 15-20 minute aanvaarbaar is. Drie persent (3%) van deelnemers het aangedui dat dit aanvaarbaar is vir die polisie om binne 20-30 minute te respondeer, en 5% het aangedui dat 30-40 minute 'n aanvaarbare responstyd na misdadaasituasies is. Die meerderheid van deelnemers in Riviersonderend (100%), Grabouw (90%) en Villiersdorp (75%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om op misdadaasituasies te respondeer.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIE STASIEPLANNE

Toe hulle gevra is of GPF's insette tot die stasieplanne lewer, was die respons soos volg: 57% van deelnemers het aangedui dat hulle nie weet nie, 24% dat hulle wel insette in die stasieplanne lewer, terwyl 19% aangedui het dat hulle nie insette in die stasieplanne lewer nie. Die meerderheid van deelnemers in Caledon (86%) het aangedui dat hulle wel insette in die stasieplanne lewer, terwyl in Riviersonderend 100% aangedui het dat die GPF geen insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (56%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 36% aangedui het dat hulle wel insette lewer, en 8% dat hulle nie insette lewer nie. Die meerderheid van deelnemers in Riviersonderend (100%) en Doringbaai (86%) het aangedui dat die GPF's wel insette lewer.

In Genadendal het al die respondente en in Villiersdorp het 86% aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE CALEDON POLISIEKLUSTER

Oor die hele **Caledon** kluster heen was daar 'n oproep om meer doeltreffende kommunikasie tussen die polisiebeamptes en die gemeenskap. Deelnemers van die Caledon stasie het gerapporteer dat hoewel polisie sigbaarheid taamlik hoog is, hulle teleurgesteld is met die polisie se vermoë om met die gemeenskap te werk. Hulle noem taalhindernisse en onnodige hardhandige optredes tydens arrestasies as moontlike redes vir die breuk in die verhouding tussen die gemeenskap en die polisiebeamptes.

In **Genadendal** is die inwoners veral begaan oor die misbruik van onwettige dwelms. Hulle rapporteer dat die jongmense hierdie gedrag aan die dag lê tot die nadeel van die gemeenskap. Een van die voorstelle was om die aantal polisievoertuie te vermeerder.

Die deelnemers in **Grabouw** het hul frustrasie uitgespreek oor die verwaarloosde toestand van die polisievoertuie in die area. Hulle het ook die behoefte genoem aan opvolgwerk nadat 'n misdaad gerapporteer is.

Hulle meen dat die getuiebeskermingsprogram, die sluit van gerapporteerde onwettige sjebiens, en die uitroei van bekende misdadaentrums meer doeltreffend gehanteer moet word.

Die gemeenskapslede van **Riviersonderend** rapporteer dat hulle 'n besonder groot probleem het met dwelm- en alkoholmisbruik. Hulle meen verder dat die tekort aan personeel die polisie se vermoë beperk om misdaad doeltreffend en doelmatig die hoof te bied. Hulle stel voor dat meer gekwalifiseerde polisiebeamptes en speurders in diens geneem word.

Deelnemers van die **Villiersdorp** area stem saam met die res van die kluster dat dwelmmisbruik 'n groot probleem is en dat dit dus die aantal misdade vermeerder wat in hul area plaasvind. Hulle meen dat terwyl die polisie taamlik sigbaar was, hul samewerking met, en beskerming van getuies van misdaad afwesig was. Hulle was ook die enigste area wat 'n probleem met die polisiëring van informele nedersettings genoem het.

4.9.2 HERMANUS POLISIEKLUSTER

Die Hermanus polisiekluster bestaan uit sewe polisiestasies. Bredasdorp, Gansbaai, Hermanus, Kleinmond, Napier, Stanford en Struisbaai. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Hermanus Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestasie	Prioriteit Misdaad: 1	Prioriteit Misdaad: 2	Prioriteit Misdaad: 3	Prioriteit Misdaad: 4	Prioriteit Misdaad: 5
Bredasdorp	Aanranding ELB, Gewone aanranding	Gewone roof	Gesinsgeweld	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning
Gansbaai	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Inbraak by woning	Inbraak by woning	Inbraak by woning en Gewone diefstal VEEDIEFSTAL
Hermanus	Aanranding ELB, Seksuele misdrywe	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Kleinmond	Aanranding ELB	Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Napier	Aanranding ELB	Gesinsgeweld	Gewone roof	Inbraak by woning	VEEDIEFSTAL
Stanford	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Roof by woning
Struisbaai	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Inbraak by woning



Die deelnemers in die Hermanus kluster sien **aanranding ELB, inbraak by wonings en diefstal uit 'n motorvoertuig** as die top prioriteitsmisdade in hul onderskeie polisiestasiereas. Dit blyk dat die Hermanus kluster deur kontakmisdaad en eiendomverwante misdade geaffekteer word. In Stanford en Napier word seksuele misdrywe en gesinsgeweld onderskeidelik as twee van die prioriteitsmisdade beskou.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (76%) van deelnemers van die Hermanus polisiekluster het gevoel dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 24% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die meerderheid van deelnemers in Bredasdorp (100%), Kleinmond (100%), Napier (100%) en Struisbaai (71%) het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied nie. Die area waar die meerderheid (63%) van deelnemers aangedui het dat hulpbronne geskik is, is Stanford.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (57%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffend benut word, terwyl 43% van die deelnemers voel dat die hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Die meerderheid van deelnemers in Stanford (100%), Kleinmond (91%) en Gansbaai (75%) het aangedui dat hulpbronne doeltreffend gebruik word, terwyl die deelnemers in Napier (100%) en Bredasdorp (67%) die teenoorgestelde aangedui het.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (51%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het nie, en 49% meen dat daar genoeg polisiebeamptes in die GDS is. Die meerderheid van deelnemers in Bredasdorp (87%) and Struisbaai (78%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is. Die meerderheid in Napier (100%), Gansbaai (78%) and Kleinmond (70%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat by die GDS help nie.

(A) POLISIE-OPPREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (71%) van deelnemers in die Hermanus polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, terwyl 29% die teenoorgestelde aangedui het. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van deelnemers by al die polisiestasies het aangedui dat die polisiebeamptes in die GDS hulpvaardig teenoor die publiek is, behalwe vir Napier waar al die deelnemers aangedui het dat polisiebeamptes nóg hoflik nóg hulpvaardig is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (63%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 37% is nie tevrede met die speurders se dienste nie. Die meerderheid van deelnemers in Napier (100%), Stanford (100%), Hermanus (88%) en Kleinmond (70%) het aangedui dat hulle tevrede is, en in Bredasdorp het al die deelnemers (100%) hul ontevredeheid te kenne gegee.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid van deelnemers (55%) het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 32% meen dat getuies nie beskerm word nie, en 28% meen dat dit wel gebeur. Die meerderheid van deelnemers in Genadendal (56%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdade beskerm word. Die meerderheid van die deelnemers in Riviersonderend (100%) het aangedui dat hulle nie weet of getuies beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Oor die kwessie van polisie sigbaarheid het die meeste van die respondente (75%) aangedui dat daar by al die polisiestasies 'n behoefte is vir meer patrollies bedags en snags. Agt en vyftig persent (58%) van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisie sigbaarheid te verhoog. In Bredasdorp (100%), Napier (100%) en Kleinmond (92%) het die meerderheid van die deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer behoort te word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 63% van deelnemers as 'n manier beskou om polisie sigbaarheid te verbeter.

Die meerderheid van deelnemers in Bredasdorp (100%) en Napier (89%) het volledige implementering van sektorpolisiëring voorgestel om ook polisie sigbaarheid te verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (75%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 14% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, en 11% gemeen het dat 15-20 minute aanvaarbaar is. Al die deelnemers in Bredasdorp, Napier en Stanford sowel as 83% in Kleinmond het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdaadsituasies op te tree.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIE STASIE PLANNE

Die meerderheid van deelnemers (68%) het aangedui dat die GPF's insette in die stasie planne lewer, terwyl 28% aangedui het dat hulle geen idee het of daar insette in die stasie planne is nie, en 5% meen dat dit nie gebeur nie. Die meerderheid respondente in Stanford (100%), Bredasdorp (93%) and Gansbaai (88%) het aangedui dat hulle insette in die stasie planne lewer, terwyl in Napier die meerderheid (89%) aangedui het dat hulle nie weet of die GPF insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (72%) het aangedui dat die GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word, terwyl 24% aangedui het dat hulle nie weet nie, en 4% dat hulle nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word nie. Die meerderheid van deelnemers in Bredasdorp (100%), Gansbaai (89%), Stanford (89%) and Kleinmond (82%) het aangedui dat die GPF's wel insette lewer. Die meerderheid van deelnemers in Napier (100%) en Struisbaai (63%) het aangedui dat hulle nie weet of die GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne deur die polisie in hul areas toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE HERMANUS POLISIE KLUSTER

Deelnemers in **Bredasdorp** meen dat misdaad gebruik 'n sleutelkwessie is wat die hoof gebied moet word. Hulle meen dat hul area te groot is vir die polisie om misdaad voldoende te beheer,



en dat dit dikwels baie moeilik is om hulle te kontak weens die tekort aan kommunikasie-hulpbronne. Oor die algemeen was daar teleurstelling oor die deeglikheid waarmee die polisiebeamptes gerapporteerde misdade opgevolg het.

By **Gansbaai** het deelnemers genoem dat daar 'n probleem is met rondlopers met misdadige neigings in hul area. Hulle meen dat met meer kommunikasie en inligting oor polisie-aktiwiteite baie van die misdaad wat ervaar word, sal afneem. Hulle noem Pearly Beach as 'n area waar polisesigbaarheid en -doeltreffendheid besonder ontoereikend is. Hoewel hulle tevrede is met die vlak van samewerking tussen die GPF's en die polisie, meen hulle dat meer polisiepersoneel 'n bate sou wees.

In **Hermanus** het deelnemers geïdentifiseer dat polisesigbaarheid onaanvaarbaar laag is, en genoem dat daar slegs een polisievoertuig was om die groot Zwelihle nedersetting te patroleer, wat hopeloos onvoldoende is. Een voorstel was om die buurtwag van koëlvaste baadjies te voorsien ten einde gemeenskapsdeelname aan misdaadvoorkoming te bevorder.

Deelnemers in **Kleinmond** het genoem dat stropery en 'n gedrentel kommerwekkende areas is wat nie in die vraelys genoem word nie. Hulle meen dat die tekort aan polisieversadiging (een polisiebeampte vir 'n groot landelike area) aanleiding tot 'n toename in 'n misdadige rondlopergemeenskap gegee het. Hulle voel dat meer personeel sowel as beter kommunikasie met gemeenskapslede sou help om misdaad in hul area beter te verhoed.

Inwoners in die **Napier** area noem inbraak en bedrognisdade teen bejaardes as kommerwekkend in hul area. Hulle meen ook dat daar nie genoeg polisievoertuie is nie, en dit word gekompliseer deur die feit dat die polisiestasie so ver is van waar inwoners woon. Hulle noem Plakkerskamp as 'n area met besonder lae polisesigbaarheid. Hulle is begaan oor die gebrek aan betrokkenheid deur die GPF's, en rapporteer dat gemeenskapsvergaderings selde gehou word. Hulle meen dat groter samewerking met die gemeenskap d.m.v. inligtingvergaderings die situasie sou verbeter. Inwoners is tevrede met die vlak van beskerming wat getuies in strafsake ontvang.

In **Stanford** is rusversteuring, afsetpunte vir onwettige middele, en winkeldiefstal veral kommerwekkend. Hoewel hulle redelik tevrede met responstye is, wil gemeenskapslede meer polisiepatrollies hê. Hulle meen ook dat daar nie genoeg ras- en kultuurdiversiteit in die polisiepersoneel is nie.

Hulle noem die geringe taalkapasiteit as veral problematies. Hulle sien in die Compound area 'n behoefte aan meer polisiëring.

Hoewel die gemeenskapslede van **Struisbaai** tevrede met die polisediens as 'n geheel is, sou hulle meer en beter benutte polisievoertuie wou sien.

Suidgastrand word genoem as 'n probleemarea waar polisie-teenwoordigheid verhoog moet word.

Hulle meen dat daar meer aandag aan die reputasie van die polisie in die gemeenskap gegee moet word.

BB) ONTLEDING VAN DIE PBP's VAN POLISIEKLUSTERS IN DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

4.10.1 VREDENDAL POLISIEKLUSTER

Die Vredendal polisiekluster bestaan uit elf polisiestasies, naamlik dié van Citrusdal, Clanwilliam, Doringbaai, Elandsbaai, Graafwater, Klawer, Lambertsbaai, Lutzville, Nuwerus, Vanrhynsdorp en Vredendal.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

TABEL 39: VREDENDAL KLUSTER PBP's DEUR GEMEENSAP GEÏDENTIFISEER					
Polisiestasie	Prioriteit Misdad: 1	Prioriteit Misdad: 2	Prioriteit Misdad: 3	Prioriteit Misdad: 4	Prioriteit Misdad: 5
Citrusdal	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Inbraak by .
Clanwilliam	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe Diefstal uit 'n motorvoertuig	Inbraak by woning	Inbraak by .	Bedrog, Veediefstal Gewone diefstal
Doringbaai	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Vigilantisme
Elandsbaai	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld Gewone aanranding	Gewone roof	Vigilantisme
Graafwater	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Inbraak by woning	VEEDIEFSTAL
Klawer	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld, en Inbraak by woning	Gewone diefstal	Vigilantisme
Lambertsbaai	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Geen
Lutzville	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Diefstal uit motor- Voertuie	Gewone diefstal	Vigilantisme
Nuwerus	Aanranding ELB Gewone aanranding	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Gewone diefstal	VEEDIEFSTAL
Vanrhynsdorp	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by sakeperseel	Gewone diefstal	Vigilantisme
Vredendal	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Gewone diefstal	Dwelmverwante misdad

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdad vir die Vredendal kluster 'n verskeidenheid misdade oor die verskillende areas heen is. **Gewone roof, gesinsgeweld, gewone aanranding, aanranding ELB, en diefstal van 'n motorvoertuig** is as die nommer een misdadprioriteite in die verskillende areas gerapporteer.



II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (67%) van deelnemers van die Vredendal polisiekluster het gevoel dat die polisiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 33% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is. Die meeste van die respondente in Doringbaai (100%), Klawer (100%), Lutzville (90%), Van Rhynsdorp (88%) en Clanwilliam (70%) het aangedui dat hul hulpbronne nie geskik is nie, terwyl in Lambertsbaai (64%) and Nuwerus (63%) deelnemers aangedui het dat hulpbronne geskik is.

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (71%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffend benut word, en 29% van die deelnemers het aangedui dat die hulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Die meerderheid van deelnemers in Doringbaai (100%), Klawer (100%), Lambertsbaai (100%), Graafwater (75%), Nuwerus (75%) en Van Rhynsdorp (75%) het gemeen dat die hulpbronne doeltreffend benut word, terwyl deelnemers in Citrusdal (100%) en Elandsbaai (75%) aangedui het dat dit nie die geval is nie.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (50%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes was wat mense in die GDS gehelp het, en die ander helfte (50%) meen dat daar nie genoeg polisiebeamptes in die GDS is nie. Die meerderheid van deelnemers in Doringbaai (100%) and Lambertsbaai (73%) het aangedui dat daar genoeg polisiebeamptes by die GDS'e is. Die meerderheid in Citrusdal (71%) het aangedui dat daar nie genoeg polisiebeamptes is wat by die GDS help nie.

(A) POLISIE-OPPREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (94%) van deelnemers in die Vredendal polisiekluster het aangedui dat die polisiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, en 6% het nie saamgestem nie.. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemark het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polisdienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polisie en die publiek. Die meerderheid van die deelnemers by al die polisiestasies stem saam dat die polisiebeamptes in die GDS'e hulpvaardig teenoor die lede van die publiek is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (88%) het aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 12% is nie tevrede nie. Die meerderheid van die deelnemers in Doringbaai (100%), Klawer (100%), Lambertsbaai (100%), Clanwilliam (91%), Graafwater (91%), Vredendal (89%) en Nuwerus (88%)(67%) het almal aangedui dat hulle tevrede is met die dienste wat deur die speurders gelewer word. In Citrusdal (60%) was meer as die helfte van die respondente tevrede.

VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (47%) van deelnemers het nie geweet of getuies van misdade beskerm word nie, terwyl 40% meen dat dit wel gebeur, en 13% meen dat getuies nie beskerm word nie. Die meerderheid van deelnemers in Doringbaai (100%) en Vanrhynsdorp (88%) het aangedui dat hulle dink dat getuies van misdade beskerm word, terwyl die meerderheid van deelnemers in Nuwerus (86%) and Citrusdal (75%) aangedui het dat hulle niks daarvan weet nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (65%) het aangedui dat meer patrollies bedags, en 56% bedags en snags uitgevoer moet word. Die meeste van die deelnemers in Doringbaai (100%), Lambertsbaai (91%) en Graafwater (75%) het meer patrollies bedags, en in Lambertsbaai (82%) and Lutzville (80%) bedags en snags versoek.

Meer stop-en-deursoek-aksies sou volgens 49% nuttig wees om polisiesigbaarheid te verhoog. In Van Rhynsdorp (100%), Lutzville (90%), Klawer (78%) and Vredendal (67%) het die meerderheid van die deelnemers aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies uitgevoer behoort te word. Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 53% as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter, wat ook die geval vir Lutzville (70%) and Klawer (67%) was.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (74%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 11% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, en 7% gemeen het dat 15-20 minute aanvaarbaar is. Sese persent (6%) van deelnemers het aangedui dat dit aanvaarbaar is vir die polisie om binne 30-60 minute te respondeer. Die meerderheid van deelnemers by alle polisiestasies het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om op misdaadsituasies te respondeer, behalwe **Nuwerus** waar die meerderheid (71%) van deelnemers aangedui het dat 30-60 minute 'n aanvaarbare polisie-responstyd is.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die helfte van die deelnemers het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette in die stasieplanne lewer nie, terwyl 46% aangedui het dat dit wel gebeur, en 4% dat daar geen insette in die stasieplanne is nie. Die meerderheid respondente in Doringbaai (86%) and Lutzville (80%) het aangedui dat hulle insette in die stasieplanne lewer, terwyl in Vredendal (78%) and Graafwater (67%) die meerderheid aangedui het dat hulle nie weet of die GPF insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (45%) het aangedui dat hulle nie weet of GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie, terwyl 43% aangedui het dat hulle wel insette lewer, en 12% dat hulle nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word nie. Die meerderheid van deelnemers in Lutzville (90%), Doringbaai (86%) en Vanrhynsdorp (71%) het aangedui dat die GPF's wel insette lewer.



X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE VREDENDAL POLISIEKLUSTER

In **Citrusdal** is aanbeveel dat beamptes meer toegewyd moet wees en dat hulpbronne met meer respek gebruik moet word. Daar is genoem dat party lede van die gemeenskap dink dat die polisie korrup mag wees. Lede meen dat daar te weinig polisie teenwoordigheid op plase, by die stortingsterrein en plakkerskampe/ benadeelde areas is, asook op die Hexrivier brug buite die dorp.

Daar was 'n klagte dat die polisie gladnie sigbaar is nie. Etlike mense het aangedui dat meer polisiebeamptes by hul stasies in diens geneem moet word, en dat vertroulikheid ernstig opgeneem moet word. Daar is ook genoem dat die polisie soms nie op 'n oproep kan respondeer nie, en dat 'n tekort aan polisievoertuie as die rede aangegee word.

In **Clanwilliam** het deelnemers gemeen dat dienslewering verbeter moet word. Een dikwels herhaalde opmerking was dat, wat dit betref, taal 'n hindernis is en dat meer toerekenbare, toegewyde en opgeleide personeel sowel as beter bestuur nodig was. Daar is ook genoem dat "onopgevoede" polisie volgens regsvoorskrifte geëvalueer moet word, wat weereens laat blyk dat beter opleiding nodig is. Daar is gemeen dat die moreel van beamptes deur beter ondervraging en berading verhoog kan word. Daar word ook gemeen dat die deel van inligting deur die polisie met die publiek 'n probleemarea is. Meer polisie sigbaarheid is by sportvelde, skole, plase en sakegebiede gevra. Daar is ook geopper dat daar te min polisiebeamptes en polisievoertuie beskikbaar is, maar daar is voorgestel dat ander departemente, waar hulle kan, die SAPD met hul werkklas help.

By **Doringbaai** is aangedui dat daar 'n tekort aan personeel en hulpbronne is. Om polisie toerekenbaarheid te verbeter, is voorgestel dat daar groter openheid tussen die polisie en die gemeenskap moet wees.

Elandsbaai het gemeen dat meer polisie sigbaarheid op plase, die Gereeld karavaanpark, en vakansiehuse sowel as landelike areas nodig is. Daar is voorgestel dat die polisie die gemeenskapsareas meer dikwels moet patrolleer om 'n gevoel te kry vir wat aan die gang is, en wat kan gebeur. Dit sou hulle ook help wanneer hulle iets verkeerd sien. Om dienslewering te verbeter, is voorgestel dat beter polisiegeriewe nodig is, en dat die polisie sake vinniger en meer doeltreffend moet afhandel. Daar is meer polisie nodig, die stasie is in 'n benarde toestand, en mense meld dat hulle geen privaatheid geniet nie. Daar word ook om beter kommunikasie met die gemeenskap gevra, en daar word beweer dat sommige polisiebeamptes misdade oor die hoof sien omdat hulle omgekoop word, en dat die publiek nie die polisie vertrou nie. Die polisie moet aanspreeklik wees en die respek van die gemeenskap verkry eerder as om kragdadig te wees. 4X4-voertuie is nodig vir toegang tot die strand.

Graafwater het voorgestel dat daar meer polisie aan diens moet wees, en dat die polisie meer betrokke by die daaglikse bedryf van die poliestasie moet wees. Meer polisie sigbaarheid is op die plase en omliggende areas nodig. Daar is genoem dat beter opleiding beter dienslewering moontlik sal maak, maar daar is ook gemeld dat van die gemeenskapslede tevrede is met die polisie se prestasie.

By **Klawer** het deelnemers voorgestel dat meer polisiebeamptes by hul stasie nodig is, en dat daar 'n behoefte aan beter leierskap is. Die implementering van 'n buurtwag is ook genoem as 'n nuttige maatreël, en dat die gemeenskap met die polisie saam moet werk. Op die N7 nasionale pad, plase, en areas waar toeriste reis, is meer polisiesigbaarheid nodig. Daar is gemeld dat die area wat die polisiestasie dek te groot is, en dat meer plek-spesifieke voertuie nodig is.

Lambertsbaai-deelnemers het genoem dat hulle meer beamptes nodig het, en dat taal en kommunikasie met die publiek probleme is. Daar is voorgestel dat die polisie, soos ander wetstoepassers, met die gemeenskap saam moet werk, dat hulle meer padblokkades moet opstel, meer sigbaar moet wees, en dat hulle nie altyd moet wag totdat inwoners kla voordat hulle misdaad die hoof bied nie. Een misdaad wat aandag moet kry, is kreefsmokkel. Meer polisie moet die hawe patrolleer, asook Harmony Park, openbare areas en die sakesentrum.

Lutzville se kommunikasietekortkominge wat deur taalgrense veroorsaak word, is as 'n probleem ervaar, en so ook 'n tekort aan personeel en toerusting. Daar moet meer samewerking en kommunikasie tussen die polisie en die gemeenskap wees. Meer sigbaarheid op plase is nodig, en Ebenezer, Koekenaap, Lutzville, Lutzville-Wes, Uitkyk, en hulle moet meer padblokkades opstel. Meer voertuie, polisiebeamptes en toerusting, vir vinniger response na noodsituasies is nodig. Die area wat die polisiestasie dek, word as te groot beskou.

Nuwerus-deelnemers het 'n tekort aan personeel genoem. Daar is dikwels genoem dat Kliprand polisiesigbaarheid oor naweke, en veral op Saterdag benodig. Samewerking tussen die publiek en die polisie is voorgestel as 'n manier om polisie-aanspreeklikheid te verhoog. Afstand na die polisiestasie is weer as 'n probleem beskou.

Die deelnemers by **Vanrhynsdorp** het aangedui dat meer lesseraaraktiwiteit nodig is. Daar is voorgestel dat die polisie beter aansporing nodig het. Polisie moet kleinmisdaad wat hulle in die strate sien, hokslaan en met hul voorbeeld leiding gee. Daar is aangedui dat die sektorpolisiestasie in Hopland en Maskamsig nie behoorlik funksioneer nie, en ook dat sektor 3-areas meer polisiesigbaarheid benodig. Daar is voorgestel dat dit vir polisie in hierdie area nodig is om beter te kommunikeer, en om dwelmverwante misdaad en dwelmsmokkelary te bekamp.

By **Vredendal** is voorgestel dat beter polisie-kommunikasie, taalprobleme, en vriendelikheid deur die polisie aandag nodig het. Daar is meer polisiesigbaarheid op plase, Sektor 1, en Vredendal Noord nodig, sowel as in die sentrale sakegebied oor naweke.



4.10.2 VREDENBURG POLISIEKLUSTER

Die Vredenburg polisiekluster bestaan uit 11 polisiestasies, naamlik dié van Darling, Eendekuil, Hopefield, Laaiplek, Langebaan, Moorreesburg, Piketberg, Redelinghuys, Saldanha, St Helenabaai and Vredenburg. Alle GPF's het aan die PBP-oorsig deelgeneem.

I) TOPPRIORITEITSMISDADE

Vredenburg Kluster Gemeenskapsgeïdentifiseerde PBP's (gemeenskapspersepsies)					
Polisiestase	Prioriteit Misdaad: 1	Prioriteit Misdaad: 2	Prioriteit Misdaad: 3	Prioriteit Misdaad: 4	Prioriteit Misdaad: 5
Darling	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe en moord	Gewone aanranding	Inbraak by Woning	Veediefstal
Eendekuil	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Moord en Gesinsgeweld	Gewapende roof Veediefstal
Hopefield	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gewone aanranding	Inbraak en Roof by woning	Inbraak by sakeperseel
Laaiplek	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Langebaan	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Inbraak by sakepersele	Gewone diefstal
Moorreesburg	Aanranding ELB	Gewone aanranding en gesinsgeweld geweld	Huishoudelike geweld Gewone roof	Moord en Inbraak by woning	Gewone diefstal
Piketberg	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Gewone diefstal
Redelinghuys	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe en Gewone aanranding	Gewone aanranding en gesinsgeweld geweld	Gesinsgeweld	Inbraak by woning
Saldanha	Aanranding ELB	Gewone aanranding en gesinsgeweld geweld	Diefstal uit motor- Voertuie	Inbraak by woning	Inbraak by en Gewone diefstal
St Helenabaai	Aanranding ELB	Gewone aanranding	Inbraak by woning	Inbraak by	Gewone diefstal
Vredenburg	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe en moord	Diefstal uit motor-voertuie en Gesinsgeweld	Inbraak by woning	Roof by 'n wonings en Gewone diefstal en Bedrog

Die bevindinge van die oorsig toon dat die nommer een prioriteitsmisdaad vir die Vredenburg kluster **aanranding ELB** is.

II) GESKIKTHEID VAN HULPBRONNE OM MISDAAD IN GEMEENSAPPE DIE HOOF TE BIED

Die meerderheid (57%) van deelnemers van die Vredenburg polisiekluster het gevoel dat die polsiehulpbronne nie geskik is om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied nie, terwyl 43% van deelnemers meen dat hierdie hulpbronne geskik is.

Al die deelnemers in Darling (100%) het aangedui dat hul hulpbronne geskik is om misdaad in hul areas die hoof te bied. Die areas waar die meerderheid van deelnemers aangedui het dat die hulpbronne nie geskik is nie, is Saldanha (90%), Laaiplek (88%) and Langebaan (75%).

III) BENUTTING VAN HULPBRONNE

Die meerderheid van die deelnemers (68%) het aangedui dat die hulpbronne doeltreffend benut word, en 32% van die deelnemers het aangedui dat die polsiehulpbronne nie doeltreffend gebruik word nie. Die meerderheid van deelnemers in Redelinghuys (100%), Hopefield (90%), St Helena Bay (89%) en Laaiplek (88%) het aangedui dat hulpbronne doeltreffend gebruik word, terwyl die deelnemers in Piketberg (67%) and Langebaan (63%) die teenoorgestelde aangedui het.

IV) GEMEENSAPSDIENSSENTRUM

Die meerderheid van deelnemers (51%) het aangedui dat daar nie genoeg polsiebeamptes is wat mense in die GDS help het, en 49% meen dat daar genoeg polsiebeamptes in die GDS is. Die meerderheid van die deelnemers in Langebaan (100%) and Redelinghuys (83%) het aangedui dat daar genoeg polsiebeamptes by die GDS is, terwyl die meerderheid van deelnemers in Hopefield (100%) and Laaiplek (88%) aangedui het dat daar nie genoeg polsiebeamptes is wat in die GDS'e help nie.

(A) POLISIE-OPPREDE BY DIE GDS

Die meerderheid (82%) van deelnemers in die Vredenburg polisiekluster het aangedui dat die polsiebeamptes wat in die GDS werk hoflik en hulpvaardig is, terwyl 18% aangedui het dat hulle nóg hoflik nóg hulpvaardig is. Dit ondanks die feit dat hulle 'n tekort aan sowel personeel as ander hulpbronne bemerk het. Hierdie is 'n belangrike statistiek wanneer die wyse in ag geneem word waarop polsiedienste aan die publiek gelewer word, en by die skep van 'n vertrouensverhouding tussen die polsie en die publiek.

Die meerderheid van deelnemers by al die polsiestasies het aangedui dat die polsiebeamptes in die GDS hulpvaardig teenoor die publiek is, behalwe vir Piketberg waar die meerderheid (78%) van die deelnemers aangedui het dat polsiebeamptes nóg hoflik nóg hulpvaardig is.

V) DIENSTE DEUR DIE SPEURERS GELEWER

Die meerderheid van die deelnemers (67%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word, en 33% was nie tevrede met die speurders se dienste nie. Die meerderheid van die deelnemers in Redelinghuys (100%), St Helenabaai (100%), Hopefield (90%) en Darling (80%) het aangedui dat hulle tevrede was met die dienste wat deur die speurders gelewer word. In Laaiplek (83%), Piketberg (78%) en Langebaan (75%) was deelnemers nie tevrede nie.



VI) GETUIEBESKERMINGSPROGRAM

Die meerderheid (52%) van deelnemers meen dat getuies van misdade beskerm word, terwyl 32% van deelnemers aangedui het dat hulle nie weet of getuies van misdade nie beskerm word nie, en 17% meen dat dit nie gebeur nie.

Dit was die geval vir deelnemers in Laaiplek (100%) en St Helenabaai (80%) wat aangedui het dat hulle dink dat getuies van misdaad beskerm word, en die meerderheid van deelnemers in Piketberg (56%) wat voel dat getuies hoegenaamd nie beskerm word nie.

VII) POLISIESIGBAARHEID

Die meerderheid van die deelnemers (65%) het aangedui dat meer patrollies bedags en snags uitgevoer moet word. Dit was die geval vir Laaiplek (100%), Vredenburg (100%), Darling (80%) and Hopefield (80%). Vier en vyftig persent (54%) van deelnemers het gemeen dat meer stop-en-deursoek-aksies nuttig sou wees om polisiesigbaarheid te verhoog.

Die meerderheid van deelnemers in Laaiplek (100%), Langebaan (78%) en Eendekuil (75%) het so gedink.

Volle implementering van sektorpolisiëring is deur 50% van deelnemers as 'n manier beskou om polisiesigbaarheid te verbeter. Die meerderheid van deelnemers in Hopefield (100%) and Laaiplek (100%) het volledige implementering van sektorpolisiëring voorgestel om polisiesigbaarheid te verhoog.

VIII) RESPONSTYD VAN POLISIE NA 'N NOODGEVAL

Die meerderheid (61%) van gemeenskapslede het 5-10 minute as 'n geskikte polisie-responstyd aangedui om in 'n noodgeval bystand te verleen, terwyl 28% aangedui het dat 10-15 minute 'n aanvaarbare responstyd in 'n noodgeval is, en 11% 20-30 minute as aanvaarbaar aangedui het. Die meerderheid van deelnemers in St Helenabaai (90%), Hopefield (80%) and Saldanha (80%) het 5-10 minute aangedui as 'n aanvaarbare responstyd vir polisie om teen misdaadsituasies op te tree. Die meerderheid van deelnemers in Laaiplek (71%) het 10-15 minute as 'n aanvaarbare responstyd aangedui.

IX) GPF-INSETTE IN DIE POLISIESTASIEPLANNE

Die meerderheid van deelnemers (54%) het aangedui dat die GPF's wel insette in die stasieplanne lewer, terwyl 40% aangedui het dat hulle nie weet of daar insette in die stasieplanne is nie, en 6% dat dit nie gebeur nie. In die geval van Redelinghuys (100%), Laaiplek (100%) en Saldanha (90%), het hulle aangedui dat hulle wel insette in die stasieplanne lewer, terwyl in St Helenabaai (90%) die meerderheid aangedui het dat hulle nie weet of die GPF insette lewer nie.

Die meerderheid van deelnemers (51%) het aangedui dat die GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word, terwyl 37% aangedui het dat hulle nie weet nie, en 4% dat hulle nie insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne toegewys word nie. Die meerderheid van deelnemers in Laaiplek (100%), Redelinghuys (83%), Saldanha (78%) en Eendekuil (75%) het aangedui dat die GPF's insette lewer. Die meerderheid van deelnemers in Langebaan (78%) and Darling (67%) het aangedui dat hulle geen idee het of die GPF's insette lewer oor die wyse waarop hulpbronne in hul areas deur die polisie toegewys word nie.

X) BYKOMSTIGE KOMMENTAAR MET BETREKKING TOT DIE VREDENBURG POLISIEKLUSTER

In **Darling** het deelnemers gevra dat 'n groter polisiestrasie gebou word.

In **Eendekuil** het een deelnemer vir meer motorfietse vir patrollies in landelike gebiede gevra. Deelnemers het ook versoek dat die polisiestrasie 24 uur per dag oop moet wees, en dat daar meer polisiebeamptes gedurende die nagskofte aan diens moet wees. Daar is vir verbeterings in die kantoorruimte by die gemeenskapsentrum en die toiletgeriewe by die polisiestrasie gevra. Deelnemers het ook genoem dat polisiebeamptes vriendeliker en meer hulpvaardig kan wees. Daar is vir groter polisiesigbaarheid in die plaasareas gevra, en vir 'n verbetering in die kommunikasie tussen die gemeenskap en die polisie.

In **Hopefield** het deelnemers genoem dat die area baie groot was en dat plase uitgeskakel word. Deelnemers het vir meer voertuie en personeel gevra. Deelnemers het ook gevra dat meer polisiebeamptes wat Afrikaans – die oorheersende taal van die gemeenskap – praat, in diens geneem word. Daar was ook 'n versoek vir meer administrasiepersoneel. Daar is gewys op 'n afname in polisiesigbaarheid in Maxwell Moss Square en die Pluto tot Vrede HOP-area, asook op plase en plotte. Daar was ook 'n versoek vir beter polisiestrasiegeriewe en verbeterde polisieverblyf.

Die deelnemers in **Laaipek** versoek dat meer gedissiplineerde en opgeleide polisiebeamptes in die polisiestrasie ontplooi word.

In **Langebaan** het deelnemers voorgestel dat die polisie nouer met ander wetstoepassingsagentskappe moet skakel. Meer voetganger- en perderuiterpolisie moet geïmplementeer word.

In **Moorreesburg** het deelnemers gemeld dat die area wat die polisie bedien, te groot vir die beskikbare personeel is. Baie deelnemers het die tekort aan polisievoertuie in die area gemeld. Daar is gewys op die behoefte om polisiebeamptes wat die taal van die gemeenskap praat, asook administratiewe personeel in diens te neem, en om die kantoorruimte soos benodig toe te rus.

Daar is beklemtoon dat dit nodig is om sjebiens te sluit ten einde alkohol- en dwelmverwante misdade in die area te beheer. Deelnemers het gevra dat polisiebeamptes beter opgelei moet word om gesinsgeweldsituasies te hanteer. Daar is gewys op 'n afname in polisiesigbaarheid in landelike areas in die algemeen, en veral op die plaasroete van die Hooikraal area, die Klopland tot Moorreesburg area, en gedurende naweke by die winkels. Deelnemers het die werk van die kolonel en die polisiepersoneel geprys, en gemeld dat hulle ondanks die tekort aan hulpbronne tevrede met die diens is.

In **Piketberg** het deelnemers versoek dat meer polisiepersoneel en meer voertuie beskikbaar gemaak word. Daar is ook vir beter ondersoek van sake gevra. Daar is gewys op 'n afname in polisiesigbaarheid in Langstraat en in die algemeen. Die behoefte om onwettige smokkelary te ondersoek, is ook beklemtoon.

In **Redelinghuys** het deelnemers op die behoefte aan 'n beter verhouding tussen die polisie en die gemeenskap gewys. Daar was ook 'n versoek vir meer polisievoertuie. Deelnemers het die werk van die speurders in die area geprys. Daar is gewys op 'n afname in polisiesigbaarheid in die plaasareas. Deelnemers het gevra dat die polisie beter gedissiplineerd moet wees, en ook vir opknappingskursusse om die houding van die polisie te verbeter.



In **Saldanha** het deelnemers versoek dat meer polisiepersoneel en meer voertuie beskikbaar gemaak word. Daar was 'n versoek vir meer reserviste, administratiewe personeel, en telefoonoperateurs. Daar was 'n versoek vir meer speurders en beter opleiding vir speurders. Daar is gewys op 'n afname in polisiesigbaarheid in sektore 1 en 2.

In **St Helenabaai** het deelnemers vir meer personeel en vaardiger beamptes gevra. Daar is gewys op die behoefte aan meer ruimte in die polisiestase, en aan 'n satellietpolisiestase in sektore. Daar is gewys op 'n afname in polisiesigbaarheid in Brittaniabaai, Sandy Point en Plakkerskamp, asook in sjebiens. Om polisie-aanspreeklikheid te verbeter, het deelnemers gevra dat bewusmakingsveldtogte in die gemeenskap gevoer word. Deelnemers het ook vir beter betrokkenheid by die gemeenskap gevra. Daar was 'n versoek vir 'n mobiele polisiestase in Laingville gedurende die feesseisoen.

In **Vredenburg** het deelnemers gemeld dat die area baie groot is, en het hulle vir groter polisiesigbaarheid en meer polisievoertuie gevra. Deelnemers het ook gemeld dat polisie nie altyd beskikbaar was om oproepe te neem nie, en dat polisiebeamptes nodig is wat al drie die tale van die gemeenskap kan praat. Daar is ook vir meer speurders, beter opgeleide personeel, en 'n groter polisiestase gevra.

4.11 SLEUTELBEVINDINGE

Hierdie afdeling bied die sleutelbevindinge van die studie, met die klem op geïdentifiseerde topprioriteitsmisdade, dikwels gemelde misdade, oorsake, skuldiges, slagoffers en voorgenome intervensies, sowel as ander geïdentifiseerde polisiëringsbehoefte.

Opsomming van kategorieë van topprioriteit misdaad vir die Wes-Kaap en ses munisipaliteite (gemeenskapspersepsies)						
Western Cape Province	Mat Wynland	Sentraal Karoo	City of Kaapstad	EDCC:	Overberg	Week: Koste
Aanranding ELB	Aanranding ELB	Aanranding ELB	Aanranding ELB	Huishoudelike geweld	Aanranding ELB	Aanranding ELB
Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe
Gewone aanranding	Gewone aanranding	Gewone aanranding	Gewone aanranding	Inbraak by woning	Gewone aanranding	Gewone aanranding
Gewone roof	Huishoudelike geweld	Huishoudelike geweld	Gewone roof	Gewone aanranding	Huishoudelike geweld	Huishoudelike geweld
Huishoudelike geweld	Moord Gewone roof	Gewone roof	Huishoudelike geweld	Gewone roof	Gewone roof	Gewone roof

Die tabel hierbo weerspieël die topprioriteitsmisdade wat deur die gemeenskappe as prioriteitsmisdade 1 geïdentifiseer is. Die tabel weerspieël die prioriteitsmisdade van die hele provinsie en die ses distriksmunisipaliteite (die Stad Kaapstad, Kaapse Wynland, Sentraal Karoo, Eden, Overberg en Weskus). Aanranding ELB is in al die distrikte behalwe die Eden distriksmunisipaliteit geïdentifiseer. Seksuele misdrywe, gewone roof, gesinsgeweld en gewone aanranding is in al die distrikte geïdentifiseer.

2 MEES DIKWELS HENOEMDE PRIORITEITSMISDAADKATEGORIEË VIR DIE WES- KAAP EN DIE DISTRIKSMUNISIPALITEITE

Die tabel hierbo weerspieël die prioriteitsmisdaadkategorieë wat, vanaf 1 tot 5, die mees dikwels deur die gemeenskappe genoem is. Die meeste van die dikwels genoemde misdade is as prioriteitsmisdade geïdentifiseer, behalwe vir inbraak by wonings, diefstal van 'n motorvoertuig, en veediefstal.

4.12 DIENSLEWERINGSKWESSIES

4.12.1 POLISIËRINGSBEHOEFTE EN PRIORITEITE (PBP's) GEÏDENTIFISEER

Opsomming van kategorieë van topprioriteit misdaad vir die Wes-Kaap en ses munisipaliteite (gemeenskapspersepsies)						
Western Cape Province	Mat Wynland	Sentraal Karoo	City of Kaapstad	EDCC:	Overberg	Week: Koste
Inbraak by woning	Huishoudelike geweld	Huishoudelike geweld	Huishoudelike geweld	Aanranding ELB	Aanranding ELB	Huishoudelike geweld
Huishoudelike geweld	Aanranding ELB	Aanranding ELB	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Aanranding ELB
Aanranding ELB	Inbraak by woning	Veediefstal	Inbraak by woning	Gewone aanranding	Huishoudelike geweld	Inbraak by woning
Seksuele misdrywe	Seksuele misdrywe	Inbraak by woning	Gewone aanranding	Gewone roof	Inbraak by woning	Seksuele misdrywe
Gewone aanranding	Gewone aanranding	Gewone aanranding	Gewone roof	Diefstal van 'n motorvoertuig	Gewone roof	Gewone aanranding

Die gemeenskappe in die Wes-Kaap Provinsie het vyf prioriteitsmisdade geïdentifiseer waaroor hulle in hul onderskeie gebiede veral begaan is. Hierdie is **Aanranding ELB, seksuele misdrywe, gewone aanranding, gewone roof** en **gesinsgeweld**. Benewens die prioriteitsmisdade wat geïdentifiseer is, het die betrokke gemeenskappe diefstal by wonings meer dikwels as enige misdaadkategorie genoem, alhoewel dit nie onder die top prioriteitsmisdade tel nie. Hierdie vyf geïdentifiseerde topprioriteitsmisdade kan die polisie met die beplanning van 'n misdaadvoorkomingstrategie op die provinsiale en plaaslike vlak help.

Die top vyf prioriteitsmisdade wat deur die plaaslike gemeenskappe geïdentifiseer is, moet vir die tydperk 1 April 2011 tot 31 Maart 2012 by die provinsiale operasionele prioriteite⁵⁴ van die SAPD ingesluit word. Dit sal die SAPD help om hulpbronne te ontplooi waar hulle die nodigste is.

II) DIENSLEWERINGSKWESSIES

Hierdie diensleweringskwessies verwys na daardie dienste wat gewoonlik deur die gemeenskapslede gebruik word.,



Dit sluit die toepaslikheid in van hulpbronne by die bekamping van misdaad, hulpbronbenutting, dienste gelewer deur die GDS, dienste gelewer deur die speurders, getuiebeskermingsprogram, polisie-sigbaarheid en responstyd, en verhoudings tussen gemeenskap en polisie.

Die meerderheid van die deelnemers in die Wes-Kaap is van mening dat die polisie-hulpbronne nie geskik is om misdaad in hul onderskeie gemeenskappe die hoof te bied nie. Die algemene persepsie is dat die meeste polisie-stasies **personeel- en voertuigtekorte** ervaar wat 'n stadige responstyd op misdaadsituasies tot gevolg het. Die GDS'e by sommige stasies is blykbaar baie klein en bied geen privaatheid aan traumaslagoffers nie. In die landelike areas is die lang afstande tussen gemeenskappe en polisie-stasies as 'n groot probleem geïdentifiseer. Dit beteken dat meer polisie-beamptes, voertuie en toerusting aan polisie-stasies toegesê moet word ten einde dienslewering te verbeter. Meer groter en gebruikersvriendelike polisie-stasies met afskortings moet gebou word om privaatheid aan klaers te verleen wat sake by die GDS'e rapporteer.

Wat die benutting van die hulpbronne betref, het meer as die helfte van die deelnemers aangedui dat die polisie-beamptes die hulpbronne doeltreffend benut. Die sleutelprobleem is die beperkte hulpbronne, wat nie in staat is om aan die behoeftes van die gemeenskappe te voldoen nie. Hier moet egter daarop gelet word dat deelnemers gemeld het dat sommige polisie-beamptes **die beperkte hulpbronne** vir hul persoonlike doeleindes **misbruik**. Deelnemers het versoek dat polisie-beamptes aanspreeklik gehou moet word vir wangedrag, en dat die aantal polisie-beamptes vermeerder moet word.

Die meerderheid van deelnemers is van mening dat daar genoeg polisie-beamptes by die Gemeenskapdienssentrums ontplooi is wat hofflik en hulpvaardig teenoor lede van die gemeenskap is. 'n Ernstige probleem wat by die GDS'e geïdentifiseer is, is die **taalkwessie** waar die ontplooi-beamptes by die GDS'e nie in die klaers se verkose taal kan kommunikeer nie. Meer opgeleide en toegewyde polisie-beamptes wat met klaers in hul huistaal kan kommunikeer, moet by die GDS'e ontplooi word. Opleiding in kommunikasie, die afneem van verklarings, en gebruik van rekenaars word aanbeveel vir polisie-beamptes wat by die GDS'e werk, om hulle in staat te stel om gemeenskapslede met respek te behandel.

Meer as die helfte van die deelnemers het hul tevredenheid met die diens van die speurders aangedui. Oor die algemeen is die deelnemers van mening dat met die beperkte hulpbronne tot hul beskikking die speurders hul uiterste bes doen. Party van die probleme wat die deelnemers geïdentifiseer het, is die **tekort aan vaardige speurders wat swak ondersoeke tot gevolg het, gebrek aan terugvoer aan die klaers, en die tyd wat dit neem om ondersoeke af te handel**.

Hierdie probleme laat blyk dat meer vaardige speurders gewerf moet word om die werkklas van speurders te verminder. Daarbenewens moet meer hulpbronne vir speurders voorsien word.

Met betrekking tot die getuiebeskermingsprogram het die meerderheid van die gemeenskappe aangedui dat hulle nie weet of misdaadgetuies beskerm word nie. Dit kan beteken dat **misdaadgetuies nie veilig is nie**, wat ontoereikende rapportering van misdaad tot gevolg kan hê. Dit kan wees dat getuies nie praat wanneer hulle misdaad sien gebeur nie, wat die vervolging van skuldiges kan strem. Om die getuiebeskermingsprogram te verbeter, beveel die deelnemers aan dat gemeenskapslede oor hierdie program en teenkorrupsiemaatreëls opgevoed moet word, en dat opvolgssessies met misdaadgetuies gehou moet word.

Om polisie sigbaarheid in die areas te verbeter, het die meerderheid van die deelnemers voorgestel dat daar **bedags en snags meer polisiepatrollies** moet wees. Daar moet egter op gelet word dat die meeste deelnemers meen dat **voetpatrollies** meer doeltreffend as polisievoertuie sal wees. Dit het aangedui dat meer stop-en-deursoek-aksies in die areas onderneem moet word. 'n Verdere aanbeveling is die volledige implementering van sektorpolisiëring in die gemeenskappe.

Die meerderheid van deelnemers stem saam dat die polisie binne **5 tot 10 minute** op 'n misdadaatsituasie moet reageer, aangesien dit die kans sal verbeter om getuies te bekom. Die responstyd na misdadaatsituasies sou deur polisie sigbaarheid en patrollies en meer polisievoertuie verbeter kon word.

Wat die verhouding tussen die gemeenskap en die polisie betref, weet die meeste deelnemers nie of die GPF's insette tot die stasieplan lewer, of hoedat hulpbronne by hul poliestasies toegesê word nie. Dit skep die indruk dat die meeste stasiebevelvoerders nie GPF's toelaat om insette te lewer nie. Dit skep ook die indruk dat die stasiekommissarisse van die areas aangespoor moet word om die GPF's by die ontwikkeling van stasieplanne en hulpbronnetoedeling te betrek.

III) MIDDELEMISBRUIK

Nog 'n belangrike aspek wat 'n belangrike bydrae tot misdaad lewer en wat tydens die studie nagevors is, is middelemisbruik. Die meerderheid (88%) van gemeenskappe het erken dat middelemisbruik 'n probleem in hul areas is. Daar is 'n negatiewe persepsie dat die meeste polisiebeamptes deur sjebien-eienaars en dwelmbase omgekoop word. Die gemeenskappe beveel aan dat 'n gespesialiseerde eenheid geskep moet word om die dwelmprobleem die hoof te bied. Verder moet meer poliestrooptogte in vennootskap met die gemeenskapstrukture (GPF's, BW's, en munisipaliteite) uitgevoer word ten einde deursigtigheid deur die polisie te verseker.

4.12 SLOTSOM

Die SAPD se operasionele prioriteite moet in lyn met die geïdentifiseerde PBP's van die gemeenskappe wees. Die SAPD se operasionele kategorieë is te breed en spesifiseer nie watter spesifieke tipes geprioritiseer sal word nie. Die navorsing toon dat die hulpbronne by die meeste van die poliestasies nie geskik is om misdaad in gemeenskappe die hoof te bied nie. Die meeste poliestasies het 'n tekort aan hulpbronne soos personeel, voertuie en stasies self (in landelike areas).

'n Tekort aan polisie sigbaarheid in die gemeenskappe weens beperkte hulpbronne is geïdentifiseer. Daar is 'n behoefte om meer bekwame en toegewyde polisiebeamptes by die GPF's te ontplooi wat met die gemeenskappe in hul huistaal kan kommunikeer, en dit moet geprioritiseer word aangesien dit dienslewering by poliestasies affekteer.

Die gemeenskappe het nie vertrou in die getuiebeskermingsprogram nie. Die strafregstelsel moet opvoedingsessies aan gemeenskapslede bied om gemeenskappe te help om hierdie program te verstaan.

Dit is nodig om die beeld van die polisediens te transformeer. Die polisiebeamptes moet toegewyd wees en mense in hul onderskeie poliestasies met respek te behandel. In die stryd teen misdaad moet die polisie nie in isolasie werk nie. Daar moet vennootskappe met ander wetstoepassingsagentskappe, gemeenskapstrukture, sakesektors ens. gevestig te word.



4.13 AANBEVELINGS

Op grond van die bogenoemde bevindinge word 'n aantal aanbevelings aan die Departement gedoen:

- W) Dat die bevindinge van hierdie verslag in die provinsiale en plaaslike SAPD- jaarplanne vir die 2011/12 finansiële jaar geïnkorporeer word.
- X) Dat Gemeenskapspolisiëringsforums gehelp word om aanwysers te ontwikkel om polisieprestasie op die plaaslike vlak te monitor.
- Y) Dat die SAPD 'n strategie ontwikkel om die probleem van wapens en skerp voorwerpe die hoof te bied aangesien dit gebruik word om prioriteitsmisdade soos aanranding ELB te pleeg.
- Z) Om bewustheid binne gemeenskappe aangaande die Getuiebeskermingsplan te bevorder en op te skerp ten einde lede van die gemeenskap aan te spoor om in die vervolging van misdadigers te getuig.
- AA) Dit is nodig om die ontwikkeling van die vaardighede van speurders voort te sit, veral met betrekking tot die ondersoek van misdade soos gesinsgeweld en seksuele misdrywe.
- BB) Verhoog die vaardighede van speurders om bewyse te versamel en aan te teken, en om bewyse te prosesseer ten einde sterk en vervolgbare sake te bou. Dit sal die aantal gevalle wat voor die hof gebring word vermeerder, sowel as die aantal skuldigbevindings wat bereik word.
- CC) Dat sektorpolisiëring voldoende toegerus en bevorder word en die nodige ondersteuning ontvang ten einde responstye te verbeter en polisiesigbaarheid te bevorder.
- DD) Dat Stasiebevelvoerders bewus gemaak word van die noodsaaklikheid dat GPF's gebruik word vir insette in die stasie en planne vir die benutting van hulpbronne met betrekking tot onderskeie polisieostasies.
- EE) 'n Strategie vir die vermindering van onwettige dwelmvoorsiening moet met die hulp van ander vennote deur die SAPD ontwikkel en geïmplementeer word.
- FF) Die rol van georganiseerde misdaadsindikate en bendes as die dryfvere agter misdaad, meer spesifiek misdaad waarby dwelmmisbruik en geweld binne die Wes-Kaap Provinsie gemeoid is, kan nie onderskat word nie. Gevolglik is dit nodig vir alle polisiëringsagentskappe om op die beste maniere te fokus waarop die impak van georganiseerde misdaad en bendes geneutraliseer of verminder kan word.

3.5 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Die studie is beperk tot die polisiëringsbehoefte en -prioriteite van die volwaardige polisiestasies in die provinsie. Dit neem dus nie die verskille in ag wat binne die verskillende sektore in 'n polisiegebied mag bestaan nie. Alhoewel die GPF-strukture die wettige verteenwoordigers van die gemeenskap is om die PBP's te identifiseer, was die fokusgroepe nie altyd verteenwoordigend van die hele gemeenskap nie.

Die verhouding tussen die GPF-strukture en die SAPD-bestuur kan ook die response beïnvloed wat gegee word. 'n Hegte verhouding kan tot positiewe response lei, terwyl 'n swak verhouding negatiewe response kan ontlok. Ten einde die bogenoemde beperkinge teen te werk, is die bevindinge waar moontlik met ander studies getrianguleer.

Een van die hoofpunte van hierdie verslag is om die SAPD se jaarplan te beïnvloed. 'n Diepgaande studie van hierdie aard vereis meer tyd en 'n baie groter begroting. Alhoewel die verslag kommentaar op polisiëringsbehoefte en -prioriteite tot op die plaaslike polisiestasiëvlak gelewer het, is die waarde van die verslag van toepassing op die breë temas wat dit aanroer.

LITERATUUR GERAADPLEEG

- XX) Sensusdata 2001, *Population Aggregated Police Precincts Boundaries South African Police Service*, 2001
- YY) Uniforme Grondwet van die Gemeenskapspolisieforum, Wes-Kaap Departement van Gemeenskapsveiligheid, 2004
- ZZ) Gemeenskapsoorsig 2007, Statistiese Vrstelling P0301.1, Pretoria, Stats-SA, Statistiek Suid-Afrika, 2007
- AAA) Barometer vir Gemeenskapsveiligheid, Atlantis Polisiegebied Loodsprojek, Wes-Kaap Departement van Gemeenskapsveiligheid, November 2009/10
- BBB) Modernisering van die Sekretariaat vir Veiligheid en Sekuriteit, Konsep, Departement van Gemeenskapsveiligheid, 15 Oktober 2010
- CCC) Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie, Opsomming, Interdepartementele Strategiespan, 1996
- DDD) Nasionale Slagofferoversig 2007, Instituut vir Sekerheidstudies, 8 Mei 2008
- EEE) Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne, Kaapse Wynland, Sentraal Karoo, Eden, Overberg, Weskus 2007-2011
- FFF) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Verslag oor die Identifisering van Polisiëringsbehoefte en -Prioriteite in die Wes-Kaap Provinsie, 2009/10 ongepubliseer.
- GGG) Suid-Afrikaanse Polisie Jaarverslag 2009/10
- HHH) Suid-Afrikaanse Polisie Prestasieplan, Suid-Afrikaanse Polisie, 2010/11
- III) Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, Uitgawe nr. 38, Kaapstad: Staatsdrukker
- JJJ) Die Status van Kaapstad, Ontwikkelingsoorsig, 2005
- KKK) D Weatherburn, Economic adversity on crime trends and issues in crime and criminal justice no 40, 1992
- LLL) Dutton Eli, Nickson Dennis, Warhust Chris, The importance and appearance in the service encounter in retail and hospitality, *Managing Service Quality*, 2005
- MMM) Wes-Kaap SAPD Prestasieplan, Jaar van Gemeenskapdienssentrums, SAPD, 2010/11
- NNN) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Provinsiale Misdaadoversig, 2010/11, ongepubliseer
- OOO) Wes-Kaap Provinsiale Maatskaplike Transformasie Strategiese Raamwerk vir Bendevoorkoming en Intervensie, Departement van Gemeenskapsveiligheid, Julie 2008, Wes-Kaap
- PPP) Witskrif oor Transformasie van Dienslewering, Departement van Openbare Dienste en Administrasie, 1997
- QQQ) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Veiligheidsmonitor oor kriminele ekonomie, bendes en kindermishandeling in die Wes-Kaap, Tydskrif 1 van 2003, ongepubliseer
- RRR) Departement van Gemeenskapsveiligheid, Geleentheidspublikasie oor die rol van die Departement van Gemeenskapsveiligheid om die probleme van Xenofobiese geweld in die Wes-Kaap die hoof te bied. 8 Julie 2010, *In Loco*-verslag 2010, ongepubliseer
- SSS) *City is a stab capital*, *Cape Argus*, 10 November 2010, Bronwynne Jooste
- TTT) Die Sentrum vir die Studie van Geweld en Versoening (SSGV), Tackling Armed Violence, Maart 2010.
- UUU) *United Kingdom woman gets killed in Gugulethu*, *Cape Times*, 16 November 2010

BYLAE A

IDENTIFISERING VAN POLISIËRINGSBEHOEFTE EN PRIORITEITE (PBP's) IN DIE WES-KAAP PROVINSIE INDIVIDUE MET 'N BELANGSTELLING IN DIE POLISIËRINGSVRAELYS



DATUM VAN VERGADERING	TYD VAN VERGADERING	FASILITEERDER SE NAAM	VRAELYS NOMMER

NAAM VAN POLISIESTASIE			
IS JOU ORGANISASIE BY DIE GPF GEAFFILIEER	JA <input type="checkbox"/>	NEE <input type="checkbox"/>	
SEKTORNOMMER			
GESLAG	MANLIK <input type="checkbox"/>	VROULIK <input type="checkbox"/>	

INLEIDING EN AGTERGROND TOT DIE STUDIE

- UUU) Die Departement van Gemeenskapsveiligheid is besig om die polisiëringsbehoefte en prioriteite te identifiseer soos deur die gemeenskappe van die Wes-Kaap bepaal.
- VVV) Die oorsig fokus op polisiestasies in die Wes-Kaap Provinsie.
- WWW) Hierdie studie word jaarliks onderneem, en die bevindinge word in die jaarlikse prestasieplan van die SAPD ingesluit om te verseker dat die SAPD se verrigting in lyn is met die polisiëringsbehoefte van die gemeenskap.
- XXX) Data word d.m.v. 'n selfvoltooiingsvraelys ingesamel deur individue met 'n belangstelling in polisiëring.
- YYY) Gebruik asseblief drukskrif wanneer u die vraelys voltooi.
- ZZZ) Die fasiliteerder sal alles kan verduidelik wat nie duidelik is nie of wat moeilik is om te verstaan. Vra asseblief indien jy onseker is oor wat om te doen.
- AAAA) Onthou asseblief dat daar geen korrekte of verkeerde antwoorde vir die vrae is nie. Jou antwoord is vir ons belangrik, en ons wil graag hê dat jy openhartig en eerlik moet wees wanneer jy die vrae beantwoord.
- BBBB) Die vraelys behoort omtrent 45 minute te neem om te voltooi.
- CCCC) Dankie dat jy gewillig is om met hierdie proses te help.



V1 PRIORITEITSMISDADE

V1.1 As jy aan die area dink waar jy woon, wat is die vyf prioriteitsmisdade in die area? Met prioriteitsmisdade bedoel ons dié waaraan die SAPD die meeste aandag moet gee, of die misdaad wat die mees dikwels in jou area / gemeenskap plaasvind.

V1.2 Rangskik asb. die vyf prioriteitsmisdade wat in jou area geïdentifiseer is, **1 = nommer een prioriteit; 2 = tweede prioriteit; 3 = derde prioriteit; 4 = vierde prioriteit en 5 = vyfde prioriteit.**

MISDAADKATEGORIE	V1.1: PRIORITEITS MISDADE	V1.2: RANGSKIKKING VAN PRIORITEITSMISDADE
Aanranding ELB (gewelddadige aanval om ernstige besering aan die persoon se liggaam te veroorsaak)	1	
Seksuele misdrywe (verkragting / seksuele aanranding / seksuele teistering)	2	
Gewone aanranding (gewelddadige aanval met geen liggaamlike beserings, met inbegrip van straat- /bendegeweld)	3	
Gesinsgeweld (seksueel, fisies, agtervolging, emosionele of enige wangedrag wat in 'n huis of 'n gesin of verhoudings tussen eggenote of geselle plaasvind)	4	
Moord	5	
Gewone roof	6	
Gewapende roof	7	
Kaping	8	
Diefstal van 'n motorvoertuig	9	
Diefstal uit 'n motorvoertuig	10	
Inbraak by woning (by jou huis inbreek en steel terwyl jy weg is)	11	
Roof by woning (by jou huis inbreek en steel terwyl jy aanwesig is)	12	
Inbraak by sakeperseel (by jou sakeperseel inbreek en steel terwyl jy weg is)	13	
Roof by sakeperseel (by jou sakeperseel inbreek en steel terwyl jy aanwesig is)	14	
Gewone diefstal	15	
Veediefstal	16	
Bedrog	17	
Ander Vigilantisme (mense wat die reg in eie hande neem) Xenofobie (sterk weersin jeens ander mense van ander lande) ens.		

V1.3 Behalwe vir die misdaadkategorieë hierbo gelys, kom daar enige ander misdade in jou area / gemeenskap voor wat jy wil opper of uitlig?

.....

.....

V1.4 Het jy ooit 'n misdaad by 'n polisiestatie gerapporteer?

JA		NEE	
----	--	-----	--

V2 POLISIEHULPBRONNE

V2.1 Hoeveel polisiebeamptes is aan die polisiestasie in jou area toegewys?

AANTAL POLISIEBEAMPTES	
WEET NIE	

V2.2 Hoeveel polisievoertuie is aan jou area toegewys?

AANTAL POLISIEVOERTUIE	
WEET NIE	

V2.3 Is hierdie hulpbronne geskik om misdaad in die gemeenskap die hoof te bied?

JA	NEE

V2.3.1 Verduidelik asseblief waarom jy ja of nee sê.

.....

.....

V2.4 Is hierdie hulpbronne toeganklik vir die gemeenskapslede?

JA	NEE

V2.4.1 Verduidelik asseblief waarom jy ja of nee sê.

.....

.....

V2.5 Word hierdie hulpbronne doeltreffend benut?

JA	NEE

V2.5.1 Verduidelik asseblief waarom jy ja of nee sê.

.....

.....



Wat kan gedoen word om die toewysing en benutting van hulpbronne in jou area te verbeter?

HULPBRONKATEGORIE	V2.6
Ontplooï meer polisiebeamptes by die Gemeenskapdienssentrum	1
Neem meer toegewyde polisiebeamptes in diens	2
Vermeerder die aantal polisievoertuie	3
Ander: Spesifiseer	

V3 DIENSLEWERING BY DIE GEMEENSKAPSDIENSSENTRUM (GDS)

3.1 Is daar genoeg polisiebeamptes wat mense by die Gemeenskapdienssentrum (GDS) help?

JA	NEE

V3.2 Is die polisiebeamptes in die GDS hoflik en hulpvaardig teenoor die gemeenskapslede?

JA	NEE

V3.3 Wanneer moet die klaers by die GDS van saaknommers voorsien word?

ONMIDDELLIK	BINNE 24 UUR	MEER AS 24 UUR	WEET NIE

V3.4 Wat sou gedoen kon word om dienslewering by die gemeenskapdienssentrum (GDS) te verbeter?

.....

.....

V4 SPEURDIENSTE

V4.1 Weet jy hoeveel speurders aan die polisiestasie in jou area toegewys is?

AANTAL SPEURDERS	
WEET NIE	

Q4.2 Is jy tevrede met die diens wat deur die speurders gelewer word?

JA	NEE

V4.2.1 Verduidelik asseblief waarom jy ja of nee sê.

4.3 Wat kan gedoen word om die diens te verbeter wat die speurders in jou area lewer?

DIENSLEWERINGSKATEGORIE	V4.3
Meer en beter opleiding vir die speurders	1
Verminder die speurders se werklas	2
Werf vaardiger speurders	3
Voorsien die speurders van meer hulpbronne, bv. selfone, kantore, voertuie ens.	4
Ander (spesifiseer)	5

V4.4 Is jy bewus van die getuiesbeskermingsprogram?

JA	NEE

4.5 Dink jy dat die polisie in jou area die getuies in strafsake beskerm?

JA	1
NEE	2
WEET NIE	3

V4.5.1 Wat sou gedoen kon word om die getuiesbeskermingsprogram te verbeter?

.....



V5. POLISIESIGBAARHEID

V5.1 Watter spesifieke area/s in die area het 'n gebrek aan polisiesigbaarheid?

.....

.....

V5.2 Hoe dikwels sou jy wou sien dat die polisie patrollies in jou area doen?

ETLIKE KEER PER DAG	EENMAAL PER DAG	ETLIKE KEER PER WEEK	ETLIKE KEER PER MAAND	24 UUR/7 DAE
1	2	3	4	5

V5.3 Wat kan gedoen word om polisiesigbaarheid in jou area te verbeter?

DIENSLEWERINGSKATEGORIE	V5.3
Meer polisiebeamptes wat gedurende die dag patrollies doen	1
Meer polisiebeamptes wat gedurende die nag patrollies doen	2
Meer polisiebeamptes wat patrollies gedurende die dag en nag doen	3
Meer stop-en-deursoek-aksies in die area	4
Volle implementering van sektorpolisiëring in die area	5
Ander (spesifiseer)	6

V5.4. Hoe lank dink jy het die polisie nodig om te respondeer nadat hulle vir elkeen van die volgende situasies uitgeroep is?

MISDAADSITUASIES	5 – 10 MINUTE	10 – 15 MINUTE	15 – 20 MINUTE	20 – 30 MINUTE	30-60 MINUTE
Om by 'n noodgeval te help	1	2	3	4	5
	30 MINUTE	1 UUR	12 UUR	24 UUR	48 UUR
Om te help nadat 'n misdaad reeds gepleeg is	1	2	3	4	5

V5.5 Wat kan gedoen word om die polisie-responstyd op oproepe om hulp te verbeter?

DIENSLEWERINGSKATEGORIE	V5.4
Vermeerder die aantal voertuie wat in die gemeenskap/area beskikbaar is	1
Verhoog polisiesigbaarheid/patrollies in die gemeenskap/area	2
Ander (spesifiseer)	3

**V6:
POLISIETOEREKENBAARHEID**

V6.1 Gee die polisie aan die GPF's rekenkap van hoedat hulpbronne benut word?

JA	NEE	WEET NIE

V6.2.1 Verduidelik asseblief waarom jy ja of nee sê

.....

.....

V6.2.2 Lewer die GPF insette oor die wyse waarop hulpbronne in jou area deur die polisie toebedeel word?

JA	NEE	WEET NIE

V6.2.2.1 Verduidelik asseblief waarom jy ja of nee sê

.....

.....

V6.2.3 Lewer die GPF insette in die polisiestasieplan van die area?

JA	NEE	WEET NIE

V6.2.3.1 Verduidelik asseblief waarom jy ja of nee sê

.....

.....

V6.4 Doen die polisie in jou area die volgende?

	JA	NEE	WEET NIE
Woon die GPF-vergaderings by	1	2	3
Verskaf inligting oor misdaad- en polisiëringskwessies in jou area by die GPF-vergadering	1	2	3

V6.5 Wat kan na jou mening gedoen word om polisietoerekenbaarheid in jou area te verbeter?

.....

.....



V:7 MIDDELEMISBRUIK

V7.1 Is middelemisbruik na jou mening 'n probleem in jou area?

JA	NEE	WEET NIE

V7.1.1 Indien ja, is jy tevrede met die manier waarop die polisie teen onwettige sjebiens en dwelmafsetpunte in jou area optree?

JA	NEE	WEET NIE

V7.1.2 Wat kan die polisie doen om van onwettige sjebiens en dwelmafsetpunte in jou area ontslae te raak?

.....

.....

V7.2 Wat kan verder gedoen word om die probleem van dwelmmisbruik in jou area die hoof te bied?

.....

.....

V8 Ten slotte wil ons graag hê dat jy enige ander kwessies moet opper wat jy dink van belang is met betrekking tot dienslewering deur die polisie in jou area?

.....

.....

**DANKIE VIR JOU TYD EN MOEITE BY DIE VOLTOOIING VAN HIERDIE VRAELYS.
JOU INSETTE WORD HOOG OP PRYS GESTEL!**

BYLAE B:

ALFABETIESE LYS VAN POLISIESTASIES IN DIE WES-KAAP PROVINSIE

Albertinia
Ashton
Athlone
Atlantis
Barrydale
Beaufort Wes
Belhar
Bellville
Bellville Suid
Bishop Lavis
Bonnievale
Bothasig
Brackenfell
Bredasdorp
Caledon
Calitzdorp
Kampsbaai
Kaapstad Sentraal
Ceres
Citrusdal
Clanwilliam
Claremont
Cloetesville
Conville
Da Gamaskop
Darling
De Doorns
De Rust
Delft
Dieprivier
Doringbaai
Durbanville
Dysselsdorp
Eendekuil
Elandsbaai
Elsiesrivier
Vishoek
Franschhoek
Gansbaai
Genadendal
George
Goodwood
Gordonsbaai
Graafwater
Grabouw
Grassy Park
Groot Brakrivier
Groot Drakenstein
Gugulethu
Harare

Heidelberg (WK)
Hermanus
Hopefield
Houtbaai
Kensington
Khayelitsha
Kirstenhof
Klapmuts
Klawer
Kleinmond
Kleinvei
Knysna
Kraaifontein
Kuilsvier
Kwanokuthula
Kwanonqaba
Laaiplek
Ladismith
Laingsburg
Lambertsbaai
Langa
Langebaan
Lansdowne
Leeu-Gamka
Lingulethu Wes
Lutzville
Lwandle
Macassar
Maitland
Malmesbury
Manenberg
Mbekweni
Mac Gregor
Melkbosstrand
Mfuleni
Milnerton
Mitchells Plain
Montagu
Moorreesburg
Mosselbaai
Mowbray
Muizenberg
Murraysburg
Napier
Nuwerus
Nyanga
Ocean View
Oudtshoorn
Paarl
Paarl Oos

Pacaltsdorp
Parow
Philadelphia:
Philippi
Philippi Oos
Piketberg
Pinelands
Plettenbergbaai
Porterville
Prince Albert
Prince Alfred Hamlet
Ravensmead
Rawsonville
Redelinghuys
Riebeeck Wes
Riversdal
Riviersonderend
Robertson
Rondebosch
Saldanha
Saron
Seepunt
Simonstad
Somerset-Wes
St Helenabaai
Stanford
Steenberg
Stellenbosch
Stilbaai
Strand
Strandfontein
Struisbaai
Suurbraak
Swellendam
Tafelbaai Hawe
Tabel View
Thembalethu
Touwsrivier
Tulbagh
Uniondale
Vanrhynsdorp
Villiersdorp
Vredenburg
Vredendal
Wellington
Wolseley
Woodstock
Worcester
Wynberg



